# 'N PRINSIPIËLE EN EMPIRIESE ONDERSOEK NA DIE HUIDIGE STAND VAN GODSDIENSONDERRIG IN DIE TRANSVAALSE SEKONDÊRE SKOLE.

deur

HENDRIK CHRISTOFFEL STANDER
(B.A.; B.Ed.)

Verhandeling voorgelê ter gedeeltelike
voldoening aan die vereistes vir die graad

MAGISTER EDUCATIONIS

in die

Fakulteit Opvoedkunde aan die
Potchefstroomse Universiteit vir
Christelike Hoër Onderwys

Studieleier: Prof. dr. J.H. van Wyk

POTCHEFSTROOM. OKTOBER 1973.

## DANKBETUIGING

Graag wil ek hiermee my innige dank en waardering uitspreek teen= oor Prof. dr. J.H. van Wyk onder wie se leiding ek hierdie verhan= deling begin en voltooi het. U was vir my 'n inspirasie terwyl ek met hierdie studiestuk besig was.

Aan ons geagte Direkteur van Onderwys, dr. A.L.Kotzee my opregte dank vir die toestemming deur sy departement aan my verleen om die vraelyste aan die skole te stuur.

My opregte dank en waardering aan die hoofde, Godsdiensonderrig= onderwysers en die leerlinge van die betrokke skole wat vir hier= die navorsingsprojek uitgesoek was. U samewerking word ten seer= ste waardeer.

Aan Mev. P.W. Voges 'n hartlike dank vir die leen van haar rekenma= sjien wat die persentasieverwerkings so glad en foutloos en met die minimum tyd kon laat geskied.

Baie dankie my liewe eggenote vir die baie offers wat jy so vry= williglik ten behoewe van my studie moes bring.

Graag dra ek hierdie werk op aan my eggenote as 'n blyk van waarde= ring vir haar gewaardeerde bystand.

Spreuke 3:6 „Ken Hom in al jou weë, dan sal Hy jou paaie gelyk maak."

Oktober 1973. Aan God alle eer!

H.C. STANDER.

# I N H O U D S O P G A W E

## HOOFSTUK 1

## 1. PROBLEEM EN TAAKSTELLING

Bl.

1.1 Wat is Godsdiensonderrig? .......................... 1
1.2 Godsdiensonderrig se plek in die vroeëre geskiedenis van die Afrikaner ................................ 2
1.3 Die Afrikaner se oortuiging van Godgeroepenheid ... 5
1.4 Die opvoedingstaak ................................ 5
1.5 Die belangrikheid van Godsdiensonderrig ........... 8
1.5.1 Die uitwerking van die sonde op die mens ... 8
1.5.2 Wat is die hoogste doel van die aardse lewe? 8
1.5.3 Die opvoedeling ............................ 9
1.6 Die belangrikheid van Godsdiensonderrig op die sekondêre skool ..................................... 12
1.7 Die belangrikheid van die metode van aanbieding by die Godsdiensonderrig ............................ 15
1.8 Die plek wat Godsdiensonderrig behoort in te neem.. 15
1.9 Bedenkinge ........................................ 20
1.10 Ondersoek - dit wil sê doel en metode wat gevolg gaan word ........................................ 21
1.10.1 Die doel van hierdie ondersoek ........... 21
1.10.2 Metode wat gevolg gaan word .............. 23

## HOOFSTUK 2

2. Kriteria waaraan Godsdiensonderrig moet beantwoord .... 24
2.1 Vereistes wat die Skrif self stel ................ 24
2.2 Vereistes van Wet 39 van 1967 .................... 28

Bl.


2.2.1 Bespreking en vertolking van die Wet ..... 28

2.3 Die eise van die ouers ten opsigte van die Gods=diensonderrig aan die skool .................... 29

2.4 Die eise wat die kerk geregtig is om te stel ten opsigte van Godsdiensonderrig aan die skool ..... 32

2.5 Die eise wat die staat stel aan die skool met be=trekking tot Godsdiensonderrig ................ 35

2.6 Vereistes van die Transvaalse Onderwysdeparte=ment soos blyk uit sekere omsendbriewe .......... 40

2.7 Vereistes van die Transvaalse Onderwysdeparte=ment soos blyk uit die Handboek van Instruksies aan skoolhoofde ............................ 45

2.8 Vereistes wat Ordonnansie nr. 29 van 1953 stel ten opsigte van Godsdiensonderrig .............. 46

2.9 Die Psigologies-Pedagogiese eise ten opsigte van Godsdiensonderrig ............................ 50

2.9.1 Die godsdiens van die klein kind (tot 5 jaar) ................................ 50

2.9.2 Godsdiensonderrig van die ses- en seweja=rige ................................ 51

2.9.3 Die agt- en negejarige kind .............. 53

2.9.4 Die tien- en elfjarige kind .............. 53

2.9.5 Die twaalf- en dertienjarige kind ........ 54

2.9.6 Die sekondêre skoolkind .................. 55

2.10 Die situasie van die moderne kind .............. 59

2.10.1 Die gees van die tyd ..................... 59

2.10.2 Die godsdienstige opvoeding van die mo=derne kind ............................. 63

2.10.3 Die eise wat al bogenoemde aan die moderne opvoeder stel ........................... 66

2.11 Kriteria waaraan die Godsdiensonderrig hedendaags moet beantwoord (samevattend gestel) ........... 70

Bl.

2.11.1 Vereistes wat die Skrif stel............ 70

2.11.2 Vereistes van Wet 39 van 1967 ........... 70

2.11.3 Die eise van die ouers ten opsigte van die Godsdiensonderrig ...................... 71

2.11.4 Die eise wat die kerk geregtig is om te stel ten opsigte van Godsdiensonderrig aan die skool ........................ 71

2.11.5 Die eise wat die staat stel aan die skool met betrekking tot Godsdiensonderrig .... 72

2.11.6 Vereistes van die Transvaalse Onderwysde= partement soos blyk uit sekere omsend= briewe ............................... 72

2.11.7 Vereistes van die Transvaalse Onderwysde= partement soos blyk uit die Handboek van Instruksies aan skoolhoofde ............. 73

2.11.8 Vereistes wat Ordonnansie 29 van 1953 stel ten opsigte van Godsdiensonderrig .. 73

2.11.9 Die psigologies-pedagogiese eise ten op= sigte van Godsdiensonderrig aan die se= kondêre skool ......................... 74

2.11.10 Die eise wat die moderne kind aan die Godsdiensonderrig stel ................ 75

2.11.11 Vereistes wat die vak Godsdiensonderrig aan die moderne opvoeder stel........... 75

## HOOFSTUK 3

3. 'n Empiriese ondersoek na die stand van sake in die prak= tyk van die Godsdiensonderrig in Transvaalse sekondêre skole .............................................. 77

3.1 Eise van 'n wetenskaplike vraelys ............... 77

Bl.

3.2 Beginsels by die opstel van 'n wetenskaplike vraelys ........................................ 77

3.3 Prosedure wat deur die ondersoeker by die same=stelling van 'n wetenskaplike vraelys behoort ge=volg te word .................................... 78

3.4 Die Questionnaire ................................ 79

3.4.1 Vraelys 1 Aan Godsdiensonderrigonderwy=sers .......................... 80

3.4.2 Samevattend ................................ 102

3.4.3 Vraelys 2 Afdeling A, B en C vir stan=derd 6-10 leerlinge .......... 105

3.4.3.1 Vraelys 2(a) Inhoudsvrae vir standerd 6-10 leer=linge ............ 121

3.4.3.2 Vraelys 2(b) Betekenisvrae vir standerd 6-10 leer=linge ............ 147

## HOOFSTUK 4

4. Evaluering van die huidige stand van Godsdiensonderrig aan die hand van gestelde kriteria .................... 166

4.1 Getoets aan die Skrifkriterium .................. 166

4.2 Getoets aan die vereistes van Wet 39 van 1967 ... 167

4.3 Getoets aan die eise wat die ouers mag stel aan die Godsdiensonderrig ............................ 167

4.4 Getoets aan die eise wat die kerk geregtig is om te stel ten opsigte van die Godsdiensonderrig aan die skool .................................. 168

4.5 Getoets aan die eise wat die staat geregtig is om te stel ten opsigte van die Godsdiensonderrig. 168

4.6 Getoets aan die eise van die Transvaalse Onder=wysdepartement soos blyk uit sekere omsendbriewe. 169

Bl.

4.7 Getoets aan die eise van die Transvaalse Onder=wysdepartement soos blyk uit die Handboek van Instruksies aan skoolhoofde ................. 171

4.8 Getoets aan die eise wat Ordonnansie 29 van 1953 ten opsigte van Godsdiensonderrig stel ... 171

4.9 Getoets aan die psigologies-pedagogiese eise ten opsigte van die Godsdiensonderrig ............ 172

4.10 Getoets aan die eise wat die moderne kind aan die Godsdiensonderrig stel ................... 173

4.11 Die opvoeder getoets aan die eise wat al boge=noemde aan hom stel ........................ 174

HOOFSTUK 5

5. Aanbevelings ter verbetering van die Godsdiensonderrig in Transvaalse Afrikaanse sekondêre skole ........... 176

5.1 Leemtes ........................................ 176

5.2 Aanbevelings ................................... 177

HOOFSTUK 6

SAMEVATTING .............................................. 181

SYNOPSIS ................................................. 183

GERAADPLEEGDE BRONNE .................................... 185

„BYLAE A" ................................................ 192

„BYLAE B" ................................................ 200

„BYLAE C" ................................................ 213

# HOOFSTUK I

## 1. PROBLEEM EN TAAKSTELLING

### 1.1 Wat is Godsdiensonderrig?

Onder die term Godsdiensonderrig word verstaan diens aan die ware God en hiervoor is nodig 'n sekere en gewisse kennis van God met 'n vaste vertroue op sy groot en wonderlike genade vir 'n gevalle sondaar. Hierdie sekere en gewisse kennis van God kan alleenlik bekom word uit die Bybel waarin God Hom aan ons openbaar. Uit die Skrif leer ons ook dat die jongeling sy pad slegs suiwer kan hou deur dit te hou na die Woord van God.[1)]

Kennis van die Heilige Skrif is dus vir die gelowige noodsaak=lik en dit impliseer ook insig in die doel, aard en sin daar=van.[2)]

Die mens moet nie net die kennis van die Heilige Skrif besit nie, maar moet ook doen wat God ons in sy woord beveel. Die Goddelike eis is dat die mens dader van die Woord moet wees.[3)]

Die verklaring wat ons in 'The Oxford English Dictionary' van die begrip Godsdiens vind, is: "One of the prevalent systems of faith and worship; human recognition of superhuman con=trolling power and especially of a personal God to obedience; effect of such recognition on conduct and mental attitude."[4)]

---

1) Ps. 119:9.
2) Van Wyk, J.H. Eksistensieteologie en Godsdiensonderrig, p.1.
3) Jak. 1:22.
4) Holmes, H. The problem of religious education in the state school with special reference to English-medium schools in the Transvaal, 89.

Godsdiensonderrig het 'n baie lang geskiedenis in ons skole, en uit hierdie geskiedenis blyk dit dat die term „Godsdiensonderrig" nie altyd dieselfde betekenis gehad het nie, soms is daarna verwys as geloofsleer, dan weer Bybelkennis of Godsdiensoefening wat beslis nie soseer as Godsdiensonderrig beskou kan word nie. Een feit staan egter vas en dit is dat die Woord van God in die skool van die Westerse wêreld reg van die begin van ons jaartelling sy plek ingeneem het al was dit dan ook maar net deur middel van die belydenisskrifte van die Christelike kerke.[5)]

1.2 <u>Godsdiensonderrig se plek in die vroeëre geskiedenis van die Afrikaner</u>

Daar was tye in ons eie volksgeskiedenis, veral aan die begin van die volksplanting, dat Godsdiens so te sê die hele daaglikse skoolprogram omsluit het; so was die Bybel, die Psalm- en Gesangeboek, die Heidelbergse Kategismis en ander godsdienstige leerstof die enigste leerstof van die skoolonderwys.

Die Woord van God was ook die Trekkerpionier se rigsnoer. Daarop het hy sy ganse lewe gebou, en daarom kon hy staande bly te midde van 'n omringende barbaredom.

Die hoofdoel van die onderwys was dan om getroue aspirant-lidmate vir belydende lidmaatskap van die kerk voor te berei. Hierdie toestand het in sommige dele van ons land tot in die tweede helfte van die negentiende eeu voortgeduur. Met die ontwikkeling van skoolonderwys in die ou Kaapkolonie het die kennisvakke stadig maar seker Godsdiensonderwys verdring en moes laasgenoemde tevrede wees om ook maar nog een van die skoolvakke te wees. Toe De Mist egter met sy skoolorde kom, het Godsdiensonderrig van die daaglikse skoolprogram verdwyn en baie gou het daar stemme van protes opgegaan en die

---

5) Bingle, H.J.J. Metodiek van Godsdiensonderrig op die middelbare skool, p.7.

en die Bybel het weer sy regmatige plek in die skoolprogram ingeneem.

Anders was dit egter aan die ver uithoeke waar die Bybel die enigste hoofbron van opvoeding was. So vind ons dan tot teen die einde van die negentiende eeu skole met die Bybel as leer=middel.[6]

Na die onderwerping deur Engeland van die twee noordelike re=publieke is daar ten regte ook omgesien na die belange van die Engelse kind op ons skole en weens die verskil in leef=wyse en kultuur het die staat binne die eerste tien jaar van die twintigste eeu bepaal dat Bybelonderrig in skole as vak doseer sal word sonder om dogma te verkondig. Eintlik is dit wat vandag nog in ons skole in Transvaal bestaan. Subartikel 4 van Onderwysordonnansie nommer 29 van 1953 lees soos volg: „Geen bepaalde leer of dogma wat onderskeidend is van 'n be=sondere godsdienstige gesindte of sekte, mag in enige open=bare skool gedoseer word nie."[7] Wat egter hiermee verstaan moet word, is dat die Calvinistiesgesinde Godsdiensonderrig volgens sy belydenisskrifte mag ontvang; dit geld dan ook bv. die Anglikaanse kind.[8]

Die bedoeling van die onderwysordonnansie is om kerkisme uit die skole te weer. Daarom dat die Transvaalse [redacted] Onderwysdepartement die Godsdiensonderrigsillabus self opstel. Soos ons dit vandag in ons skole vind, word Gods=diensonderrig oor die algemeen, veral in die Afrikaanse sko=le, volgens die Calvinistiese lewensbeskouing, volgens die gemeenskaplike geloofsbelydenis, gegee.[9]

Die vraag wat hier pertinent op die voorgrond geplaas moet

---

6) Ibid., p. 8.
7) Onderwysordonnansie 29 van 1953, Subartikel 4.
8) Bingle, H.J.J. Ibid., p. 9.
9) Loc. cit.

word is dit: Word daar erns met Godsdiensonderrig in ons Transvaalse sekondêre skole gemaak? En verder: Hoe sien die verskillende instansies die saak van Godsdiensonderrig, dit wil sê die regering, die provinsiale owerhede, die Transvaal=se Onderwysdepartement, die hoof, die vakonderwyser, die kind en die ouers ?

Christelike onderwys beteken nie net dat Christelike Godsdiens=onderrig in die skool gedoseer word nie. Christelike onderwys im=pliseer dat elke aktiwiteit binne sowel as buitemuurs, op Christelike grondslag rus. Prof. Bingle vat dit soos volg saam: „Hierdie wêreld, die hele skepping, ook die mens met sy regsvorming, met sy kunsskepping, met sy hele geskiedenis, ook met sy kerk, met sy staat en politiek, met sy volksbou, gesinsvorming en maatskappyvorming, met sy hele lewe, ook sy natuurlike lewe - dit alles behoort aan God en staan in Sy diens en is bestem tot Sy eer en verheerliking. En Christus is nie net Verlosser en Saligmaker van die in sonde gevalle mens nie, maar ook Herskepper van die ganse heelal, Koning op alle terreine van menslike bedrywigheid, en nie net van sy kerk nie. En Gods Woord is nie net bedoel om die mens op die kruis van Christus te wys nie, maar belig die hele wê=reld. Dit is dan ook alleen die Calvinisme (Gereformeerde) wat ons totalitêre Christendom in alle konsekwensies die nood=saaklikheid insien van 'n Christelike wetenskap, 'n Christeli=ke politiek, 'n Christelike kuns, 'n Christelike ekonomie, ja van die Christianisering van die hele kultuur en nie net die noodsaaklikheid van 'n Christelike verlowing, 'n Christelike huwelik, 'n Christelike skool, 'n Christelike gesin, 'n Christe=like vakvereniging, ja van die Christianisering van die hele samelewing en hom nie net beywer vir en in 'n Christelike kerk nie."[10]

Dit is God se wil dat die mens hom volledig aan Sy diens moet

---

10) Bingle, H.J.J. Aspekte van C.N.O., p.4.

wy, dit wil sê in alles wat hy doen. Sy werk asook sy ontspanning moet Godgerig wees.[11]

1.3 Die Afrikaner se oortuiging van Godgeroepenheid

Die Afrikaner, en hierby gesê die Christen-Afrikaner, is daarvan bewus dat hy hier aan die Suidpunt van Afrika 'n Godopgelegde taak het, naamlik dat God hom hier aan die Suidpunt van Afrika geplant het om sy Woord uit te dra onder die miljoene heidene wat hom omring - en dat hy, soos Israel van ouds, 'n volk is wie se geskiedenis met die Ou Testamentiese volk van God groot ooreenstemming toon.

Dit is 'n geestelike kleinood wat diep gewortel is in ons volksbestaan, wat 'n vaste plek in selfs die oudste onderwys van die pioniers van hierdie land het, daarom is dit vir die Christen-Afrikaner vanselfsprekend dat sy skoolwese Christelik moet wees. Dit kan dus met reg gekonstateer word dat die Christelike skool 'n natuurlike uitvloeisel van sy lewens- en wêreldbeskouing was.[12]

1.4 Die opvoedingstaak

Daar is 'n drieërlei voorreg en plig in die opvoedingstaak opgesluit, sowel vir die ouers as vir die kinders, met betrekking tot die opvoeding in die algemeen en vir die godsdienstige in die besonder. Ten eerste gee die verbond van die genade aan ouers en onderwysers die reg, die vrymoedigheid en tewens die verpligting, om die kinders, wat hulle moet opvoed, as Christenkinders te beskou en te behandel.[13]

Ten tweede skenk die verbond van genade 'n sterk steun in die opvoeding by die bestryding van die kwaad, wat in die kinders

---

11) Van Wyk, J.H. en andere. Geloofsleer en Sedeleer. Leerboek vir standerd 10 leerlinge, p. 20.

12) Bingle, H.J.J. op. cit., p.5.

13) Bavinck, H. Bijbelsche en religieuze psychologie, p. 216.

se gedagte en luste in hul harte sy oorsprong het. Kwaad is nie net altyd van buite nie, maar het veral sy oorsprong in die hart van die mens, en moet daarom van die begin af teengestaan en in toom gehou word.[14]

'n Negatiewe opvoeding is in die reël volstrek onvoldoende. Tug, vermaning, waarskuwing, kastyding is in die opvoeding on= misbaar en behoort steeds in die gees van liefde te geskied.

Ten derde moet ouers die verbond van die genade ter harte neem, dat hulle kinders die belofte van die verbond in beginsel deel= agtig is totdat in hul latere lewe dit anders blyk uit hul le= wenswandel en belydenis.[15]

In die sekondêre skool moet die onderwyser dit sy doel sover moontlik stel om sy leerlinge tot ernstige ondersoek van fun= damentele vrae waarvoor die Christen alternatiewe antwoorde kan bied, te inspireer, maar nooit sodat hy sy eie Christen= beginsels daardeur sal verloën nie.[16]

Daar is egter 'n groot verskil tussen die primêre en sekondêre skoolkind. Waar die primêre skoolkind sommer alles wat hy op skool vertel word geredelik aanvaar, begin hy op die sekondêre skool met die probleme van die lewe worstel en aanvaar hy nie meer goedsmoeds dit wat nou aan hom vertel word nie. Dit kan veral van die vak Godsdiensonderrig gesê word. In die sekon= dêre skool vind ons leerlinge met die uiterste gedragsverskil= le, bv. fluksheid, traagheid, traakmynieagtigheid, selfsugtig= heid, selfstandigheid, opgewektheid, neerslagtigheid, ens. Dit is hierdie tydperk van die kind se lewe wat as die belang= rikste ontwikkelingsfase beskou moet word.

---

14) Ibid., p.217.
15) Loc. cit.
16) Alves, C. Religion and secondary school, p.31.

Hoe gaan hy anderkant uitkom ? Sal hy sy plek in die samele= wing kan inneem ? Of sal hy 'n totale mislukking wees ? Dit is veral in hierdie stadium waar die eie ek die oorheersende rol in sy lewe speel en dit is in hierdie stadium dat so baie hoekoms en waaroms na vore kom.[17)]

Daar rus dus 'n ontsaglike taak en verantwoordelikheid op die skouers van die opvoeder en dan veral op die skouers van die Godsdiensonderrigonderwyser.

Godsdiens is geen privaatsaak, waaroor elkeen mag dink wat hy wil nie, maar dit is 'n gebod van God. „Lê dan hierdie woorde van my weg in julle hart en in julle siel, en bind dit as 'n teken op julle hand en laat dit as 'n voorhoofsband tussen julle oë wees, en leer dit aan julle kinders deur daaroor te spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan."[18)]

Verder beveel die woord van die Here ons om sy gebod te onder= hou as 'n insetting vir ons en ons kinders tot in ewigheid.[19)]

Daar is ouers wat soos volg redeneer: Daar bestaan soveel ver= skillende godsdienste, belydenisse en kerke dat dit uiters moeilik is om 'n keuse te doen; kinders moet dus neutraal op= gevoed word en dan self later hul eie keuse doen.[20)]

Die bekende opvoedkundige, professor M.V.C. Jeffreys verklaar: "There are issues so fundamental that ostensible neutrality is illegitimate and real neutrality is impossible."[21)]

---

17) Bingle, H.J.J. Metodiek van Godsdiensonderrig op die middelbare skool, pp. 12,13.

18) Deut. 11:18-19.

19) Deut. 6:2.

20) Bavinck, H. Bijbelsche en religieuze psychologie, p.210.

21) Jeffreys, M.V.C. Beyond neutrality, p.1. (soos aangehaal deur Potgieter, F.J.M. in sy werk Prin= sipiële verantwoording ten opsigte van Christelike opvoeding, opvoedkunde en onderwys, p.3).

Dit is veral waar van die godsdiens. Jy is of 'n gelowige of 'n ongelowige, daar is beslis geen middeweg nie.

## 1.5 Die belangrikheid van Godsdiensonderrig

### 1.5.1 Die uitwerking van die sonde op die mens

Die derde hoofstuk van Genesis bevat verskillende gegewens wat nie alleen teologies van belang is nie, maar ook psi=gologies van groot waarde is omdat dit vir ons die psigie=se stel waarin die mens hom bevind na die oortreding van die gebod van God.[22)]

Na die oortreding van die gebod word Adam en Eva se oë geopen en word hulle gewaar dat hulle naak is.[23)]

Die sonde is so: dit laat ons figuurlik naak voor God staan, die mens kom dan eers tot die ontsettende besef van sy hulpeloosheid teenoor die groot en almagtige God, dan eers besef die in-sonde-gevallene sy nietigheid. Die Woord van God gebruik die volgende konkrete beeld: Al die nasies is soos 'n druppel aan 'n emmer of soos 'n stof=fie aan 'n weegskaal.[24)] Jesaja praat hier van ál die nasies, daarom: wat is die enkeling dan teenoor God ?

### 1.5.2 Wat is die hoogste doel van die aardse lewe ?

Tereg sê J. Chris Coetzee: „Die hoogste doel van 'n ge=luksalige lewe op aarde is dan geleë in die kennis van God en van Sy Skepping tot Sy eer en ons saligheid."[25)]

---

22) Bavinck, H. op. cit., p. 189.
23) Ibid., p. 190.
24) Jes. 40:15.
25) Coetzee, J. Chris. Die eerste beginsels van die Calvinistiese opvoeding, p.2.

En J.P. Smuts sê: „In die oog van God weeg een penning van waaragtig deurvoelde kennis of ondervinding duisendmaal swaar=der as ponde van abstrakte, koue, steriele boekgeleerdheid. Die taak van die opvoeder is dan ook nie soseer om ander tot een of ander sienswyse te bekeer nie, as om liefde te skenk."[26)]

Die Woord van God spreek hieroor tot ons baie sterk en duide=lik: „My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis; omdat jy die kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp, sodat jy vir My die Priesteramp nie sal bedien nie; omdat jy die wet van jou God vergeet het, sal ek ook jou kinders vergeet."[27)]

1.5.3 Die opvoedeling

Opvoed beteken: „opvoer", „na bo lei", dit wil sê ook na „Bo" te lei wat weer veronderstel om die kind na God te lei.[28)]

Geen seun of dogter kan aanspraak maak op genoegsame onderwys tensy hy of sy ook werklik met Godsdiensonderrig kennis ge=maak het nie.[29)]

Die „Crowther Report" gaan verder deur te beweer dat geloof eerste kom.[30)] Jesus sê duidelik aan die mens: „maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word."[31)]

---

26) Smuts, J.P. Godsdiensonderwys. 'n Handleiding vir on=derwysers, p. 21.

27) Hos. 4:6.

28) Coetzee, J. Chris., op. cit., p. 13.

29) Alves, Colin. op. cit., p. 143.

30) Die Crowther Report 15 tot 18, H.M.S.O., 1959, London. Verwysing daarna deur Colin Alves., in sy werk Religion and the secondary school, p. 143.

31) Matt. 6:33.

Die „Newman Report" verklaar dat hoe nader daar gekom word aan die seuns en dogters vir wie se opvoeding hulle verantwoordelik is, hoe meer is daar tot die besef gekom watter ontsettende moeilike taak dit is om die leerlinge se morele en godsdienstige standaarde te ontwikkel. Hier word daar deur diegene wat dit hul roeping maak, gevind dat hulle 'n persoonlike plig teenoor hulle leerling het.[32)]

Die ervaring het geleer dat kinders reeds vroeg in hulle lewe vatbaar vir godsdienstige indrukke is. Daar is selfs geen leeftyd waar die mens meer vatbaar is vir die godsdienstige gewaarwordinge en aandoeninge, as die voorskoolse periode en sy skooljare nie.[33)]

Die Woord van God bepaal baie duidelik dat die opvoeding wat ouers verplig is om aan hulle kinders te gee godsdienstig van aard moet wees. Die klem is hier so sterk op godsdienstige opvoeding dat dit die spil is waarom alles draai. „Want Ek het hom verkies, dat hy aan sy kinders en aan sy huis na hom bevel sou gee dat hulle die weg van die Here moet hou om geregtigheid te doen,..."[34)]

Die kind moet gelei word om die belangrikste dinge in die lewe te ontdek, daarna moet gestreef word om hom tot die punt te bring waar sy gedagtes en idees hoogtes bereik wat selfs sy stoutste verwagtings oortref. Die leerlinge moet so grondig in die Christelike leer onderrig word dat wanneer hy in moeilike situasies beland of met nie-Christene te doen kry, niks hom van sy koers sal afbring nie.[35)]

---

32) Newman Report, Half our future, H.M.S.O. 1963, London.
Alves, Colin. Ibid., p. 144.

33) Bavinck, H. op. cit., p. 209.

34) Gen. 18:19.

35) Alves, Colin. op. cit., p. 13.

Die kleinkind glo nog alles wat aan hom vertel word, maar wanneer hy opgroei, aanvaar hy nie meer alles nie; nou begin hy vrae vra, nou soek hy antwoorde op sekere lewensituasies, nou begin hyself te wonder of die dinge wat vir hom in sy primêre skooljare vertel is, enige sin het.[36]

Soos die voorskoolse periode gekenmerk word deur harmonie ten opsigte van die godsdiensoefening in die ouerhuis en kerk, so is die primêre skooljare dikwels 'n gelukkige periode van samewerking tussen ouerhuis en skool veral wanneer 'n hoë standaard in die Godsdienstige opvoeding in die ouerhuis en die skool gehandhaaf word. Gedurende die jare 7 tot 12 het onderwysers en ouers nou te doen met 'n stabiele jongeling met selfvertroue en fisiese krag en vaardigheid, 'n realis wie se intellek vinnig ontwaak, nogtans 'n indiwidualis, maar wat hom baie graag in groepverband wil laat geld.[37]

"Adolescence presents the home, and especially the Christian home with its greatest challenge. In spite of many shortcomings in the Scripture lesson as presented in the primary school, the teaching rarely goes beyond the narration of Bible stories with or without the application of a moral. The indifferent literalism which the teacher assumes as armour to cover her ignorance rarely does great harm - nothing so serious, at any rate, that a good home cannot put right. The tale is very different in the high school, where a child's faith, already wavering in doubt, is assailed by indifference and out-and-out antagonism."[38]

---

36) Loc. cit.

37) Holmes, H. op. cit., p. 254.

38) Ibid., p. 255.

Die kind moet dus van kleinsaf geleer word waar om met sy smarte en moeilikhede heen te vlug, naamlik na die Bron van die lewe, Jesus Christus.

Vir die doel van hierdie werk word op die adolessent gekonsentreer, dus die kind tussen 12 en 18 jaar. Gedurende hierdie lewensjare is daar 'n gedurige groei of ontwikkeling op fisiese sowel as geestelike gebied. Op twaalfjarige leeftyd is die kind beslis nie wat hy op vyftienjarige ouderdom sal wees nie. Dis vanselfsprekend dat hy op vyftienjarige leeftyd meer lewenservaring sal besit. Dieselfde geld weer vir die ouderdomme vyftien en agtien jaar.[39)]

Die volgende wetenskaplike indeling kan gemaak word:

(i) Die vroeë adolessensie, ook genoem die puberteit;
(ii) Die middeladolessensie (15jaar tot ± 18 jaar);
(iii) Die laatadolessensie (± 18 jaar tot 21 jaar).

Hierdie laaste tydperk kan ook dié van volwassemenswording genoem word. Hier is daar 'n breër uitkyk op die lewe wat die hele menswees raak, ook in sy omgang met ander mense.[40)]

Bingle skryf: „'n Groot kenner van die jeug het eenmaal opgemerk dat die totaalkarakter van hierdie leeftyd daarin bestaan dat dit geen karakter het nie. Dit toon eintlik meer die neiging van 'n proses, 'n oorgangstydperk sonder 'n vaste bestaan in sigself."[41)]

## 1.6 Die belangrikheid van Godsdiensonderrig op die sekondêre skool

Wanneer daar oor die belangrikheid van Godsdiensonderrig gepraat word, vind ons die sterkste getuienis daarvoor in

39) Bingle, H.J.J. op. cit., p. 11.
40) Ibid., p. 12.
41) Loc. cit.

die Woord van God self: „Waarmee sal die jongeling sy pad suiwer hou ? Deur dit te hou na U Woord."[42)]

Die Woord van God is die bron van die lewe. Die Tien Gebooie is vir die Christenmens die spieël waarin hy kan sien hoe hy lewe. „U Woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad."[43)]

Bogenoemde Skrifverwysings is al klaar genoegsame bewys van die noodsaaklikheid en belangrikheid van Godsdiens=onderrig op ons skole.

Net so belangrik as wat voedsel vir die liggaamsgroei is, net so belangrik is die opvoeding van godsdiens vir die kind se geestelike groei.[44)]

Dit is die wil van God dat ons Hom sal ken, liefhê en dien:[45)] „sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus."[46)]

Ouers wil graag hê hul kinders moet uitblink in die lewe, en hou daarvan om met hul kinders se prestasies te spog, veral op intellektuele en sportgebied, maar wat sou al hierdie prestasies die kind in sy verdere lewe help, in=dien sy geestelike opvoeding skade ly ?

Geen regdenkende ouer dink daaraan om sy kinders daarvan te weerhou om liggaamlike sowel as verstandelike onderrig te laat ontvang nie. Dieselfde behoort te geld en dan nog in 'n baie sterker mate ten opsigte van die godsdiens=tige opvoeding. Die godsdienstige opvoeding is 'n reg waarop die kind kan en moet aanspraak maak en is 'n dure

---

42) Ps. 119:9.
43) Ps. 119:105.
44) Coetzee, J. Chris. op. cit., p. 12.
45) Van Wyk, J.H. en andere.op. cit., p. 22.
46) 2 Tim. 3: 17.

plig wat op die ouers rus. Die ouer wat hierdie reg van die kind weerhou, doen so 'n kind 'n groot onreg aan, want die religieuse is diep gewortel in die wese van die mens.[47)]

Daar moet onthou word dat die kind opgevoed word om sy of haar Goddelike roeping en taak te vervul. Dit hang van die opvoeding, en dan veral van die godsdienstige opvoeding af, of die jongman of jongdogter roepingsbewuste burgers van die Koninkryk van God sal wees. Indien die fondament goed gelê is, veral wat die godsdienstige opvoeding van die kind betref, dan sal die naskool=se jare vir hom of vir haar baie minder skommelinge inhou en vir hom of vir haar baie minder van koers bring.[48)]

In die godsdienstige opvoeding mag die mens dus nooit vergeet, dat die godsdiens 'n besliste leerinhoud besit, maar bo alles tog „Gesinnungstoff" is, dit is 'n weg om die mens se reli=gieuse lewe wakker te maak en die innerlike sielelewe te ver=sterk. Hierdie religieuse werk na alle kante van die lewe toe: na die verstand en hart, gemoedslewe en wil, siel en liggaam. Dan alleen word die mens weer 'n navolgeling van die Here, die draer van die beeld van God.[49)]

Bavinck verklaar: „Geloovige ouders mogen in hunne kinderen des verbonds zien, die door God in genade werden aangenomen, met zijne heilsbeloften werden beweldadigd, en als teeken en zegel daarvan den doop aan hun voorhoofd ontvingen."[50)]

Die Christelike belydenis word daardeur gekenmerk dat die mens aan die een kant 'n ope oog het vir die verderf wat sonde saai, wat ook in die harte van kinders werk.

---

47) Bavinck, H. op. cit., pp. 207, 208.
48) Ibid., p. 221.
49) Ibid., p. 214.
50) Loc. cit.

Want ons is almal in sonde ontvang en gebore; die mens se hart is boos vanaf sy jeug; niemand kan iets reins uit iets onreins te voorskyn bring nie. Maar ook erken die Christelike belydenis 'n natuurlike goeie gawe, wat God deur sy goedheid aan die mens skenk, na verstand, hart, liggaam en siel.[51)]

## 1.7 Die belangrikheid van die metode van aanbieding by die Godsdiensonderrig

Die resultate wat die Godsdiensonderrigonderwyser in sy klaskamer behaal, sal grootliks afhang van sy eie belangstelling in sy vak en die belangstelling wat hy by sy leerlinge ten opsigte van Godsdiensonderrig gaande maak. Dit is die ondervinding van vele pedagoë dat 'n oninteressante vak lewe en waarde kry wanneer dit op so 'n wyse aangebied word dat die leerstof lewe kry, naamlik met die regte benadering van die leerstof en met in agneming van die bevatlikheid van die leerlinge.[52)]

Die vraag wat nou gestel kan word is dit: is ons metode en benadering ten opsigte van Godsdiensonderrig reg en leef die vak vir die leerlinge ? Hier is veral vier punte van belang wat in gedagte behoort gehou te word:

(i) Die stof wat aangebied word;

(ii) die interessantheid van die aangebode stof;

(iii) die kwaliteit van die aanbieder, dit wil sê sy bekwaamheid om die stof aan te bied; en

(iv) die aktualiteit van die leerstof met betrekking tot roepingsvervulling.[53)]

## 1.8 Die plek wat Godsdiensonderrig behoort in te neem

Godsdiensonderrig behoort die belangrikste vak op ons skool te wees, want dit is dié vak wat vir die mens ware wysheid bring.

---

51) Ibid., p. 215.

52) Smuts, J.P. op. cit., p.8.

53) Ibid., p. 14.

Dit is nie 'n vak waarvan die waarde en bydrae in dié lewe van verbygaande aard is nie, maar 'n vak met waarde vir die ewigheid. Dit is die padwyser, die rigsnoer, die ster in hierdie onsekere samelewing. Godsdiensonderrig moet die lig van die Woord van God op al die bedrywighede van die skool laat val. Alle vakke op skool moet in die lig van Gods Woord aangebied word.

Ware kennis van God en sy wil vir alle lewensterreine kan alleen vanuit sy Woord verkry word. God openbaar Hom aan die mens deur sy Woord. Wie die Woord van God dus nie ken nie, besit ook nie ware kennis van God nie.

Godsdiensonderrig op ons skool word nog veelal beskou as 'n godsdiensoefening of 'n geleentheid om sedepreke of sedelesse kwyt te raak. En dit is juis hierdie moraliste wat gewoonlik pogings om die vak op 'n wetenskaplike basis te plaas, teenstaan. So byvoorbeeld is daar by baie opvoeders teenstand teen 'n behoorlike sisteem van meting, terwyl dit tog vanuit 'n pedagogiese oogpunt so belangrik is.[54)]

As dit werklik ons erns is met Godsdiensonderrig en die plek wat dit behoort in te neem op ons skole, moet daar beslis by baie 'n kentering kom in die rigting van 'n wetenskaplike benadering ten opsigte van hierdie vak. Solank as wat Godsdiensonderrig maar net 'n simboolvak is waarin daar geen meting op eksamenvlak is nie, sal Godsdiensonderrig nooit sy regmatige plek kan inneem nie. Dit is seker ook een van die grootste redes waarom so baie leerlinge so negatief ingestel is wat die vak Godsdiensonderrig betref.

Voordat Godsdiensonderrig tot sy volle reg kan kom, moet daar

---

54) Bingle, H.J.J. Die onderrig van Geloofsleer in die middelbare skool, p.1.

beslis orde, sisteem en wetenskaplikheid in die hele benadering daarvan kom.[55]

Die Bybel het sy regmatige plek in primêre skole gedurende die eerste jare van die twintigste eeu deurgaans ingeneem. Ongelukkig was dit aanvanklik nie die geval in die sekondêre skole nie. Geleidelik het die Bybel egter ook in die sekondêre skool in 'n beter situasie te staan gekom. Die vraag het egter ontstaan: „Het die skool die reg om die Bybel ooreenkomstig die belydenis van byvoorbeeld die Calvinistiese kerke of die Anglikaanse of die Rooms-Katolieke kerke te interpreteer ? Of moet hy die Bybel sonder enige belydenis interpreteer ?"[56] Die vraag is dus: Moet en kan dogma in die skole onderrig word ? Die Transvaalse owerheid laat geen twyfel omtrent hierdie vraag nie want: „Geen bepaalde leer of dogma wat onderskeidend is van 'n besondere godsdienstige gesindte of sekte, mag in enige openbare skool gedoseer word nie",[57] en verder word dit uitdruklik gestel dat: „Geen onderrig in Bybelgeskiedenis mag in enige openbare skool gedurende skoolure gegee word nie deur enigiemand anders as 'n onderwyser wat lid is van die personeel van sodanige skool."[58]

Hoe netelig die saak was, word bewys deur die stryd wat daar selfs tussen die drie Afrikaanse kerke wat die Drie Formuliere van Enigheid onderskryf, ontstaan het en wat ook sy stempel op die skole afgedruk het en veral daartoe bygedra het dat daar maar net blote onderrig van die Bybelinhoud gebied moet word of dat die Bybel liewer totaal uit die onderwysprogram weggelaat moet word.[59]

---

55) Ibid., p. 1.
56) Bingle, H.J.J. Metodiek van Godsdiensonderrig op die middelbare skool, p. 8.
57) Onderwysordonnansie no. 29 van 1953, subartikel, 4.
58) Onderwysordonnansie no. 29 van 1953, subartikel, 5.
59) Bingle, H.J.J. Ibid., p. 8.

Dit is die taak van die skool om die kind tot volwassenheid te lei, dit wil sê op liggaamlike en geestelike gebied. Gods= diensonderrig word dus aangebied om die leerling tot geeste= like volwassenheid te lei sodat hy op verantwoordelike wyse die eer aan God kan gee op al die lewensterreine. Wanneer die leerling dus die skool verlaat moet hy 'n vaste geloof besit.

Waar die huis asook die kerk in ons tyd dikwels faal in hul roepingstaak het die skool nou 'n plaasvervangende faktor op geestelike gebied geword. Godsdiensonderrig is die mees geestelik verrykende vak op ons skole en daarom behoort dit die belangrikste plek in die skool in te neem.

W.L. Jansen van Rensburg noem die volgende nege punte om aan te toon watter belangrike plek en funksie Godsdiensonderrig en Bybelkunde beklee:

(i) „Hy het die waarde in dié sin dat dit vir die kind 'n gesprekplatform gee vanwaar hy sy probleme van onse= kerheid met 'n onderlegde pedagoog kan bespreek.

(ii) Dit het ook waarde omdat die kind geleentheid kry om op 'n pedagogies -verantwoorde wyse die kennis van die Bybel kan bekom in 'n lokaal waar die atmosfeer gewyd is en, met respek gesê, nie so gestremd is as in die kerk nie.

(iii) Dit is die bron waardeur die kind sy hele lewens- en wêreldbeskouing vorm, wat sy hele gesindheid bepaal.

(iv) Dit is die enigste vakke in die skoolkurrikulum wat die kind direkte kennis omtrent die besondere open= baring van God gee - kennis waarsonder die liefde vir God onmoontlik is.

(v) Die vakke bied aan die kind die wette van God waarvol= gens hy sy sedelike lewe kan inrig. Die Wet van God bepaal nie alleen sy verhouding tot God nie, maar ook tot sy medemens.

(vi) Die kennis van die Bybel beteken dat die kind verstan=delik ontwikkel. Die inhoud van die Bybel moet dan ver=standelik onderrig word, want hierdie kennis is die enig=ste en ewige waarheid en die kind kan dit alleen bekom deur doelgerigte studie.

(vii) Die gelowige bely verder dat die Woord van God ook die bron van alle skoonheid is. In die Skrif word beklem=toon dat skoonheid alleen afhanklik is van Gods open=baring. Vir die estetiese vorming van die kind moet die Godsdiensonderrig en Bybelkunde ook so onderrig word.

(viii) Die Bybel is vir die gelowige 'n absolute bron vir die bepaling van sy sosiale lewe. Hier vind ons geteken die verhouding tussen gesag en onderdaan, heer en diens=kneg, man en vrou, ryk en arm, ouer en kind.

(ix) Ons vind ook nêrens anders 'n verhewener opvatting oor die liggaam van die mens as juis in die Heilige Skrif nie. Dat die liggaam die tempel van God is, is van onmisbare waarde vir die liggaamlike ontwikkeling en vorming van die kind."[60]

Vir die Christene is die Bybel die godsdienstige klassieke ge=skrif; „die inspirasie van manne wat ons leer om die hele ge=skiedenis in die lig van die Goddelike pedagogie te beskou, die progressiewe openbaringe, nie van wetenskaplike waarheid nie (tenminste nie direk nie) maar van nederbuigende liefde en die verhouding van die Skepper tot die skepping en die skepsel en omgekeer. Hierdie gees en gesindheid van liefde, van vertroue, van gehoorsaamheid en van geloof wat die Bybel uitstraal, moet ook ons Godsdiensonderwys besiel."[61]

---

60) Onderwysblad, Januarie 1970, 830 (LXXVII), p. 46.

61) Smuts, J.P. op. cit., p. 44.

## 1.9 Bedenkinge

Die eerste en belangrikste vraag wat hier gevra moet word, is dit: Beklee Godsdiensonderrig werklik sy plek wat dit behoort in te neem ? Hierdie vraag sal eers met reg beantwoord kan word wanneer die verwerking van die vraelyste aan Godsdiens=onderrigonderwysers en leerlinge in hoofstuk 3 afgehandel is.

Godsdiensonderrig behoort saam met die twee amptelike lands=tale die hoofvakke in al ons skole te wees.

Dit wek kommer wanneer mens verneem van skole waar van een onderwyser verwag word om aan soveel as tot aghonderd leer=linge Godsdiensonderrig te gee, teen een periode per week per klas. So 'n onderneming kan nie anders as om tot misluk=king gedoem te wees nie. Dit is twyfelagtig of hierdie be=langrike opvoedingstaak sinvol verrig kan word as een onder=wyser die vak aan meer as tweehonderd leerlinge moet doseer, veral as mens in ag neem dat hy hulle meesal net eenmaal per week sien.[62)]

Die praktyk bring aan die lig dat Godsdiensonderrig dikwels maar die vak is wat aan personeellede toegeken word wat nog plek op hul rooster het.

Dit kan gebeur dat onderwysers wat voltyds met die vak besig is, nie vir bevordering in aanmerking kom nie omdat hy nie die geleentheid het om deur sy resultate vir hom 'n naam te maak nie. Wanneer so 'n onderwyser bowendien met so baie klasse en leerlinge opgesaal sit, is daar gewoonlik ook nie vir hom veel tyd oor om hom te verdiep of met akademiese studie voort te gaan nie.[63)]

In die verslag van die Nicolkommissie van 1939 word daar on=der ander in verband met Godsdiensonderrig gesê: „'n Baie groot

---

62) Alves, Colin. op. cit., p. 18.
63) Op. cit., p. 17.

aantal getuies het na hierdie saak verwys. Hulle het feitlik sonder uitsondering daarop aangedring dat daar meer aan hier= die vak gedoen moet word........"64)

Sedertdien is daar natuurlik veel gedoen om die posisie vir die vak te verbeter. Wat die huidige posisie is, behoort duideliker te wees teen die einde van hierdie ondersoek.

Castelyn sê omtrent die huidige stand van Godsdiensonderrig in ons sekondêre skole met betrekking tot „toegestane les= periodes, vakonderwysers, klaskamers, leermiddele, deeglike skriftelike werk, gereelde meting en sertifisering sou moont= lik anders gewees het indien 'n erkende waarheid deur die skool reg toegepas gewees het. Hierdie waarheid, wat ons al= mal van harte onderskryf, is dat Godsdiensonderrig 'n verhewe saak is. Die vraag is egter: wat verstaan ons presies wan= neer ons praat van die verhewenheid van die Godsdiensonder= rig, veral wanneer dit gaan oor die praktyk van die onder= rig ? Grens ons opvatting van verhewenheid nie miskien aan lewensvreemdheid nie ? Skep ons op dié wyse nie 'n kloof tus= sen godsdiens en lewe nie ? Net soos 'n mens die lig van Gods Woord onder die maatemmer kan verberg, kan jy dit ook weer so hoog plaas dat dit niks verlig nie. Godsdiensonderrig is die sout wat moet smaak gee aan al die vakke in die skool, en daar= om moet dit nie net as sentrale vak dien nie maar ook as vol= waardige vak onderrig word. Het die wanopvatting van die ver= hewenheid van die Godsdiensonderrig nie miskien die indruk ge= skep dat die fasiliteite wat ander vakke geniet, nie nodig is vir die onderrig van die Bybelgeskiedenis nie ?"65)

## 1.10 Ondersoek - dit wil sê doel en metode wat gevolg gaan word

### 1.10.1 Die doel van hierdie ondersoek

Die doel van hierdie ondersoek is kortliks om die stand

---

64) Castelyn, H.C. Godsdiensonderrig as 'n volwaardige vak in Transvaalse middelbare skole, p. 6.

65) Ibid., pp. 9,10.

van Godsdiensonderrig in die Transvaalse sekondêre sko= le met betrekking tot die volgende sake vas te stel:

(i) Wat is die leerlinge se persoonlike houding tot die vak ? (Hier word 10 vrae aan leerlinge ge= vra).

(ii) Wat is, volgens die leerling, sy klasmaats se houding jeens die vak ? (Hier word vyf vrae aan leerlinge gevra).

(iii) Neem die Kerk en Bybel nog, volgens die leer= linge, hul regmatige plek by ons Afrikaanse middelbare leerlinge in ? (Hierdie afdeling het sewe vrae).[66)]

Verder is hier ook twee afdelings vir leerlinge wat han= del oor die vorige jaar se werk. Hierdie vraelyste word met toestemming van die Direkteur van Onderwys in die loop van die eerste kwartaal van 1973 aan twintig Trans= vaalse sekondêre skole gestuur.

Vraelys 2(a) bevat inhoudsvrae wat handel oor die Ou en Nuwe Testament asook vrae oor Kerkgeskiedenis vir die standerd 10 leerlinge. Vir standerd 9 leerlinge word ook vrae oor Geloofsleer en Sedeleer gevra.

In vraelys 2(b) word vrae wat op die betekenis van By= belse feite gerig is, vir al die standerds vanaf stan= derd 6 tot standerd 10 gevra.[67)]

Verder word daar 'n vraelys aan alle Godsdiensonderrigon= derwysers verbonde aan dieselfde twintig Transvaalse se= kondêre skole gestuur.[68)]

---

66) Kyk Bylae B.

67) Ibid.

68) Kyk Bylae A.

Hierin word navraag gedoen na die vakbekwaamheid en metode van aanbieding van die onderwyser na sy siening met betrekking tot sillabusse, die aard van die vak, dissipline in die Godsdiensonderrigklas, na die geloofstandpunte van die leerlinge en na die hulpmiddels wat deur die onderwyser in die Godsdiensonderrigles gebruik word.

Hierdie ondersoek sal die stand van die Godsdiensonderrig aan leerlinge van standerd 6 tot standerd 10 probeer vasstel, dit wil sê aan seuns en dogters tussen ± 13 en 18 jaar. Dit sal verder beperk wees tot die Transvaalse Afrikaanse sekondêre skole, stedelik sowel as plattelands. Hierdie vraelys sal deur leerlinge van een gemiddelde klas vanaf standerd 6 tot standerd 10 ingevul word.

### 1.10.2 Metode wat gevolg gaan word

In hierdie ondersoek word van verskillende vraelyste gebruik gemaak.

(i) Die eerste wat aan Godsdiensonderrigonderwysers gerig word.[69]

(ii) Die tweede vraelys wat aan standerd 6 tot standerd 10 leerlinge aan twintig uitgesoekte stedelike en plattelandse Transvaalse Afrikaanse sekondêre skole gerig word.[70]

'n Begeleidende brief word ook aan die skoolhoofde van ondergenoemde twintig skole gerig waarin hulle vriendelike samewerking gevra word.[71]

---

69) Kyk Bylae A.

70) Kyk Bylae B.

71) Kyk Bylae C.

# HOOFSTUK 2

## 2. Kriteria waaraan Godsdiensonderrig moet beantwoord

### 2.1 Vereistes wat die Skrif self stel

God eis dit in Sy Woord dat die kind opgevoed moet word in die vrese van die Here. Hierdie opdrag kom direk van God. „En jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan."[1]

Daar moet dus volgens Gods Woord van elke geleentheid gebruik gemaak word om God se insettinge en sy gebooie aan ons kinders te vertel. Dit is dus vir die kind se hele sielebehoud van die grootste belang dat vanaf sy eerste skooldag tot die laaste dag van sy skoolloopbaan die Woord van God as uitgangspunt geneem moet word.[2]

God die Vader het die heilswaarheid op Skrif laat stel, deur die Bybelskrywers in alle waarheid deur die Heilige Gees te lei sodat die onvervalste waarheid aan die menslike geslag, van geslag tot geslag, oorgedra sal word.[3] Daarom dat daar niks weggeneem of bygevoeg mag word aan die Woord van God nie.[4] God se Woord is dus volkome en dit is genoegsaam, buite die Woord van God om het die mens niks nodig wat tot sy saligheid kan lei nie.

Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering,

---

1) Deut. 6:7.

2) Schutte, B.C. Die Bybel in die skool - 'n simposium aangebied deur die Fakulteit Opvoedkunde en die Departement Ontwikkeling aan P.U. vir C.H.O., p.3.

3) Bekker, J. Godsdiensonderwys in die skool, p.1.

4) Openb. 22:18-19.

tot weerlegging, tot verbetering, tot onderwysing, vir hulle wat in regverdigheid wandel.[5] Sodat elke mens van God vol= kome kan wees, en dus vir elke taak hom opgelê ten volle toe= gerus.[6]

Wat Israel ontvang, ontvang hy uit die hand van sy God. Daar= om moet die Wet getrou deur die volk nagekom en bewaar word en van geslag tot geslag oorgelewer word. Dit is ook so deur God aan die vaders beveel om hulle kinders in die weg van die Here op te voed en te onderrig, daarom, alhoewel die opvoeding van Israel nasionaal van aard was, het daar op die skouers van die hoof van die huisgesin die verantwoordelikheid gerus om sy kinders die gebooie van God te laat gehoorsaam.[7]

Dit is ook wat in die Christelike samelewing plaasvind. Chris= tus was wel uit die vlees uit Israel, dog as Seun van God be= hoort Hy nie tot een volk nie, maar aan die ganse mensdom. Sy blye boodskap is dat Hy nie net na die volk Israel gekom het nie, maar vir elke volk hier op aarde.[8]

Jesus se laaste opdrag aan Sy dissipels was dan ook universeel van aard; naamlik dat hulle die Evangelie aan al die nasies moet gaan verkondig.[9]

Die Woord van God sê vir ons baie duidelik dat die opvoeding wat ons verplig is om aan ons kinders te gee, godsdienstig van aard moet wees. Godsdiensonderrig moet die basis van die he= le opvoeding vorm.[10]

---

5) Bavinck, H. Paedagogische beginselen, p. 29.
6) 11 Tim. 3:17.
7) Bavinck, H. op. cit., p. 27.
8) Loc. cit.
9) Matt. 28: 19.
10) Jaarsma, C. Fundamentals in education, p. 155.

"The necessity of Christian education follows in the second place, also from the fact that the children of Christian pa= rents fall heir to the covenant promises. The master making a covenant with his slaves pardoned their insurrection, endo= wed them with material riches, and made them coheirs with his own children. This is the very thing that God does in the covenant of grace."[11]

Vanaf Gen. 1:1 tot Openbaring 22:21 is die Bybel die Woord van God, en mag daar niks bygevoeg of weggeneem word nie.[12] God se Woord is dus volkome, dit is genoegsaam. Die bevel van God is baie duidelik dat as ons na sy Woorde luister, dan sal ons siel lewe.[13]

In die Woord van God tref ons talle plekke aan waar ouers ver= maan word om hul kinders in die vrese van die Here op te voed, sodat hulle in die weg van God sal wandel, sodat hulle sy Wet sal onderhou.[14] God sê uitdruklik dat die jongeling sy weg hier op aarde suiwer sal hou deur op sy woorde te let.[15]

Bavinck self aanvaar die Skriftuurlike ideaal gestel in 11 Tim. 3:16,17, en formuleer dit soos volg: „En het ideaal eener Christelijke opvoeding, huisgezin, in lagere, middelba= re en hooge school blijft nu als toen: waaragtige godsvrucht, organisch met de gelijke kennis en echte beschaving (Bildung) verbonden. Zoo vormen wij menschen Gods; tot alle goed werk toegerust; tot alle goed werk volmaaktelijk toegerust."[16]

---

11) Jaarsma, C. op. cit., p. 32.

12) Spr. 30:6.

13) Jes. 55:3.

14) Ex. 20:1-17., Deut. 6:1-25., Ef. 6:4., Ps. 119:105., Matt. 6:33., 11 Tim. 3: 17., Ps. 119:105.

15) Ps. 119:9.

16) Bavinck, H. Paedagogisch Beginsellen soos aangehaal deur Coetzee, J. Chris. Eerste begin= sels van die Calvinistiese opvoeding, p. 23.

Die Woord van God stel dit aan ons dat daar van sy Woord kennis geneem sal word, want die profeet kla: „My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis."[17] Kennis, en dan waaragtige kennis, van die Woord van God is vir die gelowige onmisbaar, en hierdie waaragtige kennis kan alleenlik verkry word deur sy Woord, want die besondere openbaring aangaande God vind ons uitsluitlik in sy Woord. God se Woord is vir ons 'n lamp vir ons voet en 'n lig vir ons pad.[18] Die Psalmis roep uit: „Ek is baie diep neergedruk; HERE, maak my lewend na u Woord."[19] Laastens leer die Skrif ons dat kennis van God (en hierdie kennis kry ons uit die Bybel) tot die ewige lewe lei.[20]

Samevatting:

Die Skrif eis soos blyk uit bostaande:

*. dat Bybelkennis ingeskerp moet word;

*. dat elke geleentheid benut moet word om die kinders die weë van die Here te leer, dit wil sê dat geen lewensituasie buite die ligkring van die Woord van God staan nie;

*. dat die Woord van God suiwer, dit wil sê sonder byvoegings of weglatings, aan die leerlinge oorgedra moet word;

*. dat die Bybel só aan die leerlinge geleer moet word dat hulle daarmee die dwalinge kan weerlê;

*. dat die Godsdiensonderrig die kind vir sy lewenstaak in al sy verskeidenhede sal toerus.

*. dat die Godsdiensonderrig moet lei tot 'n Godwelgevallige lewenswandel, met ander woorde moet lei tot toepassing van die Skrifleer op lewensituasies;

---

17) Hos. 4:6.
18) Ps. 119:105.
19) Ps. 119:107.
20) Joh. 17:3.

* dat die kind moet besef dat die ewige lewe daarvan afhang of God geken word of nie; met ander woorde Bybelonder=rig moet bekendstelling met God wees, nie mededeling van ditjies en datjies, allerlei wetenswaardighede, name, tye, gebeurtenisse, ens., sonder Godsopenbaring nie.

## 2.2 Vereistes van Wet 39 van 1967

Artikel 2 (1)(a) van Wet 39 van 1967 eis dat alle skole Chris=telik georiënteer moet wees.[21)] Die staat vereis dus dat die opvoeding aan ons skole Christelik in sy wese moet wees. Dit moet dus so verstaan word dat die skool in sy binnemuurse so=wel as buitemuurse aktiwiteite Christelik ingestel sal wees.

Verder bepaal die wet dat die geloofsoortuiging van ouer en kind geëerbiedig sal word ten opsigte van Godsdiensonderrig en Gods=dienstige plegtighede. Daar sal dus geen idees wat met die van die ouers bots in die skole onderrig word nie. Andersdenkendes word daarom vrygestel van Godsdiensonderrig in die skool maar die eis bly nogtans staan dat alle skoolwerk 'n Christelike ka=rakter moet dra.[22)]

### 2.2.1 Bespreking en vertolking van die Wet

Daar is jare lank voor gestry deur talle persone en in=stansies om die beginsel van Christelike onderwys op die wetboek geplaas te kry. Met Wet 39 van 1967 word hier=die ideaal verwesenlik waar dié wet nou bepaal dat on=derwys in die Republiek van Suid-Afrika Christelik van karakter moet wees. Van heel besondere belang is dit dat Suid-Afrika die enigste land in die wêreld is met sodanige wetgewing.

---

21) Jansen van Rensburg, W.L. 'n Kritiese studie van die By=belkundesillabus vir die Trans=vaalse middelbare skole, p. 24.

22) Ibid., p. 25.

Artikel 2 (1)(a) handel eintlik oor twee sake, naamlik:

(a) Die onderwys in die algemeen:

Alle vakke, byvoorbeeld Wiskunde, Geskiedenis, of Aardrykskunde moet Christelik aangebied word, dit wil sê alle vakke wat aangebied word moet 'n Christelike karakter hê.

(b) Godsdiensonderrig en godsdienstige plegtighede:

Wat hierdie aspekte van die wet betref, moet die geloofsoortuiginge van die leerlinge sowel as dié van die ouers geëerbiedig word. Hier tref ons weer die bekende "dogmaklousule" aan, maar met die verskil dat hier nou ook met die geloofsoortuiginge van die leerlinge rekening gehou moet word.[23)]

Samevattend:

* Alle onderwys in openbare skole in Suid-Afrika moet Christelik wees.

* Die onderwyswetgewing in Suid-Afrika eis dus dat die standpunt wat in die Godsdiensonderrig ingeneem word, in ooreenstemming met die van dié ouer en die kind sal wees.

## 2.3 Die eise van die ouers ten opsigte van die Godsdiensonderrig aan die skool

Die oorgrote meerderheid van die skoolgaande jeug se ouers is lidmate van een van die drie Afrikaanse Susterkerke van Suid-Afrika. Dit is daarom vanselfsprekend dat in die Godsdiensonderrig aan ons skole ernstig rekening gehou sal word met die reformatoriese beginsels soos geformuleer in die belydenisskrifte van genoemde drie Kerke, naamlik die Drie Formuliere van Enigheid, met ander woorde met die Calvinisme.

---

23) Hurn, H.J. en van den Berg, A.J. Metodiek van Godsdiensonderrig vir onderwysstudente, p. 21.

In sy groot werk, naamlik „Institutie of Onderwijsinghe in de Christelicke Religie," het Johannes Calvyn die grondgedagtes van die Calvinistiese lewensbeskouing deeglik en noukeurig uitgewerk. Die kernvraag in die Calvinistiese lewensbeskouing is: „Hoe kom God tot sy eer en reg ?" Hierdie vraag is vir die Calvinistiese rigting die allesoorheersende, en juis daarom is die Calvinistiese lewensbeskouing beslis Godgerig. God is alles, die Skepper, Onderhouer en Regeerder van alles. Die mens daarenteen is volkome onderworpe aan God. „God beskik volkome oor hom. Hy moet met siel en liggaam, in lewe en in dood, in gebed en werk, net dien en gehoorsaam die lewende God, sy Maker en Koning."[24)]

Die primêre taak in verband met die godsdienstige opvoeding van die kind berus in die eerste plek by die ouers, maar wanneer die kind die skoolgaande ouderdom bereik, word hierdie taak ook verder deur die onderwyser nagekom.

In die formulier van die heilige doop, soos in swang by die reformatoriese kerke, word dit baie duidelik gestel dat dit die plig en roeping van die ouer is om die kind in die Christelike leer te onderrig. Daar word 'n plegtige belofte voor God en Sy gemeente deur die ouers afgelê deur „ja" op die volgende vraag in die doopbelofte te antwoord: „Ten derde, beloof u en is dit u voorneme om hierdie kind, as dit tot sy verstand gekom het, van wie u die vader (moeder of getuie) is, in dié leer na u vermoë te onderrig of te laat onderrig ?" Hierdie belofte mag nooit verwaarloos of verontagsaam word nie.

Die woorde „te laat onderrig" toon dus duidelik dat aan ouers die reg verleen word om die godsdienstige opvoeding van hulle kinders minstens gedeeltelik aan ander instan=

---

24) Coetzee, J. Chris. Eerste beginsels van die Calvinistiese opvoeding, p. 23.

sies te delegeer, byvoorbeeld die kerk en die skool.

Maar daar rus 'n verpligting en verantwoordelikheid op die skouers van die ouers naamlik om toe te sien dat die gees en rigting van die Godsdiensonderrig wat hulle kinders op skool ontvang, nie bots met die van sy kind en sy eie nie. Dit is daarom van die grootste belang dat die ouer ook sal weet wie vir sy kind Godsdiensonderrig, of selfs enige an= der vak, doseer. Hy moet dus medeseggenskap hê by die aan= stelling van onderwysers aan staatskole. Hiervoor maak die owerheid voorsiening deur die daarstelling van beheer= rade en skoolkomitees.[25]

Ouers moet dus verder toesien dat alleenlik onderwysers met vaste beginsels en die besef en uitlewing van hoë etiese waardes, as leerkragte aangestel word. Die Calvi= nistiese ouers moet dus toesien dat alleenlik onderwysers wat Calvinisties in hul lewensbeskouing is, aan skole aangestel word.

Die onus vir die opvoeding, veral die godsdienstige op= voeding van hul kinders, rus op die skouers van die ouers. Dit is in die eerste plek die ouerhuis se verantwoordelik= heid en nie die van die kerk, skool en staat op wie die Skepper hierdie primêre taak geplaas het nie.[26] Ouers vra egter om verskeie redes die hulp van hierdie liggame met betrekking tot die opvoeding van hul kinders.[27]

<u>Samevattend</u>:

Die ouers eis, soos uit voorafgaande gestel:

* Omdat die oorgrote meerderheid kinders wat Afrikaan= se skole besoek afkomstig is vanuit huise wat Calvinis=

---

25) Hurn, H.J. en Van den Berg, A.J. op. cit., pp. 1,2.

26) Deut. 6:7.

27) Leeson, S. Christian education reviewed, p. 49.

ties is, het die ouers 'n reg om te eis dat die gees en rigting van die skole waar hulle kinders onder an= dere godsdienstig opgevoed word, Calvinisties moet wees.

*. Die ouer behoort toe te sien dat die doopbelofte wat hy afgelê het in die skool waaraan die ouer sy op= voedingstaak gedeeltelik delegeer het, verwerklik word.

*. Die ouers het verder 'n plig om toe te sien dat alleen Christelike onderwysers aangestel word, dit wil sê onderwysers wie se lewenswandel en geloofsoortuiging ooreenstem met die van die Christenouer.

## 2.4 Die eise wat die kerk geregtig is om te stel ten opsigte van Godsdiensonderrig aan die skool

Die kerk moet toesig hou of, anders gestel, die kerk behoort 'n wakende oog te hou oor die gees en rigting van die opvoe= ding en dan veral die godsdienstige opvoeding. Die Christelike kerk moet dus toesien dat sy dooplidmate skole besoek wat op die Woord van God as fondament gebou is.

Jesus se stelling: „Julle is die sout van die aarde..."[28] is 'n direkte opdrag. Uit hierdie opdrag kan ons duidelik die belangrikheid sien van die kerk se roeping ten opsig= te van die gemeenskap, waaronder die onderwys in die skool sowel as die universiteit ressorteer.[29]

Dit is daarom ook die reg en plig van die kerk om hom te bemoei met en te let op die leer en wandel van sy toekom= stige belydende lidmate. Die kerk het ook daarin belang

---

28) Matt. 5: 13, 14.

29) Van Wyk, J.H. Artikel oor Christelike opvoeding, Eeufeesuitgawe die Kerkblad, Jaargang 76, Nr. 2194, Woensdag 11 April 1973, p. 22.

dat sy toekomstige belydende lidmate nie ongeleerd bly nie, maar dat hulle in staat sal wees om die Woord van God te lees en te ondersoek.[30]

Die skool het 'n eie gebied, afsonderlik van dié van die kerk, tog staan die buite-institutêre belydenis van die gelowiges in die buite-institutêre openbaring van die kerk nie los van die institutêre belydenis nie. Dit wat in die institutêre kerk gepredik word, dit moet weer in alle lewenskringe, veral in die skool uitgeleef word, indien dit nie gebeur nie, sal daar 'n dualisme tussen die twee openbaringe van die kerk bestaan en sal die kerk as liggaam van Christus verskeur word, en dan ook 'n dualisme by die betrokke gelowiges word. Daar kan en mag nooit op twee terreine verskillende belydenisse gehandhaaf word nie. In die klaskamer moet die deur die kerk gepredikte Woord gestalte kry.[31] Daarom moet die kerk daarop let en soos wagters op die muur daarteen waak dat daar van die gepredikte Woord afgewyk word.

Die belydende lidmaat van die kerk is nooit en nêrens van sy belydenis vrygestel nie. Die kerk is en bly een van die belangrikste instellings om te help met die vorming van 'n Christenvolk, daarom moet die kerk 'n wakende oog hou oor die opvoeding en dan veral oor die suiwere bring van die Woord van God deur die Godsdiensonderrigonderwyser. Dit is van die allergrootste belang dat daar harmonie tussen kerk en skool sal wees, aangesien beide met dieselfde jeug te make het. Die een moet die ander die hande sterk en waar die skool die pad byster raak, moet die kerk die skool vermaan.

Die kerk as gemeenskap van belydende Christen-gelowiges het 'n eiesoortige belang by die opvoeding van sy toekom=

---

30) Greyling, E. Christelike en nasionale onderwys, deel II, p. 97.

31) Van Wyk, J.H. op. cit., p. 23.

stige lidmate. Dit is daarom dat hy van sy lidmate eis om die doopbelofte ten opsigte van sy dooplidmate na te kom, daarom kan die kerk van sy belydende lidmate eis om te sorg vir die oprigting en instandhouding van Christelike skole waar die doopbelofte nagekom word. Daar moet op gelet word dat die kerk nie self hierdie skole stig nie, maar dit aan sy belydende lidmate oorlaat om vir die oprigting van sulke skole te sorg. Die kerk het 'n eie terrein maar mag nooit negatief staan wanneer dit by die opvoeding van die jeug kom nie.

Die kerk moet hom vergewis dat die opvoeding en onderrig wat sy dooplidmate in die skool ontvang in ooreenstemming bly met sy, dit wil sê die kerk se geloofsbelydenis.[32)]

Soos wat die kerk die owerheid vanaf die kansel kan en behoort te vermaan, so kan hy ook 'n vermanende woord rig aan die adres van die skoolowerhede.[33)]

Dit moet egter in gedagte gehou word dat die kerk geen direkte of amptelike seggenskap oor skole het behalwe waar die kerk kerkskole stig, byvoorbeeld die Roomse Kerk. Dit is dan ook duidelik dat die kerk geen tug op skole kan toepas nie. Die kerk kan alleenlik sy lidmate tug, hierdie lidmate mag die hoof, die godsdiensonderrigonderwyser en die ouers wees.

Gelowige ouers se kinders is kragtens die genadeverbond en die doop lidmate van die kerk alhoewel hulle nog nie belydende lidmate is nie en daarom ook nog geestelik onvolwasse; daarom is dit die plig van die kerk om toe te sien dat die kinders gelei word tot kennis van God, tot sy verheerliking en tot belydenis van geloof volgens die leer van die

---

32) Van Wyk, J.H. Die Christelike skool, studiestuk no. 7, pp. 9, 10.

33) Ibid., p. 10.

kerk self.[34] Indien daar te enigertyd afgewyk sou word en die Godsdiensonderrig wat sy toekomstige lidmate in die skool ontvang, nie in ooreenstemming met die kerk se geloofsbely= denis is nie, moet die kerk sy skuldige lidmate vermaan langs kerklike en die skooloutoriteite langs interverbandlike weg.[35]

Predikante dien dikwels op verantwoordelike opvoedkundi= ge liggame. Hulle is daar in pleitende en teregwysende hoedanighede[36] om sodoende toe te sien dat alleenlik die beste vir hul toekomstige belydende lidmate gegee word.

<u>Samevatting</u>:

*. Die kerk kan geen vrede hê nie met 'n skool indien dit staan op 'n grondslag wat vreemd is aan die be= lydenis.

*. Die kerk kan hom dus nie by die algemene volkskool neerlê nie en moet steeds 'n gedifferensieerde skool= stelsel predik sodat gelowiges hulle belydenis in die skool kan uitlewe.

*. Alhoewel die kerk geen direkte seggenskap in die skool as selfstandige samelewingsverband het nie, is dit sy reg om 'n vermanende woord te rig tot die skooloutoriteite.

## 2.5 Die eise wat die staat stel aan die skool met betrekking tot Godsdiensonderrig

Dit is die staat se plig om toe te sien dat 'n hoë opvoe= dingspeil gehandhaaf word en daarom het die staat belang by die organisasie van die skoolwese. Die staat moet en

---

34) Greyling, E. Ibid., p. 22.
35) Van Wyk, J.H. Die Christelike skool, p. 10.
36) Bekker, J.H. Godsdiens in die onderwys van blankes in Transvaal tot 1953, deel II, p. 473.

behoort toe te sien dat die skoolwese volgens die maatstaf van die Wet van God is. Die skoolwese mag nooit staatska= dend en staatsafbrekend wees nie.[37]

Dit was die mening van die voormalige Instituut vir Chris= telike Nasionale Onderwys dat die opvoeding die plig en reg van die ouers is om in medewerking van die kerk en staat, oor die gees en rigting van die skoolopvoeding te beslis. Die ouers moet in samewerking met die kerk en staat skole oprig en beheer en onderwysers benoem en oor die opvoeding toesig hou.[38] Hierdie samewerking deur kerk en staat moet indirek wees, want direkte seggenskap deur laasgenoemde twee instellinge kan net lei tot kerk- en staatskole.

Daar die staat in Suid-Afrika die grootste bydraer is wat die finansiering van die onderwys betref, sal die staat ook eis dat daar geen leer aan skole gedoseer sal word wat staatskadend of staatsvernietigend is nie. Daar die staat dus wat ons in Suid-Afrika betref Christelik ge= oriënteer is, het die staat dus 'n eis aan die adres van die onderwysersowerhede te rig, naamlik dat die skool die Christelike lewe en godsdiens nie in die weg sal staan nie. Die provinsiale owerhede, waaronder die Transvaalse Provinsiale Administrasie wat verantwoordelik is vir die daarstelling van sillabusse, sal dan ook die bewakers wees oor hierdie betrokke faset van die gees en rigting van die skole wat onder hom ressorteer. Die Transvaalse silla= bus vir Godsdiensonderrig eis onder andere byvoorbeeld dat die primêre bron wat by Godsdiensonderrig gebruik word, die Woord van God moet wees.

Die Christelike staat mag dus eis dat vir Christelike on=

---

37) Van der Schijf, W.G. op. cit., p. 261.
38) Ibid., p. 260.

derwys voorsiening gemaak word en dat staatsgevaarlike ele= mente in die skoolopvoeding, dus ook in die Godsdiensonder= rig, geweer word. Die staat wat dienskneg en instelling van God is, eis van die skoolwese die inskerping van Christe= like deugde by sy toekomstige landsburgers en het daarom die reg om ook sedebederwende elemente in die skoolopvoe= ding te verbied. Die staat het daarom die reg om deur mid= del van skoolinspeksies vas te stel of daar aan sy eise met betrekking tot kulturele vorming, ook wat die sedelike be= tref, uitvoering gegee word en of daardie fasiliteite soos byvoorbeeld skoolgeboue, onderrigmiddele, sportter= reine, administratiewe masjinerie, toerusting, ensovoorts reg benut word.

In Suid-Afrika verrig die staat sy funksie deur 'n Minister van Nasionale Opvoeding, 'n Departement van Nasionale Op= voeding, bygestaan deur 'n Direkteur van Onderwys, inspek= teurs en ander amptenare. Daar is ook 'n Nasionale Onderwys= raad wat die minister met advies bedien. Dit is ook op hierdie Raad waarop die skoolouer verteenwoordig behoort te wees.[39] Daar mag egter nooit oorheersing van staats= kant oor die skoolwese wees nie, maar as die ouers hulle plig versuim en die belangrikheid van hulle kinders se op= voeding verwaarloos, dan het die tyd aangebreek dat staat= skole gebiedend mag wees.

Die Volkskongres vir Opvoeding en Onderwys wat vanaf 29 September tot 2 Oktober 1969 in Pretoria gehou is, beweer dat die vlam nog hoog brand en dat daar nog 'n intense be= langstelling van die kant van die ouer, kerk, skool en staat is ten opsigte van die opvoeding van die jeug van Suid-Afrika.[40]

---

39) Van Wyk, J.H. Die Christelike skool, p. 11.
40) Mulder, J.J. Die interkerklike komitee vir onder= wys en opvoeding, p. 111.

Prof. Mulder gaan verder deur te sê: „Hoewel die Christelike staat hom dus moet beywer vir 'n onderwys wat ten opsigte van sy grondslag Christelik en nasionaal sal wees, moet die Christelike owerheid nie blind wees vir die regte van minderhede nie. Vryheid van byvoorbeeld godsdienstige gewete is immers die vrug van die Hervorming. En in 'n Christelike staat moet met hierdie vryheid erns gemaak word.[41]

Die vraag wat nou gevra kan word is: In hoeverre neem die staat die saak van die vryheid ten opsigte van Godsdiensonderrig van die minderheidsgroepe op ? Wanneer daar na Wet 39 van 1967 gekyk word dan merk mens die volgende: Die openbare skool in Suid-Afrika het deur die Onderwyswet (nommer 39 van 1967) 'n verpligte Christelike karakter verkry. Dit is voorwaar 'n unieke geleentheid vir 'n Christenvolk in 'n Christelike staat om deur wetgewing 'n besondere karakter, dit wil sê 'n Christelike karakter, aan sy openbare onderwys te gee. Ten eerste sal die interpretasie van Wet 39 van 1967 se bepaling: „dat die geloofsoortuiging van ouers en leerlinge eerbiedig moet word wat betref godsdiensonderrig en godsdienstige plegtighede" 'n rol speel. Dit is so dat die oorgrote meerderheid Afrikaanse ouers en leerlinge wat die openbare skole bywoon, se oortuigings Christelik-Reformatories is. As hierdie oorgrote meerderheid se oortuigings deur die onderwysdepartemente eerbiedig word (en dan ook die minderheidsoortuiging se reg - deur vrystelling aan hierdie anderdenkendes te gee), „mag die leerstellige suiwerheid van Godsdiensonderrig myns insiens in 'n hoë mate tot sy reg kom," aldus dr. Stone.[42]

---

41) Loc. cit.

42) Stone, H.J.S. Opvoeding en religie, p. 65.

Dit is 'n eerbare uitweg want hierdeur kan die Godsdiens=onderrigonderwyser die Woord van God in suiwere vorm aan sy leerlinge bring en sy eie geloofsbelydenis, wat gewor=tel is in die Woord van God, aan die leerlinge bring en so=doende verhoed dat 'n afgewaterde godsdiens aan die kinders gepredik word.

Dr. Stone gaan voort: „Om egter die regte van die minder=heid te verskans agter 'n ‚dogmaklousule" om dié vak af te water tot Godsdiensonderrig bo geloofsverdeeldheid is 'n neutraliseringsdaad wat vreemd is aan die aard van die Godsopenbaring en wat vir die jeug verwarrend is, hul=le in twyfel laat en so die geloofsvastheid of -sekerheid as ideaal verongeluk."[43] Die vraag kan dan met reg gevra word: Watter soort godsdiens sal dan aan ons kinders ge=doseer word ? So 'n soort Godsdiensonderrig kan nooit sterk genoeg verwerp word nie, en dit is dan ook hier waar daar 'n koor van stemme sal opgaan as protes teen so 'n ver=waterde Godsdiensonderrig.

Van Wyk is van mening dat die enigste eerbare weg dié van differensiasie is. Hy sê dat die staat as regshand=hawer, lewensbeskoulike differensiasie moet toelaat an=ders sal daar rigtings ingeslaan word wat of onchriste=like is of indoktrinasie of neutralisasie in die hand sal werk; dit sal lei tot vervlakking en verskeurdheid in die lewe van die kind asook in die lewe van die onderwyser.[44]

Differensiasie wat die enigste eerbare weg is, sal dan aan daardie leerlinge wat doop- of belydende lidmate van die drie groot Afrikaanse kerke is, reg laat geskied deurdat 'n Godsdiensonderrig wat ooreenstem met die geloofsbelydenis van hul kerk aan hulle doseer word, terwyl die anders=denkendes dan vrygestel word van bywoning in

---

43) Loc, cit.

44) Van Wyk, J.H. Indoktrinasie, neutralisasie of dif=ferensiasie, <u>Woord en Daad</u>; Calvi=nistiese maandblad, Augustus 1972, p.3.

die Godsdiensonderrigklasse of, waar prakties moontlik, 'n Godsdiensonderrig sal ontvang in ooreenstemming met hulle geloof.

Samevattend:

*. 'n Christelike owerheid het die reg om te eis dat in die Godsdiensonderrig vir 'n wesenlik Christelike onderrig voorsiening gemaak word.

*. Die staat het die reg om van Provinsiale Onderwysdepartemente te verwag om uitvoering te gee aan die eise van Wet 39 van 1967 wat Christelike onderwys verskans en ouerseggenskap waarborg.

*. Die staat mag staatskadende en staatsgevaarlike elemente in die Godsdiensonderrig verbied.

*. Die staat het ook 'n plig teenoor minderheidsgroepe en kan dus eis dat daar met hul geloofsoortuiging rekening gehou moet word en reël dat vir hulle op een of ander praktiese uitvoerbare wyse voorsiening gemaak word.

## 2.6 Vereistes van die Transvaalse Onderwysdepartement soos blyk uit sekere omsendbriewe

Volgens omsendbrief nommer 82 van 1950 is die Transvaalse Onderwys Departement nie ten gunste van 'n eksamen in die vak nie; „omdat dit die hele gees van die onderwys in die vak mag benadeel."[45] Het die tyd nie aangebreek dat daar 'n radikale verandering in hierdie sienswyse moet kom nie ? By die kennisvakke sien die leerlinge daarna uit om hul punte in hierdie vakke te hoor. Dit sal

45) Castelyn, H.C. Godsdiensonderrig as 'n volwaardige vak in Transvaalse middelbare skole, p. 15.

sekerlik 'n groot stimulus aan Godsdiensonderrig gee indien dit 'n eksamenvak gemaak word. (Hieroor meer in hoofstuk 3).

Wanneer daar gelet word op die gewildheid van Bybelkennis=eksamens waaraan leerlinge deelneem, wonder 'n mens of die tyd nie aangebreek het vir toetsing op eksamenvlak ten op=sigte van die vak Godsdiensonderrig nie. Ondervinding het geleer dat leerlinge nie die werk in Godsdiensonderrig le=wer wat hulle behoort te lewer nie, juis omdat hulle weet dat daar geen punte op die rapport verskyn nie.

Bernard R. Youngman, die bekende Engelse skrywer oor Gods=diensonderrig, het die volgende stelling kwytgeraak: „Re=vision automatically leads to testing. Children argue that what isn't worth testing isn't worth learning, and expect tests in Mathematics and Geography why would there be none in Religious Knowledge ? We are trying to make it a nor=mal subject on the time-table, and to get rid of the idea that it is something special or different. Of course, it is special and it is different, but not in this way. There should be oral tests of all kinds, at suitable intervals. School reports should bear numerical results and class positions as for other subjects. A ten per cent in Mat=hematics may be outweighed by 80 per cent in Religious Knowledge, and who can estimate the psychological value of that ?"[46]

In 'n bylae tot Omsendbrief nr. 59 van 1957 word die mini=mum aantal periodes en tyd aangegee vir die nuwe gediffe=rensieerde sillabusse. Hiervolgens moet minstens twee lesperiodes per week vanaf standerd ses tot tien aan Gods=diensonderrig bestee word, terwyl aan die goedgekeurde ek=samenvakke vir die Transvaalse Eindeksamen van die sekon=dêre skool deurgaans vyf tot ses lesperiodes per week toe=

46) Ibid., p. 16.

geken word.[47] 'n Vraag wat met reg hier gevra kan word, is of Godsdiensonderrig dan wel saam met Afrikaans en Engels as die belangrikste vakke op skool beskou kan word, wanneer daar so 'n wanverhouding heers, wat die toekenning van lesperiodes bestaan. (Hieroor meer in hoofstuk drie). Soortgelyke omstandighede in Engeland het 'n onderwyseres die volgende laat opmerk: ,,..... that it was a good thing to enter as many as possible of your upper form pupils for the ordinary or advanced religious knowledge papers at G.C.E., because then you had no difficulty in getting five periods."[48] Dit lei geen twyfel dat as aan Godsdiensonderrig 'n volwaardige plek in ons skole in die verre verlede toegeken was, daar vandag geen stemme hoef op te gegaan het vir meer periodes of die instelling daarvan as eksamenvak nie. Omsendbrief nr. 69 van 1957 wys daarop dat baie skole ook nog van die twee lesperiodes se tyd gebruik vir die opening van die hele skool. Daar word dus aanbeveel om met die oog op eenvormigheid vyf-en-twintig minute van die toegestane tyd van Godsdiensonderrig te gebruik vir opening; dit sal dus een opening per week wees. Daar bly dus net 45 minute vir werklike Godsdiensonderrig oor. Hierdie reëling is in stryd met artikel 53 van 1953 wat dit duidelik stel dat bo en behalwe die gewone weeklikse opening met Skriflesing en gebed, daar nog minstens een uur Godsdiensonderrig per week in die sekondêre skool gegee moet word.[49] Die tyd wat aan Godsdiensonderrig bestee word, is reeds so min en wanneer daar nog van hierdie tyd aan die opening met Skriflesing en gebed afgestaan word, is die vraag wat onwillekeurig na vore kom, dit: Is die toegestane tyd werklik genoeg vir die aanbieding van so 'n belangrike vak ?

Daar behoort ernstige aandag aan hierdie belangrike vak gegee te word. Het die tyd nie aangebreek dat daar meer

47) Ibid., p. 18.

48) Institute for Christian Education, p. 15.

49) Castelyn, H.C. op. cit., pp. 18, 19.

tyd aan Godsdiensonderrig toegesê behoort te word nie ? Daar is 'n oplossing vir hierdie belangrike saak. As ons as basis neem dat skole nege periodes van vyf-en-dertig minute per dag het, hoekom kan hierdie periodes nie tot 30 minute verkort word nie? Dit laat ons met vyf-en-veertig minute per dag per standerd. Daar kan dus vyf ekstra Godsdiens=periodes per week op die rooster verskyn. Indien hierdie periodes ook 'n halfuur duur, laat dit ons met vyftien mi=nute per dag wat die leerlinge na hul onderskeie regis=terklasse kan gaan waar vele aangeleenthede soos byvoor=beeld merk van registers, afkondigings ensovoorts afge=handel kan word. Na die verwerking van vraelyste aan die leerlinge in hoofstuk 3 (sien bylaag B) sal meer oor hierdie aangeleentheid gesê word.

Castelyn het 'n ander oplossing om sodoende minstens twee volle periodes van 40 minute elk aan die sekondêre skool te kry. Omsendbrief 69 van 1957 lees dat wanneer 'n skool die basis van 40 periodes van 35 minute per week handhaaf, kom dit daarop neer dat hy eintlik 1 uur 40 minute min=ute minder skoolhou as die verpligte 24 uur per week vir alle sekondêre skole. Die vraag kan nou gevra word of daar nie pertinent aanbeveel kan word deur die Transvaal=se Onderwys departement dat van hierdie 1 uur en 40 minute geneem moet word vir die daelikse opening van die skool nie. So=doende kry die leerlinge ten minste in 'n week twee periodes van 40 minute elk in Godsdiensonderrig.[50] Castelyn se op=lossing vir die probleem is natuurlik aanneembaar en sal die minste ontwrigting veroorsaak, maar indien ons wil hê dat Godsdiensonderrig as volwaardige eksamenvak op die roos=ter moet verskyn, is twee periodes per week per standerd in die sekondêre skool onvoldoende.

'n Verdere Omsendbrief van die Transvaalse Onderwysdeparte=ment lui soos volg: „Om Godsdiensonderrig tot sy reg te

---

50) Loc. cit.

laat kom, word dit van belang geag dat daar stelselmatig oorgeskakel word na vakonderrig en dat die getal onderwysers wat vir die vak verantwoordelik gemaak word, streng beperk sal word."[51]
Na verwerking van Vraelys I [52] sal kommentaar gelewer word of vakonderrig ook ten opsigte van Godsdiensonderrig by skole ingevoer is, asook of daar 'n beperkte aantal onderwysers is wat vir Godsdiensonderrig verantwoordelik is.

Die Sillabus van die Transvaalse Onderwysdepartement uitgereik in 1965 (vir die vak Godsiensonderrig aan die sekondêre skool vir standerd 6-10-leerlinge) stel die tyd wat aan Godsdiensonderrig bestee moet word soos volg:

„In ooreenstemming met die Onderwysordonnansie 1953, en die Departementele tydstoekenning vir hierdie vak, moet daar in elke standerd van die middelbare skool twee periodes per week aan formele Godsdiensonderrig bestee word. Hierdie leergang is gebaseer op twee lesperiodes per week."[53]

Uit die praktyk blyk dat daar skole is wat hulle nie by bogenoemde bepaling hou nie, en waar Godsdiensonderrig in Standerds 8-10 tot een enkele periode per week beperk is.

<u>Samevattend</u>:

* Die Departementele Omsendbriewe, asook die sillabus vir Godsdiensonderrig aan sekondêre skoolleerlinge, standerd 6-10, bepaal dat daar twee formele lesperiodes in Godsdiensonderrig per week moet wees.

---

51) Transvaalse Onderwysdepartement. Omsendbrief Nr. 28 van 1965.

52) Kyk Bylae A.

53) Transvaalse Onderwysdepartement. Leergang vir Godsdiensonderrig, Standerd 6-10, uitgegee in 1965, p.5, par. E.

*. Verder word daar van skoolhoofde gevra om sover moontlik ook vakonderwys vir Godsdiensonderrig daar te stel en om die vak deur 'n beperkte getal onderwysers te laat doseer word.

2.7 Vereistes van die Transvaalse Onderwysdepartement soos blyk uit die Handboek van Instruksies aan skoolhoofde

In die Handboek van Instruksies vir die leiding van hoofde van skole vind ons die volgende:

„1. Hoofde en leerkragte moet alles in die werk stel ten einde te verseker dat Godsdiensonderrig in alle op= sigte tot sy reg kom, en dat die leerlinge benewens godsdienstige vorming, ook die nodige Bybelkennis verkry.

2. Die aandag word veral op die volgende gevestig:

(a) Pogings moet in die werk gestel word om personeel= lede wat die vak doeltreffend kan onderrig, aan elke middelbare skool benoem te kry.

(b) Personeellede behoort aangemoedig te word om va= kansie- en ander kort kursusse in Godsdiensonder= rig, wat van tyd tot tyd gehou sal word, by te woon.

(c) Die inhoud van die Godsdiensonderrig in laer en middelbare skole kan ooreenkomstig die bepalings van die Onderwysordonnansie onder andere die vol= gende behels,

(i) Bybelkennis.
(ii) Die Tien Gebooie.
(iii) Die Twaalf Artikels (Geloofsbelydenis).
(iv) Die Onse Vader."[54]

54) Transvaalse Onderwysdepartement. Handboek van Instruk= sies vir die leiding van Hoofde van skole, T.O.D., 1956-57. p. 85.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die Transvaal=se Onderwys departement dit werklik eerlik met die vak Godsdiensonderrig bedoel en dat dit ook die Transvaal=se Onderwysdepartement erns is om die vak tot sy volle reg te laat kom.

Die hoofde van skole het hier dus 'n taak, en dit is om toe te sien dat die Departementele Regulasies uitge=voer word.

Samevattend:

* Die Departement maak dit erns met die vak wanneer hulle skoolhoofde versoek om toe te sien dat personeellede wat goed gekwalifiseerd is, en daarom die vak Godsdiensonderrig beter en doeltreffender sal doseer, by hul skole aangestel te kry.

## 2.8 Vereistes wat Ordonnansie nr. 29 van 1953 stel ten opsigte van Godsdiensonderrig

Na aanleiding van die Verslag van die Provinsiale Onderwys=komitee het die Onderwysordonnansie nr. 29 van 1953 op die wetboek verskyn. Hierdie komitee het dit duidelik benadruk dat Godsdiensonderrig nie net uit 'n blote feiterelaas van die Bybelinhoud moet bestaan nie, want dit kan maklik tot opper=vlakkigheid van die Godsdiensonderrig lei. Die komitee wys dan ook daarop dat Bybelonderrig 'n godsdienstige inslag moet hê en gegrond moet wees op die ewige waarheid soos wat ons dit in die Woord van God vind en deur God daarin aan ons openbaar word. Die komitee wil dus 'n stelsel van Godsdiensonderrig sien wat sowel kennis as godsdienssin insluit.[55] Dit is daar=die diepere openbaring van God wat die leerlinge aangebied moet word. Die kind moet 'n lewende ontmoeting met God in die Godsdiensonderrigles ondervind.

---

55) Provinsie van Transvaal: Verslag van die Provinsiale Onderwyskomitee, 1952-3, par. 19.

Na die verslag van die Provinsiale Onderwyskomitee is op 16 September 1953 die nuwe Onderwysordonnansie 29 van 1953, deur die Provinsiale Raad aangeneem en is dit op 1 Desember 1953 deur die Goewerneur-generaal goedgekeur. Artikel 53 van die Onderwysordonnansie van 1953 bepaal dat die tyd wat aan Gods= diensonderrig in die sekondêre skool bestee moet word min= stens een uur per week moet wees. (Hierdie afdeling wat handel oor die tyd wat aan Godsdiensonderrig aan die sekon= dêre skool bestee moet word, is bespreek in punt 7 van hier= die hoofstuk.) Verder: Dat niks in subartikel (i) (wat lui: „In elke openbare skool begin die skooldag met gebed en die lees van die Bybel"), betrekking sal hê op 'n open= bare skool wat daar gestel is vir die kinders van ongelowige ouers nie.[56] Wat word nou eintlik onder ongelowige ouers verstaan? Daar is ouers wat gelowig is, dit wil sê gods= dienstig is, maar wat nie Christene is nie. 'n Christen is im= mers iemand wat glo dat Jesus Christus die Seun van God en een van die Persone van die Goddelike Drie-eenheid is, wat Sy lewe vir die sondaar afgelê het dat Hy die Herskeppings= middelaar is wat die gevalle mensheid met God die Vader ver= soen. Petrus sê self: „En die saligheid is in niemand an= ders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie."[57] Jesus sê: „Ek is die deur, as iemand deur My in= gaan, sal hy gered word,...!"[58] Daardie mense wat dit glo wat hierbo geskryf staan, hulle is gelowiges.

Subartikel 3 van die Onderwysordonnansie van 1953 lui ver= der: „Indien die ouers van 'n leerling wat enige openbare skool bywoon die hoofonderwyser daarvan skriftelik versoek dat die leerling vrygestel word van Godsdiensonderrig, moet die leerling aldus vrygestel word totdat die versoek terug=

---

56) Transvaalse Provinsiale Ordonnansie nr. 29 van 1953, artikel 53, subartikel 1.

57) Hand. 4:12.

58) Joh. 10:9.

getrek word.[59] Die oorgrote meerderheid van die kinders wat die Afrikaansmediumskole besoek, is doop- of reeds belydende lidmate van een van die drie Afrikaanse Reformatoriese Kerke. Die vraag wat onwillekeurig na vore kom, is: Waarom word die minderheid se regte verskans in die Ordonnansie en waarom mag daar nie aan daardie oorgrote meerderheid kinders Godsdiensonderrig aangebied word wat met hulle geloofsoortuiging in ooreenstemming is nie? Die Godsdiensonderrigonderwyser moet in die eerste instansie die Woord van God laat spreek, want dit is Godsopenbaring. Om die Woord van God anders aan die leerlinge te bring, sou niks anders as 'n verwaterde godsdiens beteken nie. Wanneer die mens bely dat die Bybel die Godgeïnspireerde Woord is, dan is dit 'n belydenisdaad wat as sodanig leerstellig is. Want hierdeur word die dogma verkondig dat die Bybel God se openbaring is, want dit is dié Boek waarin God tot ons spreek en daarom kan daar geen enkele gedeelte gevind word sonder openbaringstendens nie en wat dit dan ook onmoontlik vir die Godsdiensonderrigonderwyser maak om neutraal teenoor die Woord van God te staan en dit neutraal aan te bied.[60]

Omdat die openbare skool bygewoon word deur leerlinge met verskillende, selfs botsende, geloofsoortuigings kan die gewenste toestand waar die onderwyser die Woord van God laat spreek, nog nie verwesenlik word nie,[61] en word dit van die Godsdiensonderrigonderwyser verwag om 'n middeweg te volg om sodoende nie gevoelens te kwets nie. Die Bybel waaruit die kind onderwys word, is self leerstellig.

Wet 39 van 1967 bepaal uitdruklik dat die geloofsoortuiging van die ouers en die leerlinge geëerbiedig moet word wat

---

59) Transvaalse Provinsiale Ordonnansie nr. 29 van 1953, Artikel 53, subartikel 3.

60) Stone, H.J.S. op. cit., pp. 48,49.

61) Grové, I.J. op. cit., p. 104.

betref Godsdiensonderrig en godsdienstige plegtighede.[62] Word die geloofsoortuiging van die oorgrote meerderheid van die leerlinge wat die Afrikaansmediumskole besoek, geres=pekteer wanneer daar in Artikel 53 van 1953 subartikel (4) die volgende staan: „Geen bepaalde leer of dogma wat onder=skeidend is van 'n besondere godsdienstige gesindte of sekte, mag in enige openbare skool gedoseer word nie."?[63] Wat hier staan is weer lynreg in stryd met Wet 39 van 1967 wat uitdruklik lui dat die geloofsoortuiging van ouers en leer=linge geëerbiedig moet word. Volgens hierdie wet het die reformatories-Christelike kind die reg om aanspraak te maak op daardie Godsdiensonderrig wat in ooreenstemming is met sy geloofsbelydenis,[64] daarom kan dit nie anders dat die Godsdiensonderrig dogmaties of leerstellig vir die refor=matories-christelike kind aangebied word nie.

Godsdiensonderrig kan nooit aan die Gereformeerde, Angli=kaanse, Lutherse en sovele sektariese geloofsoortuigings in dieselfde Godsdiensonderrigles aangebied word nie, want daar bestaan nie so iets soos 'n algemene godsdiens nie en dit kan en mag ook nie van 'n onderwyser verwag word om die Woord van God so aan te bied nie. Daar is dus net een uit=weg naamlik, dat die Provinsiale Onderwysordonnansie nr. 53 van 1953 subartikel (4) in ooreenstemming gebring moet word met Wet 39 van 1967, waarna die leerplanne aan skole so her=formuleer kan word dat dit rekening sal hou met die geloofs=oortuiging van ouers en leerlinge.

---

62) Republiek van Suid-Afrika. Wet 39 van 1967, (Artikel 2(1)(a) en 2(1)(h).

63) Transvaalse Provinsiale Administrasie. Artikel 53 van 1953 subartikel 4.

64) Grové, I.J. op. cit., p. 105.

Samevattend:

*. Volgens bestaande Provinsiale Ordonnansie 29 van 1953 kan Godsdiensonderrig nie aangebied word in ooreenstemming met Wet 39 van 1967 nie, want die dogmaklousule bind die onderwyser en dwing hom om 'n neutrale Godsdiensonderrig aan te bied.

*. Subartikel 3 van die Onderwysordonnansie van 1953 bevat die erkenning van gewetensvryheid van die ouers wie se kinders die openbare skole bywoon. Vraelys 1 (Bylae A) soos in hoofstuk 3 verwerk word, behoort interessante lig te werp op hierdie aspek, naamlik watter persentasie leerlinge vrystelling van Godsdiensonderrigklasse ontvang het.

## 2.9 Die psigoligies-pedagogiese eise ten opsigte van Godsdiensonderrig

### 2.9.1 Die godsdiens van die klein kind (tot 5 jaar)

Die klein kind van hierdie jare is liggelowig en aanvaar alles wat aan hom vertel word. Sonder vraag of om te kla aanvaar hy die gesag van sy ouers. Sy godsdiens is dan ook veral gesagsgodsdiens. Daar is van konkrete belewenis ten opsigte van godsdiens nog geen sprake nie, en die ouers staan nog bo alles in die plek van God. Die rede hiervoor moet gesoek word in die konkrete voorstellings wat die kind vir hom maak. Daarom is dit van die uiterste belang dat die kind van hierdie ouderdom nie deur die onderwyser of sy ouers geskok word nie, want dan voel hy ook onveilig by God. Die kind se basiese behoeftes is voedsel en veiligheid, daarom val die klem in die Godsdiensonderrig op God as versorgende Vader.[65)]

---

65) Van Wyk, J.H. „Jy moet dit jou kinders inskerp," 'n Handleiding by die Godsdiensonderrig, p. 8.

Die waarde van gewoontehandelinge as nabootsing is baie belangrik. Sy eerbiedige handelinge is gewoon=lik niks anders as 'n afspieëling van sy ouers en an=der volwassenes se eerbiedige houding en handelinge nie.[66] Die kleinkind is lief vir die seremoniële. Dit is dus van belang dat hy aktief moet deelneem aan die huisgodsdiens. Dit is hier waar hy begin leer wat egte vrede van die Here is. Die feit dat hy hier sien hoedat sy vader of dominee buig in eerbied, laat hom die grootheid en majesteit van God besef en so=doende kweek hy die nodige ontsag aan.[67] Uit bo=staande kan ons dus aflei dat godsdienstige plegtig=hede, soos byvoorbeeld boekevat, groot vormende waar=de het, al begryp die kind van hierdie ouderdom dit nog nie ten volle nie.

Die kind van hierdie ouderdom het 'n sterk vreesele=ment en daarom moet ouers versigtig wees dat hulle nie met allerhande vertellinge die kind ontstel nie. Ouers sê dikwels aan hul kinders om lekker te slaap, want die Here sal hier by jou in die kamer bly om te sien dat jy niks oorkom nie. Hierdie gerusstelling het dan juis die teenoorgestelde uitwerking. Hy lê nou wak=ker en vrees dié onsigbare Wese wat êrens in die kamer is, maar vir Wie hy nie kan sien nie.[68]

### 2.9.2 Godsdiensonderrig van die ses-en sewejarige

Dit is nou waar die kind met die begin van sy skool=loopbaan weggeneem word uit die omgewing van sy ouer=

---

66) Hurn, H.J. en Van den Berg, A.J. op. cit., p. 40.
67) Van Wyk, J.H. op. cit., p. 8.
68) Ibid., p. 9.

huis en betree hy 'n nuwe wêreld. Nou bevind hy hom tussen talle vreemdes, kinders van sy eie ouderdom, maar tog vreemdes asook kinders met elk hul eie iden= titeit, sy eie gewoontes sy eie wil.

Hierdie kind het 'n sterk regverdigheidsin, daar moet dus streng gewaak word teen onregverdigheid asook teen onregverdige straf. Straf moet dus met die uiterste versigtigheid toegepas word en die toediening daarvan moet eerder innerlike vorming wees.

Van die uiterste belang in hierdie stadium is die reg= te verhouding tussen ouer en kind en onderwyser; want hierdie verhouding sal ook 'n sterk invloed hê op die toekomstige verhouding van die kind teenoor God. Ge= durende hierdie jare is die liefde wat die kind teen= oor sy ouers en onderwysers ontwikkel, eerder 'n af= hanklikheidsliefde wat later dan omsit in 'n heldever= ering; nie die persoon nie, maar sy dade word ver= eer.[69] Verhale van heldedade maak nou 'n groot in= druk op die kindergemoed en as hy eendag groot is, wil hy ook so 'n held wees. Die groot heilsdade moet dus veral in hierdie periode aan die kinders vertel word.

Gedurende hierdie periode is die kind nog sterk egosen= tries en vertoon sy godsdiens ook nog egosentries. Die opvoeder maak hiervan gebruik deur die kind voort= durend daarop te wys dat God hom liefhet, maar daar moet daarteen gewaak word om by die kind die idee te laat posvat dat God maar net 'n „noodgod" is.[70] Die kind moet van kleinsaf leer dat God altyd daar is en dat God nie maar net in noodgevalle geken moet word nie.

---

69) Hurn, H.J. en Van den Berg, A.J., op. cit., p. 44.
70) Van Wyk, J.H. op. cit., p. 9.

### 2.9.3 Die agt- en negejarige kind

By hierdie kind is daar reeds 'n sterk werklikheidsbe= grip teenwoordig, by hom is daar nou 'n sterk begeer= te om sy kennis te vermeerder. Dit is dus nou die stadium om hom met die Bybelse gebeurtenisse te laat kennis maak. Hy kan nou die pragtige kernversies waarvan daar so baie in die Woord van God is memori= seer. Wat hy nou leer, word nie maklik weer vergeet nie en dit is hierdie dinge wat hy nou leer wat vir hom in sy latere lewe van onskatbare waarde is. Die gewete speel ook 'n groot rol in hierdie stadium van sy lewe en hy kan nou ook duidelik onderskei tussen wat goed en kwaad is. Daar moet egter gewaak word om nie van die kind 'n klein Fariseërtjie te maak nie of aan die anderkant die kind met so 'n skuldgevoel te oorlaai dat hy daardeur moedeloos word nie. Hy moet veral geleer word wat ware berou, skuldbelydenis en -vergifnis is.[71)]

### 2.9.4 Die tien- en elfjarige kind

Hierdie stadium staan ook bekend as die pre-puberteit= stadium. Gedurende hierdie stadium vind daar fisiese, emosionele en geestelike veranderinge plaas. Die kind borrel van lewenslus, lawwigheid, uitbundigheid. Sy verstand tree ook nou meer op die voorgrond. Hy begin nou om dinge self uit te redeneer en dit is ook die stadium waarin die kind 'n sterk kritiese houding ontwikkel. Voorheen het sy gevoel en wil alles oor= heers, maar nou begin hy peins oor die dinge van die lewe.[72)]

Daar is nou by hom 'n sin vir kronologie aan die ont= wikkel. By hom was daar voorheen geen kommer oor wie

---

71) Ibid., p. 9.

72) Hurn, H.J. en Van den Berg, A.J. op. cit., p. 45.

voor wie gelewe het nie. Nou begin hy om logies te redeneer en begin die tydsorde van gebeurtenisse vir hom betekenis kry. Dit is dus belangrik dat die Bybelse= geskiedenis nou kronologies aan hom geleer word. Hy leer nou om die hand van God in alles raak te sien ook in dié van sy eie lewe. Daar word nou veral klem gelê op die lyn van die verbond van God met die mens en hoe God altyd die verbond getrou nakom, al verbreek die mens so dikwels sy deel van die verbond.[73]

2.9.5 Die twaalf- en dertienjarige kind

Nou ondergaan die kindergodsdiens 'n merkbare verande= ring. Hierdie verandering kan [illegible]gesien word aan die houding van die kind teenoor mense, dinge en ver= skynsels waarmee hy in aanraking kom. Hy raak nou maklik verwar en sien die stryd in die lewe raak. Hy sien met verlange uit na 'n beter wêreld en dit wek by hom 'n diep godsdienstige stemming op.

Nou wil die kind weet waarom dinge sus of so is. Die kronologiese word nou aangevul deur die logiese. Hy wil byvoorbeeld weet: Waarom laat God dit en dat ge= beur ? Nou val die klem in die Bybelvertelling op die betekenis van die Godsopenbaring. Die kind wil nou nie net weet nie, maar nou wil hy ook weet waarom hy moet weet. Daar is by hom geen sin meer in 'n klakke= lose oorvertelling nie, daarom moet die Godsdienson= derrig op 'n uiters sinvolle wyse gebring word.[74]

Die omgewing het 'n belangrike invloed op die lewe van die kind gedurende hierdie jare. Waar die omgewing hoofsaaklik godsdienstig van aard is, is die kind ook geneig om godsdienstig te wees, maar ongelukkig

73) Van Wyk, J.H. op. cit., p. 10.
74) Loc. cit.

is die teendeel ook waar. Dit is ook gedurende hierdie jare dat die kind uiters gevoelig is vir die voorbeeld van ander soos byvoorbeeld sy ouers, ouer broers en susters en die onderwyser. 'n Verskil tussen die leer en lewe van sy onderwyser ontwrig hom en daarom is dit van die uiterste belang dat die voorbeeld van sy onderwyser navolgenswaardig moet wees.[75]

Die laat kinderperiode kan ook beskou word as 'n oorgangstadium na die adolessensie; gedurende hierdie laat kinderstadium vind reeds die voorbereidings in die onderbewussyn plaas vir die adolessensiestadium, maar dit hou egter nog verband met die voorafgaande, die kind deel nog in die beskouinge van sy omgewing maar daar is 'n duidelike merkbare verskil in sy vroeëre houding.[76]

## 2.9.6 Die sekondêre skoolkind

Die godsdiens is by die mens geen onveranderlike proses nie, maar is steeds wordende. Kupky stel dit soos volg: „In reality, the whole personality of a young person grows, and with it his religion."[77] Soos die kind liggaamlik groei, so groei ook sy geestelike of godsdienstige visie. Dit is ook om hierdie rede dat die kleinkind se godsdiens verskil van die van die primêre skoolkind, terwyl die primêre skoolkind se godsdiens weer verskil van die van die sekondêre skoolkind, terwyl die sekondêre skoolkind se godsdiens weer sal verskil met die van die volwassene, terwyl die godsdiens van kind tot kind en van kind tot volwassene en van volwassene tot volwassene verskil.[78]

---

75) Hurn, H.J. en van den Berg, A.J. op. cit., p. 46.

76) Bingle, H.J.J. Enkele godsdienstige opvattinge van die middelbare skoolleerling, Proefskrif vir die Graad D. Phil., p. 41.

77) Kupky, Oscar. The religious development of adolescents, p. 109.

78) Bingle, H.J.J. op. cit., p. 39.

Die adolessent gebruik baie kere die woorde: „ek is nie 'n kind nie." Dit is ook waar van sy godsdiens. Die adolessent is geen kind nie, maar ook nog geen volwassene nie. Hy is besig om afskeid te neem van die kinderleeftyd en is vinnig op weg na volwassen= heid. Die kindertrekke is besig om te verdwyn uit sy godsdiens, en op godsdienstige gebied is hy dus ook op weg na volwassenheid.[79)]

Hierdie jare staan ook bekend as die storm- en drang tydperk. Hy beleef nou 'n stryd tussen die begeerte om die dinge te behou wat aan hom 'n vastigheid aan die eenkant bied, en aan die anderkant is daar weer die begeerte om ontslae te raak van die kinderlike opvat= ting van vroeër. Hierdie reaksie vind veral ook op godsdienstige gebied plaas. Nou wil hy alles wat hy op godsdienstige gebied geleer het met sy eie gods= dienstige ondervindinge en denke [illegible] vul. Sy gewete speel nou veral 'n groot rol en hy verlang na 'n insig in die dieper betekenis van die oorgelewerde gods= diens.[80)]

Die sekondêre skoolleerling wil nou nie net alleen weet nie maar hy wil ook die dinge beleef. Om hier= die rede stel hy die eise vir die Christelike lewe hoog. Wanneer sy ouers en onderwysers hom in hier= die verwagtinge teleurstel en skok, is hierdie leer= ling nie meer bereid om hom aan hulle gesag te onder= werp nie. Dit is op hierdie stadium dat twyfel besig is om hom te ontsenu daarom is die voorbeeld van sy ouers en opvoeders van die allergrootste belang.[81)]

---

79) Bingle, H.J.J. op. cit., p. 40.
80) Hurn, H.J. en Van den Berg, A.J. op. cit., p. 47.
81) Van Wyk, J.H. op. cit., p. 11.

Die kind se hele lewe is aan skommeling onderworpe en beleef hy nou sterk afwisselende gemoedstoestande, hy ondervind nou oomblikke van die grootste geluksaligheid wat dan weer verval tot oomblikke van die grootste ongelukkigheid. Die een oomblik voel hy hom so naby God om die volgende oomblik so oneindig ver van God te voel.[82] Hierdie leerling moet met die grootste mate van simpatie behandel word, daar moet veral gewaak word om die kind nie nog dieper in sy neerslagtigheid in te dwing nie.

Die strewe word al sterker by die hoërskoolkind om „Bybel en wêreld, geloof en die alledaagse lewe met mekaar in verband te bring. Hy wil weet wat die Bybel met die lewe, die politiek, die samelewing, sport en vermaak, spel en ontspanning, kuns en wetenskap te doen het."[83] Vandag se groot wêreldgebeure kan en behoort deur die bril van Gods Woord verstaan te word. Opvoeders moet dan ook hier leiding verskaf deur hieroor te spreek.

Liefde en bewondering lei die kind na God, veral wanneer die voorwerp van bewondering en veredeling self godsdienstig is.[84] Dit is dan veral ook hier waar die voorbeeld van die ouer en opvoeder van die grootste belang is.

Die sekondêre skoolleerling ly aan gewetenswroeging met betrekking tot seksuele oortredings en dit is veral ook op hierdie gebied dat 'n simpatieke houding en wyse leiding vir hom goud werd is. Hier is open=

---

82) Bingle, H.J.J. op. cit., p. 45.
83) Van Wyk, J.H. Ibid., p. 11.
84) Hurn, H.J. en Van den Berg, A.J. op. cit., p.48.

hartige bespreking tussen opvoeder en kind van die grootste belang want alleen op hierdie manier sal die kind op die regte koers gebring en gehou kan word. Terugslae, teleurstelling, dood van 'n vriend of familielid, siektes en prestasies kan hom of weg of nader aan God laat beweeg, ook hier is wyse leiding van die grootste waarde en betekenis vir die kind. Slegs daardie opvoeder wat 'n houding van kameraadskap tussen hom en die kind handhaaf, sal die kind hier tot ontsaglike hulp wees. Die opvoeder wat hier onbillik gaan optree en dwang toepas, berokken oneindig skade aan die godsdiens van die kind. „Hulp, nie dwang nie, begrip nie veroordeling nie, tweegesprek, nie toesprake nie, is uiters noodsaaklik."[85)]

Hier kan die onderwyser weer 'n slag luister na die wyse woorde van die Spreukedigter: „'n Sagte antwoord keer die grimmigheid af, maar 'n krenkende woord laat die toorn opkom."[86)] Natuurlik mag die onderwyser nooit slegte dade goedpraat nie, maar dis veral dan die tyd dat wyse raad mildelik uitgedeel sal word.

<u>Samevatting</u>:

Uit bogenoemde kan nou die volgende eise waaraan die Godsdiensonderrig behoort te beantwoord, afgelei word (ten opsigte van die sekondêre skool):

*) Daar moet rekening mee gehou word dat die hoërskoolkind nie meer net 'n passiewe luisteraar is nie maar wil saampraat, saamredeneer en dit wat vir hom voorheen aanvaarbaar was nou krities ondersoek.

---

85) Van Wyk, J.H. op. cit., pp. 11, 12.

86) Spr. 15:1.

* Daar moet veral op hierdie leeftyd gelet word na die voorbeeld wat die ouers en onderwysers stel, omdat dit die stadium is waar kinders veral op die lewenswyse van hul meerderes let en 'n skok veral deur hulle na wie hy opsien vir leiding mag onberekenbare skade aan die jong kindersiel berokken.

* Hedendaagse gebeure moet vir die kind verstaanbaar gemaak word deur dit te sien in die lig van Gods Woord, en daarom is dit van die uiterste belang dat daar ook veral in die Godsdiensonderriglokaal na die hedendaagse wêreldgebeurtenisse 'n ope gesprek met die leerlinge gevoer word met in agneming wat die Woord van God daaroor sê.

* Dit is ook veral op hierdie stadium van seksuele en ander afwykings waar die Godsdiensonderrigonderwyser met 'n simpatieke oor en liefdevolle raad die leerlinge deur hierdie tydperk moet help.

## 2.10 Die situasie van die moderne kind

### 2.10.1 Die gees van die tyd

Die woord ‚modern' word deur J. Chris Coetzee soos volg gedefinieer: „Modern, is 'n heeltemal betreklike woord. Wat vandag modern is, is môre verouderd, en wat gister modern was is vandag verouderd." Dit, sê Coetzee, het ook betrekking op die jongmense, want; „Wie vandag jongmense is, is môre grootmens, en wie gister kleinmens was, is vandag jongmens." Coetzee gaan verder deur te sê dat daar „altyd kleinmense, jongmense, en grootmense was. Daarom was daar ook dan altyd dwarsdeur die eeue moderne mense." Tog, so beweer Coetzee, is die jongmense van vandag inderwaarheid meer ‚modern', as die jongmense van gister, maar voeg Coetzee daaraan toe, „dat in alle eeue jongmense tog ‚anders' was as hul tydgenootlike grootmense." Die jong=

mense van vandag is anders as die grootmense uit wie hulle voortgespruit het. Dit is die gevolg van die ontwikkeling en vooruitgang op die gebied van die kultuur, kuns, beskawing en orde onder die mense. Daar moet vernuwing onder die mense wees, anders sou ontwikkeling en vooruitgang nie kon plaasvind nie, dit sou dan tot verstarring gelei het, met die gevolg dat alles oud en verouderd sou bly.[87)]

Dit is seker so dat elke geslag se moderne mense an= ders is as die vorige geslag se moderne mense. Wan= neer daar gelet word op die jongmense van vandag, kan die andersheid in hul modernisme met vorige geslagte opgemerk word.

Waaruit kan ons dan hierdie andersheid van vandag se moderne jongmense sien? Die wêreld word elke dag kleiner. Daar was baie meer uitvlugweë vir die jong= mense van vorige geslagte. Vandag se jongmense is meer ingeperk, dit wil sê ingedwing in 'n ontsaglike groot sosiale struktuur met sy geweldige industriali= sasie, meganisasie, urbanisasie en sekularisasie. Die gevolg hiervan is die diep frustrasie in die lewe van die jongmense van vandag. Die jongmens voel homself van alle kante bedreig of vasgekeer en dit voel of daar geen uitweg uit hierdie doolhof is waarin hy hom be= vind nie. Hierdie lewensfrustrasie waarin die jong= mens hom bevind, lei tot lewensangs, want, redeneer hy, die lewe het vir hom geen sin meer nie; dit het sinloos geword.[88)]

Die jongmens van vandag voel onseker, bedreig en ver= ward, die vinnige verandering op byna alle gebiede

---

87) Coetzee, J. Chris. Artikel in die Onderwysblad, April, 1972, pp. 61,62.

88) Ibid., p. 62.

het hom ontwortel van die gevestigde tradisie en kon= vensies. Hy soek na nuwe vastigheid. Hy soek die sin in die dinge hier en nou. Die snelle tegnologiese ontwikkeling en industrialisasie van ons tyd lei tot geestelike wanaanpassing, bedreiging van persoonlike vryheid, verantwoordelikheid en naasteliefde.[89]

Die fatalistiese houding is veral 'n kenmerk van van= dag se jongmense, wat soos volg redeneer: Die nood= lot bepaal, die mens kan daar niks aan verander nie, dit vloei dan in 'n soort fanatisisme uit; alles vir die groep, niks vir die self nie;[90] die groep dink vir almal en 'n ieder.[91] Die Tweede Wêreldoorlog het sy naînvloed op bogenoemde lewensuitkyk oorgeplant en hierdie wêreld pluk vandag die wrange vrugte van die Tweede Wêreldoorlog. Die lewe het vir baie mense geen waarde en sin meer nie en die waarheid word aller= weë verdraai. Alles lyk chaoties en daarom bevind ook die jongmense van vandag hulle in 'n wêreld van chaos.

Wanneer daar op die handelswyse van wêreldregerings of groepe mense en indiwidue gelet word, kan ons duide= lik die volgende opmerk: terroriste word as vryheids= vegters bestempel; onchristelikheid word as Christe= lik aangedien; onreg word as reg beskou en aanvaar, die vurigste haters beskou hulleself as kampvegters van die liefde; die verkondigers van vrede is die wreedste oorlogvoerders. Hierdie dinge het hulle uit= werking op die jongmense van vandag.

Nog nooit in die geskiedenis van die mensdom is daar meer van die waarheid en vryheid gespreek as in die

---

89) Van Wyk, J.H. Eksistensieteologie en Godsdiens= onderrig, pp. 479, 480.

90) Coetzee, J. Chris. op. cit., p. 62.

91) Loc. cit.

tyd waarin ons leef nie; nog nooit is daar soveel aan hierdie twee sake getwyfel as juis in ons tyd nie, en veel erger nog, teen albei gesondig as juis in die hier-en-nou-situasie van ons tyd nie.[92]

Die leuen word vandag as die waarheid aanvaar. On= ontwikkelde nasies wil vandag aan die ontwikkelde nasies voorskryf wat reg en verkeerd is; en hoe verdraai hulle nie die reg nie! Dit wat sleg is, word goed gepraat. Dit is in hierdie wêreld waarin die gelowige hom ook bevind; dit is hierdie gelowige se kind aan wie die Godsdiensonderrigonderwyser gods= diens moet doseer. Ook die gelowige staan midde in hierdie chaotiese wêreld. Waar sal die gelowige jong= mens lig vind in hierdie tyd met sy sogenaamde verlig= te idees, wanbegrippe en met sy wanverhoudings ? Die Psalmdigter gee hierop die altydgeldende antwoord: „Waarmee sal die jongeling sy pad suiwer hou ? Deur dit te hou na u woord;"[93] en verder; „U Woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad."[94]

Vir die gelowige is die grondoorsaak van die moderne houding van jongmense en volwassenes die verlies aan alle opregte en vaste geloof in die ewige hemelse Vader. Die tyd waarin ons leef is 'n tyd van verwê= reldliking en vervlakking van menslikedenke. Ons god= lose wêreld is daarop uit om alle gehoorsaamheid en verantwoordelikheid, asook alle geluk en vryheid te vernietig. Dit het al ver gevorder op die weg van losbandigheid, kerkloosheid, bandeloosheid; die ou gevestigde orde wat daar was is besig om onder te gaan. Die wêreld stuur af op 'n verwerping van alle verant= woordelikheid en vryheid.[95]

---

92) Dondeyne, A. Geloof en wêreld, p. 137
93) Psalm 119:9.
94) Psalm 119:105.
95) Coetzee, J. Chris, op. cit., p. 62.

Die vraag is nou; waarop gaan dit alles uitloop ? Die antwoord is: Op die wederkoms van Jesus Christus. Dit is waarna die gelowige uitsien. Dit is wat die Godsdiensonderrigonderwyser in sy klas moet predik. Sy godsdiensonderrig moet Christusverkondiging wees. Juis wanneer dit lyk of die saak van Jesus Christus op aarde totaal verlore is, sal Christus in al sy heerlikheid verskyn om sy werk af te rond en sy koninkryk vir ewig te vestig, want reg en geregtigheid sal seevier.[96]

Die Godsdiensonderrig moet dus so aangebied word dat die sekondêre skoolkind die sin van hierdie lewe kan insien. Hy moet daartoe gelei word om nie net sy roeping in die kontingente situasie raak te sien nie, maar ook leer hoe hy sy roeping in ons tyd moet uitvoer.

### 2.10.2 Die godsdienstige opvoeding van die moderne kind

Bostaande gee vir ons 'n goeie idee van die agtergrond waarop die Godsdiensonderrigonderwyser moet let by die godsdienstige opvoeding van die hedendaagse skoolkind, veral die sekondêre skoolkind.

Daar is werklik 'n ernstige behoefte in ons skole aan ware Christelike opvoeding. Dit wat die kinders hier en nou leer, moet nie los van die Woord van God staan nie. Dit is van die allergrootste belang dat die kind sal weet dat die geskiedenis van die wêreld die ontvouing van die raadsplan van God is, en dat die aardrykskunde van die wêreld die kennis van die aarde van God is,[97] en dat die God van die Israeliete

---

96) Jes. 9:6.

97) Van Wyk, J.H. 'n Handleiding by Godsdiensonderrig, p.13.

van die Ou Testament ook ons God is. Hy is dit wat die lotgevalle van volkere en nasies bepaal.

Die kind word die sterkste aangespreek deur dit wat hier en nou gebeur, daarom moet die Godsdiensonderrigonderwyser die noodsaaklike verband tussen die leerstof en die eietydse kultuur handhaaf. Dit is dus van die uiterste belang dat die Godsdiensonderrigles aktueel aangebied moet word. Die inhoud en metode van die Godsdiensonderrigles moet die kind opvoed tot verantwoordelikheid, pligsbesef en lei tot geestelike volwassenheid.[98]

Die kind moet daartoe gelei word om sy godsdiens te belewe. God moet nie as 'n noodgod gesien word nie, maar moet gesien word as dié God wat elke oomblik van die lewe bepaal. God is hier en nou ook teenwoordig, want God is die Skepper, maar ook die Onderhouer en Regeerder van sy ganse skepping. God is nie net God wat die natuur beheers nie, maar Hy is ook dié God van die kultuur. Dit is Hy wat die mens daargestel het om die aarde te bewerk, daaroor te heers, alleenlik tot sy eer en verheerliking.[99]

Die kind moet in die Godsdiensonderrigles tot die besef gebring word van die mens se volle afhanklikheid van die gunste en gawes van God. Hy moet leer insien dat alles wat die mens is en het, gawe van God is.

In die Godsdiensonderrigles moet die Bybel self tot die kind spreek, daarom moet die Bybelles steeds met die Bybel as norm aangebied word. Die metode van onderrig

98) Van Wyk, J.H. Eksistensieteologie en Godsdiensonderrig, pp. 498, 499.

99) Van Wyk, J.H. 'n Handleiding by die Godsdiensonderrig, pp. 13, 14.

in die Godsdiensonderrigles moet op die klas- en leer= gesprek gebaseer wees; daar moet minder toegespreek word; „meer bespreek" moet die leuse van die Godsdiens= onderrigonderwyser wees. Dit is van belang dat die By= belse leerstof sinvol aan die kind gedoseer word. Die Godsdiensonderrigles behoort so aangebied te word dat die Christus van die verlede nie die Christus van die hede verdring nie.[100)]

Die kinders moet geleer word dat Jesus nie net in die hemel aan die regterhand van God die Vader woon nie; ook hier op aarde vertoon kerk en gelowiges die lig= gaam van die lewende, opgestane Jesus Christus.[101)] Dit is nog dieselfde wonderlike Jesus wat nou nog by die Vader vir ons voorbidding doen. Die kind moet geleer word om tot daardie Jesus te bid, om sy ge= bedslewe so te rig dat alles wat hy in hierdie lewe nodig mag hê, hy van die Vader in die naam van sy Seun Jesus Christus moet vra.

Die leerlinge moet tot die besef gebring word dat die lewe van die Christen 'n biddende lewe is, dat dit sy wapen is in hierdie wêreld met sy onsekerheid; maar hy moet ook geleer word dat gebed nie net uit smekin= ge bestaan nie, maar ook lofbetuiging en danksegging moet insluit.

Die meganiese aanleer van Bybelversies moet vermy word, die kerngedagte van die betrokke Godsdienson= derrigles moet in 'n kernversie, wat gememoriseer moet word, saamgevat wees. Dan maak die memorisering van kernversies sin. So ook moet die gee van werkopdragte betekenisvol wees. Dit moet ten nouste verband hou

---

100) Van Wyk, J.H. Eksistensieteologie en Godsdiens= onderrig, p. 499.

101) Van Wyk, J.H. 'n Handleiding by die Godsdienson= derrig, p. 15.

met die doel van die les. Die kind moet besef dat dit nie net maar nog 'n werkopdrag is nie, maar dat dit sin en betekenis het in sy lewe. Feitekennis is nie die hoofsaak by die Godsdiensonderrigles nie, maar wel dit wat met daardie les bereik wil word. Die betekenis van die betrokke Skrifgedeelte moet begryp word.[102)]

Ondervinding het geleer dat gewyde sang nie sy reg= matige plek by die Godsdiensonderrigles inneem nie. Dit is van groot belang dat gewyde sang sinvol in die Bybelles ingevleg word. Die klem by die sing van ge= wyde liedere val op die lof en prys van die Here. Hierdie lof en prys moet sover moontlik verband hou met die Bybelles en die kontingente situasie.

Dit is en bly die besondere taak van die Godsdiens= onderrigonderwyser van ons tyd om die verrese Heiland met krag te verkondig.[103)] Die kind moet tot die be= sef gebring word dat Jesus Christus oor die bose vir ewig triomfeer en dat hy deur Hom ook sal oorwin.

Samevattend

* Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die Woord van God so aan die leerlinge aangebied moet word dat hulle sal besef dat God ook vandag nog deur sy Woord tot hom spreek in sy konkrete situasie. Dit is van die uiterste belang dat kennis van die Drie-enige God en sy Woord aktueel gedoseer word.

2.10.3 Die eise wat al bogenoemde aan die moderne opvoeder stel

** Die Godsdiensonderrigonderwyser moet waarlik 'n oor=

---

102) Van Wyk, J.H. Eksistensieteologie en Godsdiensonder= rig, p. 500.

103) Ibid., p. 501.

tuigde, simpatieke, belangstellende, voorbeeldige en bo alles 'n gelowige mens wees wat in sy omgang met sy leerlinge deur eenvoud, natuurlikheid, opregtheid en soberheid gekenmerk word.[104]

** Hy moet 'n selfoortuigde Christen wees wat met innige liefde en entoesiasme tot die kind spreek oor die groot en wonderlike heilsdade van God. Dit wat hy tot die kind bring oor die Woord van God, moet uit sy hart kom.[105] Met sy gevoelvolle gesprek met die kind moet die kind werklik onder die besef gebring word dat sy Godsdiensonderrigonderwyser dit wat hy predik self be= ly, en saam moet hulle in gewyde stemming onder die geklank van die Woord van God verkeer.

** Die gelowige opvoeder bied nie klaargeknipte oplos= sings vir probleme of moeilike situasies aan nie, hy bied homself vir die kind aan. Sy voorbeeld moet die kind tot Godsvrug aanspoor om sodoende die lig van die ewige Woord van God op elke lewensituasie te laat val.[106]

** Die gelowige opvoeder moet altyd onthou om minder toe te spreek en meer te bespreek, hy moet in die kind nie net 'n gewillige luisteraar hê nie, maar hy moet hom ook tot 'n ontluikende redenaar omskep. Die gelowige opvoeder moet die Woord van God in die hande van sy leerlinge plaas en so saam met sy leerlinge die on= uitputlike bron van waarheid in die Godsdiensonder= riglokaal ontdek en hul eie maak.

** „So kan die Bybel midde-in die lewe van die kind staan. Die Christus van die verlede moet in die persoon van die nóú lewende Christus vlak voor die kind staan.[107]

---

104) Loc. cit.

105) Van Wyk, J.H. 'n Handleiding by die Godsdiens= onderrig, pp. 15, 16.

106) Ibid., p. 16.

107) Van Wyk, J.H. Die Bybel in die lewe van die kind, p. 16.

** Die Godsdiensonderrigonderwyser moet met blymoedig=heid sy taak aanpak en altyddeur dieper delf in die onuitputlike rykdom van Gods Woord. Hy moet nooit tevrede wees met dit wat hy weet nie, maar steeds navorsing doen op die gebied van die Godsdiens. Hy moet 'n studerende Godsdiensonderrigonderwyser wees, wat altyd daarna strewe om sy kwalifikasies te ver=beter, en moet nooit tevrede wees met net 'n gewone Onderwysdiplomakursus in Godsdiensonderrig nie.

** Verder moet die gelowige onderwyser altyd sy ver=troue in die Here stel en moet sy leuse altyd wees: Aan God die eer! Hy moet 'n besielende voorbeeld vir sy leerlinge wees, en deur sy voorbeeld moet hulle daarna streef om die Woord van God te onder=soek en bestudeer.

** Dit is daarom van die uiterste belang dat die Gods=diensonderrigonderwyser se kwalifikasies van baie hoë gehalte moet wees, want daardie onderwyser wat 'n diepgelowige is maar ook 'n hoogs gespesialiseerde vakkundige op die gebied van Godsdiensonderrig is, sal reg aan dié vak kan laat geskied. Deeglike en diepgaande kennis van die teologie of Bybelkunde, en die Opvoedkunde veral die vakdidaktiek van Bybelkun=de en Godsdiensonderrig is 'n vereiste in ons tyd.

** Omsendbrief 28 van 1965 lui soos volg: „Net soos in die geval van ander vakke, sal die doel met Godsdiens=onderrig op die beste wyse verwesenlik word as hoër=skoolposte vir die onderrig daarvan deur goedonder=legde vakonderwysers met die nodige belangstelling en aanleg daarvoor, gevul kan word."[108] Skoolhoofde het dus hier ook 'n taak naamlik om toe te sien dat alleen

108) Transvaalse Onderwysdepartement, Omsendbrief nr. 28 van 1965.

daardie onderwysers wat goed gekwalifiseerd is en die belange van die vak op die hart dra, die vak doseer.

Samevatting:

* Die Godsdiensonderrigonderwyser moet 'n voorbeeld vir die leerlinge wees en moet altyd gewillig wees om met 'n simpatieke oor te luister na die baie probleme waarmee hulle te kampe het; hy moet in staat wees om die leerlinge te help om moeilike lewensituasies te begryp en te hanteer;

* die inspirasie wat van die Godsdiensonderrigonderwyser uitgaan moet die leerlinge aanmoedig om die Woord van God te ondersoek en bestudeer;

* deur die bril van Gods Woord moet hy die kind die wêreldgebeure van vandag laat begryp en bepeins en hom tot die besef bring dat God ook vandag, ook nou en hier, die lotgevalle nie net van nasies en volkere bepaal nie, maar ook van indiwidue, ook van elke kind in sy konkrete situasie, bepaal.

* Hy moet die kind laat besef dat die God van Abraham, Isak en Jakob ook sy God is en dat die Here, Jesus Christus, ook vir sy sonde aan die kruishout gesterf het, maar bo alles, weer opgestaan het en nou by sy Vader ook vir hom voorbidding doen.

* Slegs daardie Godsdiensonderrigonderwyser wat 'n diep gelowige is en wie se kwalifikasies van 'n baie hoë standaard is, sal reg aan die vak laat geskied.

## 2.11 Kriteria waaraan die Godsdiensonderrig hedendaags moet beantwoord (samevattend gestel)

### 2.11.1 Vereistes van die Skrif

2.11.1.1 Bybelkennis moet ingeskerp word, want geen lewensituasie staan buite die lig= kring van die Woord van God nie.

2.11.1.2 Die Woord van God moet suiwer, dit wil sê sonder byvoegings of weglatings, aan die leerlinge oorgedra word.

2.11.1.3 Die Bybel moet so aan die leerlinge ge= leer word dat hulle daarmee dwalinge kan weerlê.

2.11.1.4 Die Godsdiensonderrig moet die kind in sy lewenstaak in al sy verskeidenheid toerus.

2.11.1.5 Die Godsdiensonderrig moet lei tot 'n God= welgevallige lewenswandel, met ander woor= de moet lei tot toepassing van die Skrif= leer op lewensituasies.

2.11.1.6 Die kind moet besef dat die ewige lewe daarvan afhang of God geken word of nie, met ander woorde Bybelonderrig moet bekend= stelling met God wees, nie mededeling van ditjies en datjies; allerlei wetenswaar= dighede, name, tye, gebeurtenisse, ens. sonder Godsopenbaring nie.

### 2.11.2 Vereistes van Wet 39 van 1967

2.11.2.1 Die Onderwyswetgewing van Suid-Afrika eis dat die standpunte wat in die Godsdiens= onderrig ingeneem word, in ooreenstemming met die van die ouer en die kind sal wees.

2.11.2.2 Verder eis die wet dat die onderwys wat aan alle blanke kinders in openbare staat=skole gegee word, Christelik moet wees.

2.11.3 <u>Die eise van die ouers ten opsigte van die Godsdiensonderrig</u>

2.11.3.1 Omdat die oorgrote meerderheid van kin=ders wat die Afrikaanse sekondêre skole besoek, afkomstig is uit huise wat Cal=vinisties is, het die ouers 'n reg om te eis dat die gees en rigting van die skole waar hul kinders onder andere godsdiens=tig opgevoed word, Calvinisties moet wees.

2.11.3.2 Ouers behoort ook kragtens die doopbelof=te sodanig reg te hê.

2.11.3.3 Ouers het verder die reg om te eis dat slegs Christelike onderwysers aangestel word, onderwysers wie se lewenswandel en geloofsoortuiging ooreenstem met die van die Christenouer.

2.11.4 <u>Die eise wat die kerk geregtig is om te stel ten opsigte van Godsdiensonderrig aan die skool</u>

2.11.4.1 Die kerk kan geen vrede daarmee hê dat sy dooplidmate verplig is om 'n skool te besoek waarvan die grondslag vreemd is aan die belydenis van die kerk nie.

2.11.4.2 Die kerk kan hom nie by die algemene volk=skool neerlê nie en moet steeds 'n gedif=ferensieerde skoolstelsel predik sodat gelowiges hulle belydenis in die skool kan uitlewe.

2.11.4.3 Alhoewel die kerk geen direkte seggenskap in die skool as selfstandige samelewingsverband het nie, is dit sy reg om 'n vermanende woord te rig tot die skooloutoriteite en tot sy lidmate wat by die skool betrokke is.

2.11.5 <u>Die eise wat die staat stel aan die skool met betrekking tot Godsdiensonderrig</u>

2.11.5.1 'n Christelike owerheid het die reg om te eis dat vir Christelike Godsdiensonderrig voorsiening gemaak word.

2.11.5.2 Die staat het die reg om van Provinsiale Onderwysdepartemente te verwag om uitvoering te gee aan die eise van Wet 39 van 1967 wat Christelike onderwys verskans en ouerseggenskap waarborg.

2.11.5.3 Die staat mag staatskadende, staatsgevaarlike en sede-ondermynende elemente in die Godsdiensonderrig verbied.

2.11.5.4 Die staat het ook 'n plig teenoor minderheidsgroepe en kan dus eis dat daar met hul geloofsoortuiging rekening gehou moet word en reël dat vir hulle op een of ander prakties uitvoerbare wyse voorsiening gemaak word.

2.11.6 <u>Vereistes van die Transvaalse Onderwysdepartement soos blyk uit sekere omsendbriewe</u>

2.11.6.1 Die Departementele Omsendbriewe, asook die sillabus vir Godsdiensonderrig aan middelbare skoolleerlinge, standerd 6 tot 10, bepaal dat daar twee formele lesperiodes in Godsdiensonderrig per week moet wees.

2.11.6.2 Verder word daar van skoolhoofde gevra om so ver moontlik vakonderwys ten opsig= te van Godsdiensonderrig daar te stel en om die vak deur 'n beperkte getal onderwy= sers te laat doseer.

2.11.7 <u>Vereistes van die Transvaalse Onderwysdeparte= ment soos blyk uit die Handboek van Instruk= sies aan skoolhoofde</u>

2.11.7.1 Die Departement maak dit erns met die vak wanneer hy skoolhoofde versoek om toe te sien dat personeellede wat goed gekwalifiseerd is, en daarom die vak Godsdiensonderrig beter en doeltreffender sal doseer, by hul skole aan= gestel te kry.

2.11.8 <u>Vereistes wat Ordonnansie 29 van 1953 stel ten opsigte van Godsdiensonderrig</u>

2.11.8.1 Volgens bestaande Provinsiale Ordonnansie 29 van 1953 kan Godsdiensonderrig nie aan= gebied word in ooreenstemming met Wet 39 van 1967 nie, want die onderhawige dog= maklousule bind die onderwyser en dwing hom om 'n neutrale Godsdiensonderrig aan te bied.

2.11.8.2 Subartikel 3 van die Onderwysordonnansie van 1953 bevat die erkenning van gewetens= vryheid van die ouers wie se kinders die openbare skole bywoon. Vraelys 1 (Bylae A) soos in hoofstuk 3 verwerk word, behoort interessante lig te werp op hierdie aspek, naamlik watter persentasie leerlinge vry= stelling van Godsdiensonderrigklasse ont= vang.

2.11.9 Die psigologiese-pedagogiese eise ten opsigte van Godsdiensonderrig aan die sekondêre skool

2.11.9.1 Daar moet rekening mee gehou word dat die hoërskoolkind nie meer net 'n passiewe luisteraar is nie, maar hy wil saampraat, saamredeneer en dit wat vir hom voorheen aanvaarbaar was, wil hy nou krities ondersoek.

2.11.9.2 Daar moet veral op hierdie leeftyd gelet word op die voorbeeld wat die ouers en onderwysers stel, omdat dit die stadium is waar kinders veral op die lewenswyse van hul meerderes let. 'n Skok deur hulle na wie hy opsien vir leiding, mag onberekenbare skade aan die jong kindersiel berokken.

2.11.9.3 Hedendaagse gebeure moet vir die kind verstaanbaar gemaak word deur dit te sien in die lig van Gods Woord, en daarom is dit van die uiterste belang dat daar ook veral in die Godsdiensonderriglokaal ten opsigte van die hedendaagse wêreldgebeurtenisse 'n ope gesprek met die leerlinge gevoer word met in agneming van wat die Woord van God daaroor sê.

2.11.9.4 Dit is ook veral op hierdie stadium van seksuele en ander afwykings waar die Godsdiensonderrigonderwyser 'n simpatieke oor moet hê en deur liefdevolle raad die leerlinge deur hierdie tydperk moet help.

2.11.10 <u>Die eise wat die moderne kind aan die Gods= diensonderrig stel</u>

2.11.10.1 Die Godsdiensonderrig moet so aangebied word dat die sekondêre skoolkind die sin van die lewe kan insien, sy roeping ten opsigte van hierdie wêreld kan besef en daaruit sal leer hoe hy sy taak kon= kreet moet vervul.

2.11.10.2 Verder is dit van die grootste belang dat die Woord van God so aan die leerlinge aangebied word, dat hulle sal besef dat God ook vandag nog deur sy Woord tot hom persoonlik spreek in sy konkrete situasie hier en nou.

2.11.10.3 Dit is van die uiterste belang dat die ken= nis van die Drie-enige God en sy Woord ak= tueel gedoseer word.

2.11.11 <u>Vereistes wat die vak Godsdiensonderrig aan die moderne opvoeder stel</u>

2.11.11.1 Die Godsdiensonderrigonderwyser moet 'n voorbeeld vir sy leerlinge wees en moet altyd gewillig wees om met 'n simpatieke oor te luister na die baie probleme waar= mee hulle te kampe het, en hulle help om moeilike lewensituasies beter te begryp en te hanteer.

2.11.11.2 Die inspirasie wat van die Godsdiensonder= rigonderwyser uitgaan moet die leerlinge aanmoedig om die Woord van God te onder= soek en te bestudeer.

2.11.11.3 Deur die bril van Gods Woord moet hy die kind die wêreldgebeure van vandag laat be= gryp en bepeins en hom tot die besef bring dat God ook vandag, ook nou en hier, nie net die lotgevalle van nasies en volkere bepaal nie, maar ook sy persoonlike lewe lei en rig.

2.11.11.4 Hy moet die kind laat besef dat die God van Abraham, Isak en Jakob ook sy God is en dat die Here, Jesus Christus, ook vir sy sonde aan die kruishout gesterf het, maar bo alles, weer opgestaan het en nou by Sy Vader ook vir hom persoon= lik voorbidding doen.

2.11.11.5 Slegs daardie Godsdiensonderrigonderwy= ser wat 'n diep gelowige is, en wie se kwalifikasies van 'n baie hoë standaard is, sal reg aan die vak kan laat geskied.

# HOOFSTUK 3

## 3. 'n Empiriese ondersoek na die stand van sake in die praktyk van die Godsdiensonderrig in Transvaalse Sekondêre Skole

### 3.1 Eise van 'n wetenskaplike vraelys

'n Vraelys word ook 'n questionnaire, enquete, of vraeboog genoem. In hierdie metode word daar dus met 'n lys vrae, 'n lys take of werksaamhede gewerk.[1] In hierdie onder= soek word van die introspektiewe vorm gebruik gemaak; dit wil sê van vrae wat deur die ondersoeker skriftelik gestel is en deur die proefpersone, in hierdie onder= soek die Godsdiensonderrigonderwysers en Godsdiensonder= rigleerlinge, beantwoord is.

Navorsing bly altyd die kritiese ondersoek na waarheid. Elke navorser moet veral op die volgende let.

(i) Sy keuse van 'n probleem;
(ii) Die keuse van studiemateriaal;
(iii) Die kritiese analise daarvan;
(iv) Die formulering van hipoteses om gebeurtenisse te verduidelik; en
(v) Die interpretering en op skrif stel van sy bevin= dings.

Bogenoemde vyf punte vorm egter 'n eenheid.[2]

### 3.2 Beginsels by die opstel van 'n wetenskaplike vraelys

Die volgende belangrike beginsels moet in gedagte gehou word by die opstel van 'n wetenskaplike vraelys:

1. Die wetenskaplike belangrikheid van die questionnaire hang af van sekere grondbeginsels soos die aard

---

1) Coetzee, J. Chris. Inleiding tot die algemene em= piriese opvoedkunde, p. 19.

2) Van Dalen, D.B. Understanding educational research, pp. 159, 160.

en samestelling van die vrae, die proefpersone, die doel van die navorsing en laaste maar nie die minste nie, die verwerking van die ontvange resultate.

2. Vrae oor private en persoonlike aangeleenthede sal nie betroubaar beantwoord word nie, en daarom is dit wenslik vir die proefnemer om hom liewer tot nie-per= soonlike sake te bepaal.

3. Vrae moet duidelik, ondubbelsinnig, verstaanbaar ge= stel word. Dit is dus van die uiterste belang dat die proefnemer noukeurig aandag aan die opstel en formulering van sy vrae sal gee.[3]

## 3.3 <u>Prosedure wat deur die ondersoeker by die samestelling van 'n wetenskaplike vraelys behoort gevolg te word</u>

* Hy behoort die redaksie van elke vraag deeglik te oorweeg.

* Hy probeer die vrae self beantwoord om dan ein= delik tot 'n verbeterde redaksie te kom.

* Hy lê dan sy vrae vir hul oordeel aan 'n aantal bevoegde beoordelaars voor en kom dus sodoende tot 'n derde en verbeterde redaksie.

* Nou laat hy hierdie vrae, dit wil sê in hul derde gewysigde vorm, deur 'n klein getal proefpersone beantwoord en uit hierdie antwoorde kom hy dan tot 'n laaste redaksie vir sy uiteindelike onder= soek.[4]

* Wat die proefpersone betref, word die nuttigheid van die questionnaire bepaal deur die eis dat die proefpersone nie-uitgesoek, nie vooraf afgerig, homogeen (byvoorbeeld in ouderdom, geslag, ras, omgewing) verteenwoordigend en 'n genoegsame getal behoort in te sluit.

---

3) Coetzee, J. Chris. op. cit., p. 20.

4) Loc. cit.

* Dit is voor die hand liggend dat indien die proef=nemer sy bevindings tot nadeel van die proefper=sone wil gebruik, die antwoorde deur laasgenoemde verstrek erg onbetroubaar sal wees, dit is daarom 'n vereiste dat die ondersoek so suiwer wetenskap=lik-akademies moontlik gehou word. Die hele waar=de van die ondersoek hang ten slotte geheel-en al af van die eerlikheid en nougesetheid van die proef=persone by die beantwoording, dit is dus uiters noodsaaklik dat die doel so gestel word dat die antwoorde eerlik en nougeset beantwoord sal word met die heelhartigste samewerking van die proef=persone.[5]

By die verwerking van die resultate moet met die uiter=ste versigtigheid te werk gegaan word sodat alleenlik tot die noukeurigste bevindings gekom word. Hierdie verwerking sal slegs deur die proefnemer self verwerk word.

### 3.4 Die Questionnaire

In hierdie ondersoek is twintig Transvaalse sekondêre sko=le vanaf standerd 6 tot 10 leerlinge gebruik. Die skole is verteenwoordigend van stedelike sowel as plattelandse skole sodat dit 'n goeie weergawe kan wees van die huidige stand van Godsdiensonderrig in ons skole.

Hier word met twee aparte vraelyste gewerk. Vraelys I is aan die Godsdiensonderrigonderwysers verantwoordelik vir die vak gerig. (sien Bylae A) en Vraelys 2 aan leer=linge van gemiddelde standaard vanaf standerd 6 tot 10 (sien Bylae B).

Soms is van tabelle gebruik gemaak en ander kere weer van beskrywende vorm waar 'n geskrewe antwoord van die

---

5) Loc. cit.

Godsdiensonderrigonderwysers of leerlinge verkry is, na gelang van die soort vraag wat gevra is.

Die eerste vraelys wat hier behandel gaan word, is die een wat aan die Godsdiensonderrigonderwysers gerig was. Hierdie vraelys bestaan eintlik uit nege afdelings. Afdeling A is net deur die senioronderwyser verantwoordelik vir die vak Godsdiensonderrig ingevul, terwyl afdelings B1, B2 en C-H deur alle onderwysers wat die vak doseer, ingevul moes word.

### 3.4.1 Vraelys I

Verduideliking van tabel A.

(a) Onder a verskyn die getal personeellede aan die betrokke skool wat Godsdiensonderrig doseer.

(b) Onder b verskyn die getal personeellede wat die vak aanbied wat Universiteitsopleiding besit.

(c) Onder c verskyn die getal personeellede wat Bybelkunde III aan 'n universiteit geslaag het.

(d) Onder d verskyn die getal personeellede wat Bybelkunde II geslaag het.

(e) Onder e verskyn die getal personeellede wat Bybelkunde I geslaag het.

(f) Onder f verskyn die getal personeellede wat akademiese opleiding in Kerkgeskiedenis ontvang het.

(g) Onder g(i) verskyn die getal personeellede wat geen Universiteitsopleiding in Bybelkunde ontvang het nie, en onder g(ii) verskyn die getal personeellede wat geen besondere Godsdiensonderrigopleiding aan Onderwyskolleges ontvang het nie. (Die gewone opleiding in Godsdiensonderrig aan Onderwyskolleges uitgesluit).

(h) Onder h verskyn die getal personeellede wat die Diploma in Bybelkunde besit wat deur die P.U. vir C.H.O. aangebied word.

(i) Onder i verskyn die getal personeellede wat na-graad=se kwalifikasies in Bybelkunde besit.

Tabel A

| Skool no. | a | b | c | d | e | f | g (i) | g (ii) | h | i |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 4 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 4 | 4 | 0 | 0 |
| 2 | 5 | 4 | 1 | 0 | 0 | 2 | 3 | 2 | 1 | 1 |
| 3 | 5 | 1 | 0 | 1 | 0 | 0 | 4 | 3 | 0 | 0 |
| 4 | 8 | 1 | 2 | 0 | 1 | 2 | 3 | 0 | 0 | 0 |
| 5 | 4 | 4 | 0 | 4 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| 6 | 11 | 10 | 2 | 0 | 1 | 1 | 8 | 2 | 0 | 0 |
| 7 | 5 | 1 | 2 | 0 | 0 | 1 | 4 | 2 | 1 | 0 |
| 8 | 5 | 3 | 0 | 0 | 3 | 3 | 2 | 0 | 5 | 0 |
| 9 | 2 | 1 | 1 | 0 | 0 | 1 | 1 | 1 | 0 | 0 |
| 10 | 4 | 1 | 1 | 0 | 1 | 0 | 2 | 0 | 0 | 0 |
| 11 | 3 | 2 | 1 | 0 | 0 | 1 | 2 | 0 | 0 | 0 |
| 12 | 4 | 3 | 1 | 0 | 2 | 1 | 1 | 2 | 0 | 0 |
| 13 | 5 | 3 | 1 | 0 | 1 | 1 | 4 | 4 | 0 | 0 |
| 14 | 1 | 1 | 1 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 1 | 0 |
| 15 | 2 | 2 | 2 | 0 | 0 | 2 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| 16 | 8 | 6 | 2 | 1 | 2 | 3 | 2 | 1 | 1 | 1 |
| 17 | 2 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| 18 | 4 | 1 | 1 | 0 | 1 | 1 | 3 | 3 | 0 | 0 |
| 19 | 3 | 2 | 0 | 2 | 0 | 2 | 1 | 1 | 0 | 0 |
| 20 | 3 | 2 | 1 | 1 | 0 | 0 | 1 | 0 | 1 | 0 |
| | 88 | 48 | 19 | 9 | 12 | 21 | 45 | 25 | 10 | 2 |
| Gem.% | | 54,5 | 21,5 | 10,2 | 13,6 | 23,9 | 51,1 | 28,3 | 11,3 | 2,2 |

Afleidings: Die volgende afleidings kan uit bogenoemde tabel ge=maak word.

(a) Dat die oorgrote meerderheid naamlik 85% van die getoetste skole binne die beperkte getal onderwysers bly naamlik vyf per skool, wat vir Godsdiensonderrig verantwoordelik is ter=wyl 15% van die getoetste skole nie aan hierdie versoek van die Departement voldoen nie. Hierdie 15% skole het 8 tot 11 onderwysers op hul personeel wat vir Godsdiensonderrig ver=antwoordelik is. Van hierdie skole wat van 8 tot 11 perso=

neellede vir Godsdiensonderrig gebruik is daar 66$\frac{2}{3}$% in die stedelike en 33⅓% op die platteland.

(b) Uit 'n getal van 88 personeellede wat vir die vak verantwoordelik is, het 48 of 54,5% Universiteitsopleiding; hierdie universiteitsopleiding dek alle dissiplines van die vak.

(c) Daar is 19 of 21,5% onderwysers wat die vak aanbied wat Bybelkunde III geslaag het, (wat nogal bemoedigend is).

(d) Daar is 9 of 10,2% personeellede wat die vak aanbied wat Bybelkunde II geslaag het.

(e) 12 of 13,6% personeellede het Bybelkunde I geslaag.

(f) 21 of 23,9% personeellede het akademiese opleiding in Kerkgeskiedenis.

(g) (i) 45 of 51,1% het geen Universiteitsopleiding in Bybelkunde nie.

(ii) 25 of 28,3% het geen besondere Godsdiensonderrig opleiding aan Onderwyskolleges gehad nie.

(h) 10 of 11,3% van die personeellede wat Godsdiensonderrig doseer, besit die Diploma in Bybelkunde deur die P.U. vir C.H.O. aangebied.

(i) 2 of 2,2% van die personeellede wat Godsdiensonderrig doseer, besit na-graadse kwalifikasies in Bybelkunde.

<u>Gevolgtrekking</u>. Oor die breë beskou, lyk dit glad nie so sleg wat die akademiese opleiding van onderwysers wat vir die vak Godsdiensonderrig verantwoordelik is, betref nie, tog is dit nie so goed wanneer ons daarop let dat 51,1% van hierdie onderwysers geen akademiese opleiding in Bybelkunde gehad het nie.

<u>Afdeling B.I tot H van vraelys I moes deur al die Godsdiensonderrigonderwysers verantwoordelik vir die vak ingevul word. 'n Totaal van 59 Godsdiensonderrigonderwysers het hierdie vrae beantwoord.</u>

<u>Afdeling B1(a) Metode van aanbieding</u>

<u>Verduideliking van tabel B</u>

(i) Nos. 1-20 stel die nommers van die skool voor.

(ii) (a) Gesprekvorm.
(b) Dramatisering.
(c) Verhalende metode.
(d) Die Bybel met Verklarende Aantekeninge.
(e) Die Bybel as hoofbron in die Godsdiensonderrigles.
(f) Die gereelde lees van sekere gedeeltes uit die Woord van God.
(g) Die voorlees uit die Bybel met verduidelikings soos les vorder.
(h) Lees deur leerlinge van 3 tot 4 versies met verduide= likings soos les vorder.
(i) Of Godsdiensonderrigonderwysers die kinders laat sing voordat daar met die les begin word.
(j) (i) Gesange.
(ii) Psalms.
(iii) Hallelujaliedere.

Tabel B

| No. van skool | a | b | c | d | e | f | g | h | i | j (i) | j (ii) | j (iii) |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 4 | 1 | 4 | 2 | 4 | 4 | 4 | 4 | 1 | - | - | - |
| 2 | 3 | 0 | 1 | 2 | 3 | 3 | 3 | 1 | 1 | - | - | - |
| 3 | 5 | 1 | 3 | 2 | 5 | 5 | 3 | 2 | 0 | - | - | - |
| 4 | 4 | 0 | 4 | 1 | 2 | 3 | 1 | 0 | 0 | - | - | - |
| 5 | 2 | 1 | 2 | 0 | 2 | 2 | 1 | 1 | 0 | - | - | - |
| 6 | 4 | 0 | 4 | 2 | 4 | 4 | 2 | 2 | 0 | - | - | - |
| 7 | 3 | 0 | 4 | 1 | 4 | 4 | 1 | 1 | 0 | - | - | - |
| 8 | 3 | 0 | 3 | 1 | 3 | 3 | 3 | 2 | 0 | - | - | - |
| 9 | 2 | 0 | 2 | 1 | 2 | 2 | 2 | 1 | 0 | - | - | - |
| 10 | 3 | 1 | 3 | 2 | 3 | 3 | 2 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 |
| 11 | 1 | 0 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 0 | - | - | - |
| 12 | 4 | 0 | 4 | 0 | 4 | 4 | 4 | 1 | 3 | 3 | 3 | 3 |
| 13 | 1 | 0 | 1 | 0 | 2 | 2 | 2 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| 14 | 1 | 0 | 1 | 0 | 1 | 1 | 1 | 0 | 0 | - | - | - |
| 15 | 1 | 0 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 0 | 0 | - | - | - |
| 16 | 4 | 0 | 3 | 1 | 3 | 4 | 2 | 2 | 0 | - | - | - |
| 17 | 2 | 0 | 2 | 0 | 2 | 2 | 0 | 0 | 1 | 1 | 1 | 1 |
| 18 | 2 | 0 | 4 | 1 | 3 | 4 | 3 | 0 | 0 | - | - | - |
| 19 | 3 | 0 | 2 | 2 | 2 | 3 | 1 | 0 | 0 | - | - | - |
| 20 | 3 | 0 | 3 | 3 | 3 | 3 | 2 | 1 | 0 | - | - | - |
| | 55 | 4 | 52 | 23 | 54 | 58 | 39 | 20 | 7 | 5 | 5 | 5 |

<u>Afleidings</u> (i) Van die 100 vraelyste wat aan skole gestuur is, het 59 Godsdiensonderrigonderwysers die vrae=lys voltooi. Daar was oorspronklik 5 vraelys=te per skool uitgestuur. Omdat daar by sommige skole 11, 8 en by ander weer 1, 2 en 3 onderwy=sers met die vak belas is, is die vraelys deur minder as 100 onderwysers voltooi.

(ii) Volgens tabel B maak die oorgrote meerderheid van die onderwysers wat vir die vak Godsdiens=onderrig verantwoordelik is van:

(a) die gereelde voorlees van sekere gedeel=tes uit die Bybel wat betrekking op die

les het, gebruik,

(b) of van die gesprekvorm,

(c) van die verhalende metode asook,

(d) van die voorlees van les uit die Bybel met verduideliking soos die les vorder gebruik.

Persentasiegewys kan dit soos volg uitgedruk word:

(a) 98,3%;

(b) 93,2%;

(c) 88,1%;

(d) 66,1%

(iii) Die ander metodes word ook gebruik maar in 'n mindere mate.

(iv) Net 7 onderwysers, dit wil sê 11,8%, laat leerlinge sing voordat met die Godsdiensonderrigles begin word; hul laat Gesange, Psalms en Hallelujaliedere sing.

Gevolgtrekkings:

(i) Dat Godsdiensonderrigonderwysers oor die algemeen gebruik maak van 'n groot verskeidenheid metodes.

(ii) Dat gewyde sang nie tot sy reg kom by die aanbieding van die Godsdiensonderrigles nie.

(iii) Dat die Godsdiensonderrigonderwyser volstaan met die metodes soos onder Afdeling BI(a) uiteengesit (sien Tabel B) is.

Afdeling B2 Metodes wat gevolg word deur die Godsdiensonderrigonderwyser nadat die les aangebied is

Verduideliking van Tabel C

(a) Laat die Godsdiensonderrigonderwyser die leerlinge kernversies leer ?

(b) Word daar huiswerk in die vak gedoen?

(c) Gebruik leerlinge skrifte in die vak ?

(d) Het die leerlinge 'n lêerstelsel in die vak ?

(e) Word afgerolde aantekeninge aan die leerlinge verskaf?

(f) Word die kerngedagtes deur die Godsdiensonderrigonderwyser op die bord geskryf en dan deur die leerlinge in hulle boeke afgeskryf ?

(g) Laat die onderwyser tekeninge by die les maak ?

(h) Word die lesse aan die leerlinge gedikteer ?

(i) Neem die leerlinge deel aan die bespreking gedurende die Godsdiensonderrigles ?

(j) Word daar gereeld toetse gedurende die jaar in Godsdiensonderrig gegee ?

Tabel C

| No. van skool | a | b | c | d | e | f | g | h | i | j |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 0 | 1 | 4 | 1 | 3 | 4 | 4 |
| 2 | 1 | 3 | 3 | 2 | 3 | 3 | 1 | 3 | 3 | 3 |
| 3 | 1 | 5 | 5 | 0 | 3 | 1 | 0 | 0 | 5 | 5 |
| 4 | 0 | 4 | 3 | 1 | 4 | 4 | 2 | 1 | 4 | 4 |
| 5 | 0 | 2 | 2 | 0 | 2 | 1 | 2 | 1 | 2 | 0 |
| 6 | 1 | 4 | 4 | 0 | 0 | 3 | 1 | 2 | 4 | 4 |
| 7 | 0 | 4 | 4 | 0 | 3 | 2 | 1 | 0 | 2 | 4 |
| 8 | 2 | 1 | 3 | 0 | 2 | 3 | 2 | 1 | 3 | 0 |
| 9 | 0 | 2 | 2 | 1 | 1 | 0 | 0 | 0 | 2 | 2 |
| 10 | 1 | 1 | 3 | 0 | 2 | 1 | 1 | 0 | 3 | 2 |
| 11 | 1 | 1 | 1 | 0 | 1 | 1 | 1 | 0 | 1 | 1 |
| 12 | 1 | 4 | 4 | 0 | 3 | 1 | 0 | 0 | 4 | 0 |
| 13 | 0 | 1 | 1 | 1 | 2 | 1 | 0 | 0 | 2 | 1 |
| 14 | 1 | 1 | 1 | 0 | 1 | 0 | 0 | 1 | 1 | 1 |
| 15 | 0 | 1 | 1 | 0 | 1 | 1 | 0 | 0 | 1 | 0 |
| 16 | 3 | 2 | 4 | 0 | 1 | 2 | 0 | 0 | 4 | 2 |
| 17 | 2 | 2 | 2 | 0 | 0 | 2 | 0 | 0 | 2 | 2 |
| 18 | 2 | 3 | 4 | 0 | 2 | 1 | 1 | 1 | 4 | 4 |
| 19 | 2 | 3 | 3 | 0 | 2 | 2 | 1 | 0 | 3 | 3 |
| 20 | 1 | 3 | 3 | 0 | 1 | 3 | 1 | 0 | 3 | 0 |
| | 21 | 50 | 57 | 5 | 35 | 36 | 15 | 13 | 57 | 42 |
| Gem.% | 35,6 | 84,7 | 96,6 | 8,4 | 59,3 | 61,0 | 25,4 | 22,0 | 96,6 | 71,2 |

Afleidings

(i) 21 Godsdiensonderrigonderwysers of 35,6% laat leerlinge kernversies van buite leer.

(ii) 50 Godsdiensonderrigonderwysers dit wil sê 84,7% gee huis= werk in hierdie vak.

(iii) 57 Godsdiensonderrigonderwysers naamlik 96,6% laat leer= linge skrifte gebruik terwyl net 8,4% ook van die lêer= stelsel gebruik maak.

(iv) 35 of 59,3% van die onderwysers verskaf afgerolde aante= keninge aan die leerlinge.

(v) 36 of 61% van die Godsdiensonderrigonderwysers laat leer= linge die kerngedagtes van die bord af in hul skrifte skryf.

(vi) 'n Baie klein persentasie laat leerlinge in hul Godsdiens= onderrigskrifte teken of dikteer die lesse aan die leer= linge naamlik 25,4% en 22% onderskeidelik.

(vii) 57 of 96,6% van die Godsdiensonderrigonderwysers laat leerlinge aan die besprekings van die les deelneem.

(viii) 42 of 71,2% van die Godsdiensonderrigonderwysers gee toet= se in Godsdiensonderrig gedurende die jaar, (eksamen uit= gesluit).

Gevolgtrekking

Volgens bogenoemde punte (i) tot (viii) kan daar tot geen ander ge= volgtrekking gekom word dat die meeste onderwysers verantwoordelik vir die vak dit werklik ernstig met die vak bedoel; veral die hoë persentasie wat toetse in Godsdiensonderrig laat afneem, bevestig dit.

Afdeling C Hierdie afdeling handel oor die sillabusse vanaf stan= derd 6 tot standerd 10

Verduideliking van Tabel D

onder a-e - Pas die sillabusse vir standerd 6 tot 10, by die betrokke onderskeie standerds ?

onder f - Bied die sillabusse voldoende stof ?

onder g - Is die sillabusse verouderd ? Standerd 6-10.

onder „h" - moes onderwysers hul mening gee hoe dikwels sillabus= se hersien behoort te word.

## Tabel D

| No. van skool | a | b | c | d | e | f | g | | | | | h | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | st. 6 | st. 7 | st. 8 | st. 9 | st. 10 | | (i) st.6 | (ii) st.7 | (iii) st.8 | (iv) st.9 | (v) st.10 | 3; | 5; | 7; | of 2jr. |
| 1 | 3 | 2 | 2 | 1 | 1 | 3 | 3 | 2 | 2 | 1 | 1 | 1 | 2 | | |
| 2 | 1 | 1 | 0 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 2 | | |
| 3 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 4 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 2 | 2 | 1 | |
| 4 | 2 | 1 | 2 | 2 | 1 | 4 | 2 | 1 | 2 | 2 | 1 | 1 | 2 | 2 | |
| 5 | 2 | 2 | 2 | 1 | 1 | 2 | 1 | 1 | 1 | 0 | 0 | 1 | | 1 | |
| 6 | 0 | 1 | 1 | 1 | 2 | 4 | 1 | 1 | 1 | 1 | 2 | | 3 | | 10 |
| 7 | 1 | 3 | 1 | 2 | 2 | 4 | 1 | 3 | 2 | 2 | 1 | 1 | 2 | 1 | |
| 8 | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 | 4 | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 | | 2 | 1 | |
| 9 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 2 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | | 2 | | |
| 10 | 4 | 1 | 2 | 3 | 2 | 4 | 4 | 2 | 3 | 3 | 2 | 1 | 2 | 1 | |
| 11 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | | 1 | | |
| 12 | 1 | 1 | 2 | 2 | 2 | 4 | 1 | 1 | 2 | 2 | 2 | | 4 | | |
| 13 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | | | |
| 14 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | | |
| 15 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | | 1 | | |
| 16 | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 | 4 | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 | | 3 | | |
| 17 | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 | | 2 | | |
| 18 | 2 | 3 | 2 | 2 | 1 | 5 | 2 | 3 | 2 | 2 | 1 | | 2 | 2 | |
| 19 | 1 | 2 | 1 | 1 | 1 | 2 | 1 | 2 | 1 | 1 | 1 | 1 | 2 | | |
| 20 | 1 | 2 | 1 | 1 | 1 | 3 | 1 | 2 | 1 | 2 | 1 | 1 | 1 | 1 | |
| | 30 | 31 | 28 | 29 | 27 | 56 | 30 | 31 | 30 | 29 | 25 | 12 | 36 | 10 | 1 |

Afleidings:

Daar is net een duidelike afleiding te maak, en dit is dat daar tevredenheid met die sillabusse is en dat daar dus geen nuwe sil= labusse vir die huidige vir enige standerd benodig word nie:

(i) 96,8% van die Godsdiensonderrigonderwysers is tevrede met die sillabus soos dit nou is vir standerd 6;

(ii) 100% van die Godsdiensonderrigonderwysers is tevrede met die sillabus soos dit nou is vir standerd 7; (kyk onder Afdeling C(ii) bladsy 90).

(iii) 90,3% van die Godsdiensonderrigonderwysers is tevrede met die sillabus soos dit nou is vir standerd 8;

(iv) 93,5% van die Godsdiensonderrigonderwysers is tevrede met die sillabus soos dit nou is vir standerd 9;

(v) 100% van die Godsdiensonderrigonderwysers is tevrede met die sillabus soos dit nou is vir standerd 10. (sien Af= deling C(ii) onderaan).

(vi) 94,9% van die Godsdiensonderrigonderwysers is tevrede dat die sillabusse volledig genoeg is.

(vii) 93,7% van die Godsdiensonderrigonderwysers sê dat die sil= labus vir standerd 6 nie verouderd is nie;

(viii) 100% van die Godsdiensonderrigonderwysers sê dat die sil= labus vir standerd 7 nie verouderd is nie;

(ix) 96,7% van die Godsdiensonderrigonderwysers sê dat die sil= labus vir standerd 8 nie verouderd is nie;

(x) 93,5% van die Godsdiensonderrigonderwysers sê dat die sil= labus vir standerd 9 nie verouderd is nie;

(xi) 96,3% van die Godsdiensonderrigonderwysers sê dat die sil= labus vir standerd 10 nie verouderd is nie.

By Afdeling C(ii) beveel Godsdiensonderrigonderwysers die volgende aan:

Daar is wel onderwysers wat meen dat die volgende standerds her= siening of wysiging nodig het:

naamlik -

Skool no. 2, meen dat die standerd 9- en 10-sillabus te uitgebreid en moeilik is, en ook dat minder geskiedenis in standerd 6-8 aangebied behoort te word.

Skool no.10, meen dat die gedeelte vir standerd 7 wat oor die konings na die skeuring handel, uitgelaat kan word.

Skool no.20, Wil graag sien dat daar 'n goeie handboek vir die standerd 9 leerlinge beskikbaar gestel moet word.

Afdeling C(v). Uit die verwerking van die vraag hoe dikwels die sillabusse hersien behoort te word het die volgende aan die lig gekom:

(i) elke 3 jaar deur 20,3% van die onderwysers verlang.

(ii) elke 5 jaar deur 61,0% van die onderwysers verlang.

(iii) elke 7 jaar deur 16,9% van die onderwysers verlang.

(iv) elke 10 jaar deur 1,8% van die onderwysers verlang.

<u>Gevolgtrekking</u>

(i) Die Godsdiensonderrigsillabusse vir standerd 6 tot standerd 10 is bevredigend, en dit is eweredig versprei om te pas by elke standerd van die sekondêre skool.

(ii) Die algemene gevoel is dat die sillabusse nie verouderd is nie.

(iii) Die meeste onderwysers is ten gunste daarvan dat die sillabusse vir Godsiensonderrig elke 5 jaar hersien word. 'n Aanbeveling waarmee beslis rekening gehou kan word.

<u>Afdeling D</u> <u>Handel oor die personeel se opinie omtrent Godsdiensonderrig</u>

Hierdie vrae kan nie in tabelvorm behandel word nie en sal dus indiwidueel behandel en bespreek word.

<u>Vraag (i)</u> Hierdie vraag handel oor die gesindheid van die Godsdiensonderrigonderwyser se kollegas omtrent die vak.

Feitlik 100% van die kollegas is positief teenoor die vak; hulle is dit eens dat dit 'n baie belangrike vak is wat alleenlik deur die hoogs bekwame personeel aangebied behoort te word. Ongeluk=kig is daar die uitsonderings onder die kollegas wat meen dat weens die min aantal periodes wat aan die vak bestee word, voor=bereiding nie veel aandag verg nie.

Vraag (ii) Hierdie vraag handel oor die Godsdiensonderrigonder=wyser se eie opinie omtrent die vak.

Oor hierdie vraag is daar groot eensgesindheid, naamlik dat dit die belangrikste vormende vak op skool is wat die kind tot gees=telike volwassenheid moet lei; die algemene opinie is verder dat hierdie vak net deur goed opgeleide onderwysers aangebied behoort te word.

Vraag (iii) Hoeveel periodes per week word in die verskillende standerds aan die vak bestee ?

98,4% van die getoetste skole het dwarsdeur 2 periodes per week vir alle standerds terwyl 1,6% een periode per week vir standerds 8, 9, en 10 het. (Laasgenoemde is natuurlik in stryd met Depar=tementele eise).

Vraag (iv) Wat is die leerlinge se gesindheid teenoor die vak ?

Ongeveer 95% leerlinge benader die vak met intense belangstelling; tog is daar die wat die vak nie ernstig opneem nie veral weens die feit dat dit nie 'n eksamenvak is nie. Antwoorde wys daarop dat hierdie afsydigheid meer in die seniorklasse voorkom, naamlik standerd 9 en 10.

Vraag (v) Hierdie vraag handel oor die vraag of Bybelkunde al as 'n eksamenvak aan die betrokke skool ingestel is ?

'n Baie interessante verskynsel is dat die stedelike skole die plattelandse skole hier die loef afsteek. Persentasiegewyse merk ons die volgende:

(a) 20% van die stedelike skole het al Bybelkunde as eksamenvak ingestel teenoor die 10% van die plattelandse skole.

(b) 'n Verdere verskynsel wat ons hier opmerk is dat nog net 15% van die getoetste skole Bybelkunde as eksamenvak ingestel het.

Afleidings

Die volgende afleidings kan hier gemaak word:

(i) Dat daar die besef in die skole is van die erns en belang=rikheid van die vak Godsdiensonderrig, en dat byna alle skole by die voorgeskrewe twee periodes per standerd hou.

(ii) Volgens die antwoorde wat op vraag (iv) verkry is, is dit verblydend om te sien hoeveel leerlinge dit ernstig met die vak bedoel. Tog jammer dat daar die leerlinge is, en dan veral in die senior klasse (minder as 5%) is, wat 'n negatiewe houding teenoor die vak openbaar.

(iii) Daar is skole wat Bybelkunde reeds as eksamenvak ingestel het, maar hulle is nog ver in die minderheid.

Gevolgtrekking

(i) Skole bedoel dit ernstig met die vak Godsdiensonderrig en die oorgrote meerderheid kom die eis van twee lesperiodes per week per standerd, soos vereis deur die Transvaalse Onderwysdepartement, na.

(ii) Daar moet iets gedoen word om die persentasie skole wat Bybelkunde as eksamenvak aanbied, te verhoog.

Afdeling E Hierdie afdeling handel oor die Godsdiensonderrig=onderwyser se sienswyse teenoor sy vak.

Verduideliking van Tabel E

(i) a - moet Godsdiensonderrig 'n eksamenvak wees ?
(ii) b - moet die vak op die rapport aangedui word ?
(iii) c - moet 'n punt op die rapport aangeteken word ?
(iv) d - moet 'n simbool daarop aangeteken word ?
(v) e - moet daar toetse in Godsdiensonderrig wees ?

(vi) f - moet Godsdiensonderrig 'n keusevak wees ?

(vii) g - is 'n halfuur opening in die oggende vir die hele skool voldoende ?

(viii) h - moet Godsdiensonderrig vir standerd 6 tot 7 (nuwe be= deling) 'n verpligte eksamenvak wees ?

(ix) i - sal huiswerk die gesindheid van die leerlinge ten op= sigte van Godsdiensonderrig bevorder ?

(x) j - as dit 'n eksamenvak word, sal dit die gesindheid van die leerlinge ten opsigte van die vak benadeel ?

Tabel E

| No. van skool | a | b | c | d | e | f | g | h | i | j |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 3 | 4 | 3 | 2 | 4 | 4 | 4 | 3 | 4 | 4 |
| 2 | 1 | 3 | 2 | 1 | 3 | 3 | 3 | 1 | 3 | 1 |
| 3 | 4 | 5 | 3 | 2 | 5 | 3 | 3 | 3 | 4 | 3 |
| 4 | 1 | 3 | 3 | 0 | 3 | 4 | 3 | 1 | 3 | 3 |
| 5 | 2 | 2 | 2 | 1 | 2 | 1 | 1 | 1 | 1 | 2 |
| 6 | 3 | 3 | 3 | 1 | 4 | 0 | 4 | 2 | 4 | 4 |
| 7 | 4 | 4 | 3 | 1 | 4 | 2 | 3 | 4 | 3 | 4 |
| 8 | 0 | 1 | 0 | 1 | 1 | 3 | 1 | 1 | 1 | 1 |
| 9 | 2 | 2 | 2 | 0 | 2 | 0 | 0 | 2 | 1 | 2 |
| 10 | 1 | 1 | 1 | 0 | 2 | 3 | 1 | 2 | 1 | 2 |
| 11 | 0 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 |
| 12 | 3 | 3 | 3 | 0 | 3 | 3 | 1 | 3 | 4 | 4 |
| 13 | 1 | 1 | 1 | 0 | 1 | 1 | 1 | 0 | 1 | 1 |
| 14 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 2 | 1 | 1 | 1 |
| 15 | 0 | 1 | 0 | 1 | 0 | 0 | 1 | 1 | 1 | 1 |
| 16 | 0 | 0 | 0 | 0 | 1 | 4 | 2 | 0 | 2 | 0 |
| 17 | 1 | 1 | 1 | 0 | 1 | 2 | 1 | 1 | 1 | 1 |
| 18 | 0 | 2 | 0 | 4 | 4 | 4 | 4 | 0 | 2 | 3 |
| 19 | 2 | 2 | 2 | 0 | 2 | 1 | 2 | 2 | 2 | 2 |
| 20 | 2 | 2 | 2 | 0 | 2 | 2 | 3 | 2 | 1 | 1 |
| | 31 | 42 | 33 | 16 | 46 | 42 | 41 | 31 | 41 | 41 |
| Gem.% | 52,5 | 71,2 | 55,9 | 25,4 | 77,9 | 71,2 | 69,5 | 52,5 | 69,5 | 69,5 |

Afleidings

Die volgende interessante afleiding kan uit die antwoorde gemaak word:

(i) 52,5% van die Godsdiensonderrigonderwysers is ten gunste daarvan dat Godsdiensonderrig 'n promosievak moet wees.

(ii) 71,2% van die Godsdiensonderrigonderwysers is daarvoor dat die vak op die rapport moet verskyn.

(iii) 55,9% van die Godsdiensonderrigonderwysers wil graag 'n punt daarvoor op die rapport sien.

(iv) Net 25,4% van die Godsdiensonderrigonderwysers wil hê dat die resultaat as 'n simbool aangeteken moet word.

(v) 77,9% van die Godsdiensonderrigonderwysers wil graag toetsing in Godsdiensonderrig sien.

(vi) 71,2% van die Godsdiensonderrigonderwysers sê dat dit nie 'n keusevak moet wees nie.

(vii) 69,5% van die Godsdiensonderrigonderwysers beskou 'n half=uur opening vir alle standerds as voldoende.

(viii) 52,5% van die Godsdiensonderrigonderwysers wil graag dat Godsdiensonderrig vir standerd 6 en 7 (nuwe bedeling) 'n verpligte eksamenvak moet wees.

(ix) 69,5% van die Godsdiensonderrigonderwysers verklaar dat huiswerk in Godsdiensonderrig die gesindheid van die leer=linge ten opsigte van die vak sal bevorder.

(x) 69,5% van die Godsdiensonderrigonderwysers is dit eens dat indien Godsdiensonderrig 'n eksamenvak sou word, dit nie die gesindheid van die leerlinge ten opsigte van die vak sal benadeel nie.

Gevolgtrekking

(i) Wanneer daar nou op die bogenoemde persentasies gelet word, dan kan daar net tot één gevolgtrekking gekom word en dit is dat die oorgrote meerderheid skole ontvanklik sal wees in=dien Godsdiensonderrig as eksamenvak ingestel word.

(ii) Daar is geen rede waarom daar nie gereelde kwartaallikse toetse in die vak gegee sal word nie; daar is nie minder as 77,9% Godsdiensonderrigonderwysers ten gunste van meting. Dit kan ook met die grootste gemak met 'n punt op die rapport aangeteken word; daar was nie minder as 69,5% goedkeuring hiervoor aan die getoetste skole gevind nie.

Afdeling F Hierdie afdeling handel oor dissipline

Verduideliking van tabel F

(i) Onder a - Put die onderwyser genot uit sy vak ?

(ii) Onder b - Ondervind hy meer moeilikheid met dissipline in die Godsdiensonderrig as in ander vakke ?

(iii) Onder c - Indien ja onder b, watter standerd bied die meeste probleme ? St. 6, 7, 8, 9 en 10.

(iv) Onder d - word gevra of die dissiplineprobleme aan die negatiewe houding van die leerlinge toegeskryf moet word.

(v) Onder e - word gevra of die leerlinge geneig is om die Godsdiensonderrigperiode vir ander werk te gebruik.

## Tabel F

| No. van skool | a | b | c | | | | | d | e |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | Standerd | | | | | | |
| | | | 6, | 7, | 8, | 9, | 10 | | |
| 1 | 4 | 4 | | | | | | 1 | 4 |
| 2 | 3 | 3 | | | | | | 2 | 3 |
| 3 | 5 | 5 | | | | | | 3 | 5 |
| 4 | 4 | 4 | | | | | | 1 | 4 |
| 5 | 2 | 2 | | | | | | 1 | 2 |
| 6 | 3 | 3 | | | | | 1 | 3 | 2 |
| 7 | 4 | 4 | | | | | | 3 | 3 |
| 8 | 4 | 4 | | | | | | 3 | 4 |
| 9 | 2 | 0 | | 1 | 2 | 1 | | 2 | 1 |
| 10 | 3 | 3 | | | | | | 0 | 3 |
| 11 | 1 | 1 | | | | | | 1 | 1 |
| 12 | 4 | 3 | | | | | | 1 | 4 |
| 13 | 1 | 1 | | | | | | 0 | 1 |
| 14 | 2 | 2 | | | | | 1 | 1 | 1 |
| 15 | 1 | 1 | | | | 1 | 1 | 0 | 1 |
| 16 | 4 | 4 | | | | | | 1 | 3 |
| 17 | 2 | 2 | | | | | | 0 | 1 |
| 18 | 3 | 3 | | | | | | 2 | 4 |
| 19 | 3 | 3 | | | | | | 1 | 3 |
| 20 | 2 | 2 | | | | | | 2 | 1 |
| | 57 | 54 | 0 | 1 | 2 | 2 | 3 | 28 | 51 |
| | 96,6% | 91,5% | | | | | | 47,4% | 86,4% |

Afleidings

(i) 96,6% van die Godsdiensonderrigonderwysers vind waarlik, genot daarin om die vak aan te bied.

(ii) 91,5% van die Godsdiensonderrigonderwysers vind nie moeilikheid met klasdissipline in die vak nie of ondervind meer moeilikheid met dissipline in die vak as in ander vakke nie.

(iii) 52,6% van die 8,5% wat wel dissiplineprobleme in die klas ondervind, sê dat dissiplineprobleme nie toe te skrywe is aan die negatiewe houding van die leerlinge teenoor die vak nie, terwyl 47,4% van hulle tog sê dat dissipline=probleme toe te skrywe is aan die negatiewe houding van die leerlinge teenoor die vak.

(iv) 86,4% van die Godsdiensonderrigonderwysers sê dat die leerlinge nie die Godsdiensonderrigperiode gebruik om ander huiswerk te doen nie.

(v) By vraag (iv) moes die Godsdiensonderrigonderwyser sê watter tugmaatreëls hy die toepaslikste vind.

Hier is uit die verwerking van die antwoorde gevind dat die tug=maatreëls wat by verre deur die meeste van die onderwysers ge=bruik (dit wil sê meer as 96% van die onderwysers) word, is om op die kinders se gevoel te speel; dit vind oor die algemeen net tussen die onderwyser en die oortreder plaas. Dit skyn asof daar nooit ernstige probleme met tug ondervind word nie.

Gevolgtrekking

(i) Die Godsdiensonderrigonderwysers vind waarlik genot by die aanbieding van hul vak. Dit is jammer dat daar tog 3,4% Godsdiensonderrigonderwysers is vir wie dit dan 'n las is om hierdie vak aan te bied. Gelukkig is dié per=sentasie minimaal.

(ii) Klasdissipline lewer geen ernstige probleme ten opsigte van die vak nie behalwe met enkele uitsonderings in alle standerds behalwe in standerd 6; probleme in hierdie ver=band is egter uiters gering.

(iii) Die leerlinge is oor die algemeen positief ingestel teen=oor die vak.

(iv) Daar word in die Godsdiensonderrigperiode aan Godsdiens=tigeonderrig gewerk.

Afdeling G    Hierdie afdeling handel oor geloofstandpunte

Verduideliking van Tabel G

(i) Onder a-verskyn die persentasie leerlinge wat vrystelling van die vak gevra het en ontvang het op grond van geloof=verskille.

(ii) Onder b-verskyn die persentasie ongelowiges in die Gods=diensonderrigklasse.

(iii) Onder c-verskyn die persentasie leerlinge wat aan geen kerk behoort nie.

(iv) Onder d-verskyn die vraag of die leerlinge enige pro=bleme lewer weens die feit dat hulle aan uiteenlopende kerkverbande behoort. Die syfer onder d dui die aantal onderwysers uit 59 onderwysers aan wat geen probleme in dié verband ondervind nie.

Tabel G

| No. van skool | % a | % b | % c | d |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 0,2 | 0,1 | 0 | 4 |
| 2 | 0 | 2,0 | 1,0 | 2 |
| 3 | 0 | ,1 | ,4 | 5 |
| 4 | 0 | ,5 | ,5 | 3 |
| 5 | 0 | 0,4 | 0 | 2 |
| 6 | ,5 | ,5 | ,5 | 3 |
| 7 | 0 | 0 | 0 | 4 |
| 8 | 0 | 0 | 0 | 4 |
| 9 | 00 | 0 | 0 | 2 |
| 10 | 0 | ,5 | ,5 | 3 |
| 11 | 0 | 0 | 0 | 1 |
| 12 | 0 | 0 | 1,0 | 4 |
| 13 | 0 | 0 | 0 | 1 |
| 14 | 0 | 0 | 0 | 2 |
| 15 | 0 | 0 | 0 | 1 |
| 16 | 0 | 0 | 0 | 3 |
| 17 | 0 | 1,1 | 0 | 2 |
| 18 | 0 | 0 | 0 | 4 |
| 19 | 0 | 0 | 0 | 3 |
| 20 | 0 | 0 | 0 | 2 |
| Gem.% | 0,035 | 0,26 | 0,195 | |

Hier is 'n totaal van twintig hoërskole getoets. Laat daar nou 'n gemiddelde van 650 leerlinge per skool wees. In die stedelike gebiede kry ons hoërskole met 'n leerlingtal van ± 1,000, terwyl die plattelandseskole weer sal wissel van 400 tot 600. Die ver=onderstelling dat daar 650 x 20 leerlinge in die betrokke skole is, behoort dan 'n goeie basis te wees om op te werk om die re=sultate van tabel G te bepaal. Dit beteken dus dat die antwoor=de ten opsigte van tabel G gebaseer is op 'n maksimum van 13,000 leerlinge.

Afleidings

(i) Die persentasie leerlinge wat vrystelling van Godsdiens=onderrig ontvang het, is uiters gering, naamlik ongeveer

0,035% dit wil sê ongeveer 4 leerlinge uit 'n totaal van 13,000 leerlinge.

(ii) Die persentasie ongelowige kinders in Transvaalse Afrikaan= se sekondêre skole is ongeveer 0,26% dit wil sê ongeveer 33 uit 'n totaal van 13,000 kinders.

(iii) Ongeveer 0,195% van die leerlinge behoort aan geen kerk nie, dit wil sê ongeveer 25 uit 'n totaal van 13,000 kin= ders.

(iv) Net 6,8% onderwysers ondervind probleme weens die feit dat kinders aan verskillende kerkverbande behoort.

Gevolgtrekking

Die antwoorde op vrae in hierdie afdeling is besonder interessant en betekenisvol. Die feit dat die leerlinge aan uiteenlopende kerke en sektes behoort, lewer so goed as geen probleme in die skole nie. Die getal ongelowiges is ook werklik onbeduidend. As daar nou in aanmerking geneem word dat die Godsdiensonderrig in die Transvaalse Afrikaanse sekondêre skole feitlik uitslui= tend Christelik-Reformatories van aard is soos onder andere blyk uit die feit dat beskikbare en gangbaar gebruikte handboeke uit= sluitend op die Gereformeerde standpunt berus, kan mens onbe= twisbaar konstateer dat daar op hierdie stadium so goed as geen rede bestaan om voorsiening te maak vir gedifferensieerde Gods= diensonderrig in die Transvaalse Afrikaanse sekondêre skole nie. (Dit beteken nie dat ongedifferensieerde Godsdiensonderrig as blywende beginsel sal aanvaar word nie.)

Afdeling H Hierdie afdeling handel oor hulpmiddels, dit wil sê hulpmiddels wat veral deur Godsdiensonderrigonderwy= sers gebruik word.

Verduideliking van tabel H

(i) Onder a-verskyn die getal onderwysers van die betrokke skool wat wel van hulpmiddels gebruik maak.

(ii) Onder b-verskyn die getal onderwysers van die betrokke skool wat van Bybels vir elke leerling gebruik maak.

(iii) Onder c-verskyn die getal onderwysers van die betrokke skool wat van landkaarte by die aanbieding van die les gebruik maak.

(iv) Onder d-verskyn die getal onderwysers van die betrokke skool wat van modelle, foto's van modelle, afbeeldinge van opgrawingsvondste by lesse gebruik maak.

Tabel H

| No. van skool | a | b | c | d |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 4 | 4 | 4 | 2 |
| 2 | 3 | 3 | 3 | 3 |
| 3 | 5 | 5 | 5 | 2 |
| 4 | 4 | 3 | 4 | 3 |
| 5 | 2 | 1 | 2 | 1 |
| 6 | 4 | 4 | 4 | 3 |
| 7 | 4 | 3 | 4 | 2 |
| 8 | 4 | 4 | 4 | 3 |
| 9 | 2 | 2 | 2 | 1 |
| 10 | 3 | 3 | 3 | 2 |
| 11 | 1 | 1 | 1 | 1 |
| 12 | 4 | 4 | 4 | 2 |
| 13 | 1 | 1 | 1 | 1 |
| 14 | 1 | 2 | 2 | 1 |
| 15 | 1 | 1 | 1 | 0 |
| 16 | 4 | 4 | 4 | 4 |
| 17 | 1 | 1 | 2 | 0 |
| 18 | 4 | 1 | 3 | 0 |
| 19 | 3 | 2 | 3 | 2 |
| 20 | 2 | 2 | 2 | 2 |
| Totale getal onderwysers | 57 | 51 | 58 | 35 |
| % Onderwysers | 96,6 | 86,4 | 98,3 | 59,3 |

Afleidings

(i) 96,8% van die Godsdiensonderrigonderwysers maak gebruik van hulpmiddels.

(ii) 86,4% van die leerlinge het Bybels in die Godsdiensonderrig=

lokale.

(iii) 98,3% van die Godsdiensonderrigonderwysers maak van land=kaarte gebruik by die aanbieding van hul lesse.

(iv) 59,3% van die Godsdiensonderrigonderwysers maak ook van modelle, foto's van modelle, afbeeldinge van opgrawings=vondste by die aanbieding van hul lesse gebruik.

Gevolgtrekking

(i) Daar word oor die algemeen voldoende van hulpmiddels by die aanbieding van die Godsdiensonderriglesse gebruik gemaak.

(ii) Dit is veral verblydend om te sien dat die Bybel sy reg=matige plek in die Godsdiensonderrigles inneem.

Afdeling H, vraag v

Hier word gevra dat die Godsdiensonderrigonderwysers enige ander hulpmiddel wat by die lesse gebruik word, moet vermeld.

Afleiding

Ander hulpmiddels wat dikwels gebruik word, is die skryfbord en die projektor.

Gevolgtrekking

Enkele onderwysers meld dat die rede waarom daar nie van 'n gro=ter verskeidenheid hulpmiddels gebruik gemaak word nie, toege=skrywe moet word aan die feit dat hulpmiddels vir gebruik by die Godsdiensonderrig moeilik bekombaar is. Die Transvaalse On=derwysdepartement is egter bewus van hierdie leemte en het reeds masjinerie in werking gestel om aan die behoefte te voldoen.

3.4.2 Samevattend

(i) Die feit dat 51,1% Godsdiensonderrigonderwysers geen op=leiding in Bybelkunde ontvang het nie, stem tot kommer. Hier is dus 'n saak wat aandag van die betrokke onderwys=owerheid vra.

(ii) Godsdiensonderrigonderwysers maak oor die algemeen gebruik van 'n groot verskeidenheid metodes.

(iii) Gewyde sang kom nie tot sy reg by die aanbieding van die Godsdiensonderrigles nie.

(iv) Onderwysers bedoel dit werklik ernstig met die vak Godsdiensonderrig; dit blyk veral onder andere uit die groot persentasie Godsdiensonderrigonderwysers wat toetse in die vak afneem.

(v) Die Godsdiensonderrigsillabusse vir standerd 6 tot standerd 10 is bevredigend en pas aan by elke standerd van die sekondêre skool.

(vi) Die sillabusse is vir die huidige nie verouderd nie.

(vii) Oor die algemeen voel onderwysers dat Godsdiensonderrigsillabusse elke vyf jaar hersien behoort te word. Dit toon 'n gees van vernuwing, wat verblydend is.

(viii) Skole bedoel dit ernstig met die vak Godsdiensonderrig en die oorgrote meerderheid gebruik twee lesperiodes per standerd per week, soos vereis deur die Transvaalse Onderwysdepartement. Die enkele uitsonderings behoort deur die onderwysowerheid geïdentifiseer en aangespreek te word.

(ix) Nog net 15% van die getoetste skole het Bybelkunde as eksamenvak ingestel.

(x) Skole is ontvanklik vir die idee dat Godsdiensonderrig as eksamenvak ingestel word.

(xi) 'n Groot persentasie van die skole het gereeld toetsing in die vak Godsdiensonderrig en is daarvoor te vinde dat 'n punt daarvoor op die rapport aangeteken word.

(xii) Die Godsdiensonderrigonderwysers put groot genot by die doseer van hierdie vak.

(xiii) Daar word geen ernstige probleme met die klasdissipline in die vak ondervind nie.

(xiv) Die grootste gros van die leerlinge is positief ingestel teenoor die vak. Tog is daar ook 'n nie onbelangrike ge=

tal wat negatief teenoor die vak ingestel is.

(xv) Dat die Godsdiensonderrigperiode vir die gee van Gods=diensonderrig gebruik word.

(xvi) Die feit dat kinders van verskillende geloofsoortuiging saam Godsdiensonderrig ontvang, lewer nie probleme in die Godsdiensonderrigklasse nie. Die persentasie ongelowiges en kerkloses is uiters gering. Vir die huidige is 'n stel=sel van gedifferensieerde Godsdiensonderrig (gedifferen=sieer volgens geloofsoortuiging) nie gebiedend nie. Dit beteken nie dat ongedifferensieerde Godsdiensonderrig sonder meer gekontinueer behoort te word nie - namate die verset teen Christelike reformatoriese Godsdiensonderrig moontlik mag groei, sal 'n proses van neutralisasie in=tree, tensy redelike voorsiening vir differensiasie ge=maak word.

(xvii) Daar word voldoende van hulpmiddels by die aanbieding van die Godsdiensonderriglesse gebruik gemaak.

(xviii) Die Bybel neem sy regmatige plek by die Godsdienson=derrig in die skole in.

3.4.3 Vraelys 2 (Sien Bylae B)

Hierdie vraelys was gerig aan twintig Transvaalse sekondêre skole wat verteenwoordigend van die stedelike en plattelandse skole is. Daar is twintig vraelyste ten opsigte van elke standerd aan hierdie skole gestuur, dit wil sê vanaf standerd 6 tot standerd 10. Hierdie toetse is afgeneem gedurende Januarie 1973 om die huidige stand van Godsdiensonderrig aan die skole te toets. Standerd 6 het standerd 5 se werk volgens die sillabus beantwoord, standerd 7 standerd 6 s'n, ens. Aan elke hoof is 'n lys van instruksies gestuur.

Al die antwoorde is deur die skrywer self nagesien en getabuleer.

Uit die 400 vraelyste wat per standerd na die skole uitgestuur was, het die volgende getalle die vraelyste voltooi:

| | | |
|---|---|---|
| Standerd | 6 | - 381 leerlinge |
| | 7 | - 393 leerlinge |
| | 8 | - 388 leerlinge |
| | 9 | - 376 leerlinge |
| | 10 | - 384 leerlinge |
| Totale aantal: | | 1,922 leerlinge |

Afdelings A, B en C het dieselfde vrae vir al die standerds bevat. Hier sal dit dus interessant wees om te sien hoe die verskillende standerds op die verskillende vrae gereageer het. Daarom word hierdie afdelings in tabelvorm uiteengesit. By vrae (i) en (iii) tot (x) moes die leerlinge 'n kruisie by „Ja" of „Nee" gemaak het. By vraag (ii) is 'n antwoord verlang.

Verduideliking van tabel I

Afdeling A - Handel oor vrae ten opsigte van Godsdiensonderrig

(a) Hou die leerling van die vak Godsdiensonderrig ?

(b) Vind die leerling baat by die vak ?

(c) Is die vak vir die leerling van waarde in sy ander vakke ?

(d) Laat die Godsdiensonderrig die leerling 'n beter besef kry van sy plig teenoor sy naaste ?

(e) Laat die vak die leerling 'n beter begrip van die Bybel kry ?

(f) Laat die vak die leerling 'n beter begrip van die skep= ping kry ?

(g) Verryk die vak die lewensuitkyk van die leerling ?

(h) Help die vak die leerling om die hedendaagse wêreldge= beure beter te verstaan?

(i) Help die vak die leerling om lewensprobleme op te los ?

(j) Verteenwoordig die gemiddelde persentasie „ja" en „nee" vir al die standerds.

Tabel I

| | a | | b | | c | | d | | e | | f | | g | | h | | i | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Ja | Nee | Ja | Nee | Ja | Nee | Ja | Nee | Ja | Nee | Ja | Nee | Ja | Nee | Ja | Nee | Ja | Nee |
| standerd 6 | 98,7 | 1,3 | 96,6 | 3,4 | 84,0 | 16,0 | 98,2 | 1,8 | 99,5 | 0,5 | 96,9 | 3,1 | 91,9 | 8,1 | 75,3 | 24,7 | 90,0 | 10,0 |
| standerd 7 | 99,5 | 0,5 | 96,4 | 3,6 | 69,2 | 29,8 | 96,9 | 2,8 | 99,5 | 0,5 | 96,9 | 2,8 | 89,3 | 9,4 | 66,0 | 31,5 | 82,7 | 14,8 |
| standerd 8 | 97,7 | 2,3 | 93,8 | 6,2 | 65,5 | 34,5 | 96,1 | 3,9 | 97,9 | 2,1 | 94,3 | 5,7 | 91,2 | 8,8 | 71,4 | 28,6 | 81,7 | 18,3 |
| standerd 9 | 95,7 | 4,3 | 90,4 | 9,6 | 58,8 | 41,2 | 91,0 | 9,0 | 97,1 | 2,9 | 93,1 | 6,9 | 91,8 | 8,2 | 62,8 | 37,2 | 76,6 | 23,4 |
| standerd 10 | 96,4 | 3,6 | 89,6 | 10,4 | 49,7 | 50,3 | 84,1 | 15,9 | 94,8 | 5,2 | 90,6 | 9,4 | 87,2 | 12,8 | 56,5 | 43,5 | 63,8 | 36,2 |
| Gem. % J | 97,6 | 2,4 | 93,4 | 6,6 | 65,4 | 34,4 | 93,2 | 6,7 | 97,8 | 2,2 | 94,3 | 5,6 | 90,3 | 9,5 | 66,4 | 33,1 | 79,0 | 20,5 |

Die verskil waar die persentasie van „Ja" en „Nee" nie 100% is nie, is persentasie bedorwe ant= woorde, of waar geen antwoord verkry is nie, wat in hierdie geval ook net by standerd 7 aange= tref word.

<u>Afleidings</u>

(i) Die grootste persentasie leerlinge hou van die vak Godsdiens=onderrig en die persentasieverskille tussen die standerds is baie gering.

(ii) Die grootste persentasie leerlinge vind baat by die vak, hier tref ons 'n geleidelike vermindering in persentasie vanaf standerd 6 tot standerd 10 aan.

(iii) Die neiging wat ons hier aantref is dat daar 'n groot ver=skil in persentasie voorkom vanaf standerd 6 tot standerd 10. By standerd 6 het die vak Godsdiensonderrig aktuali=teitswaarde tot 84% wat skerp daal tot by die standerd 10 leerlinge met 49,7%.

(iv) Dit blyk uit die antwoorde op hierdie vraag dat Godsdiens=onderrig hulle 'n beter besef laat kry van hul plig teen=oor hul naaste, tog is die standerd 10 leerlinge weer 84,1% teenoor die ander standerds wat almal meer as 90% „ja" op hierdie vraag geantwoord het.

(v) Die leerlinge is dit by verre eens dat Godsdiensonderrig hulle 'n beter begrip van die Bybel laat kry. Dit wissel hier van 99,5% in standerd 6 tot 94,8% in standerd 10.

(vi) Verder is die leerlinge, dit wil sê die oorgrote gros, dit eens dat Godsdiensonderrig op skool hulle 'n beter begrip van die skepping laat kry. Al die standerds het vir meer as 90% „ja" op hierdie vraag geantwoord.

(vii) Die grootste persentasie leerlinge verklaar dat die vak hul lewensuitkyk verryk.

(viii) Alhoewel hier ook deur die meerderheid leerlinge gevoel word dat die vak hul help om die hedendaagse wêreldge=beure beter te verstaan, is die hoogste persentasie by standerd 6 aangetref, naamlik 75,3% en dan daal dit tot 56,5% by standerd 10 leerlinge.

(ix) Die grootste persentasie leerlinge voel dat Godsdienson=derrig hulle help om hul probleme op te los. Ook hier is die neiging tot 'n skerp daling met 90% by standerd 6 tot 63,8% by standerd 10.

(x) By a, b, d, e, f en g was die persentasie gemiddelde antwoorde oorweldigend positief; dit wil sê oor die 90,0% leerlinge het „ja" op hierdie vrae geantwoord; by c, h en i was die gemiddelde aantal leerlinge wat „ja" geantwoord het ook nog oor 60,0%.

Gevolgtrekking

In alle gevalle is daar 'n daling in persentasie vanaf standerd 6 tot 10, dit kan net een ding beteken naamlik namate die leerlinge op die sekondêre skool vorder hoe minder is die invloed wat Godsdiensonderrig op hul lewens het.

Vraag (ii) van afdeling A het soos volg gelees:

Wat is jou eerlike opinie omtrent die vak ?
By standerd 6 blyk die volgende ten opsigte van vraag (ii):

(i) 375 of 98,6% leerlinge is positief ingestel ten opsigte van die vak.

(ii) dat 3 of 0,7% leerlinge nie van die vak hou nie.

(iii) 3 of 0,7% leerlinge het geen antwoorde verstrek nie.

Gevolgtrekking

Hier kan met die grootste sekerheid gesê word dat Godsdiensonderrig 'n plek in ons opvoeding het en van onskatbare waarde vir die kinders is.

By standerd 7 blyk die volgende ten opsigte van vraag (ii):

(i) 372 of 94,7% is positief ingestel ten opsigte van die vak.

(ii) 2 of 0,5% is negatief ingestel.

(iii) 19 of 4,8% het geen antwoord verstrek nie.

Gevolgtrekking

Dit is dus duidelik dat die oorgrote meerderheid leerlinge positief ingestel is teenoor die vak en baie baat by die vak vind.

Standerd 8

By standerd 8 blyk die volgende ten opsigte van hierdie vraag:

(i) 357 of 92,0% is positief ingestel teenoor die vak.

(ii) 7 of 1,8% is negatief ingestel.

(iii) 24 of 6,2% het geen antwoord verstrek nie.

Gevolgtrekking

Dit blyk uit die afleidings dat byna 100% leerlinge positief in=gestel is teenoor die vak.

Standerd 9

Die volgende blyk uit die antwoorde van standerd 9 leerlinge ten opsigte van vraag (ii).

(i) 337 of 89,6% leerlinge is positief in hul opinies omtrent die vak.

(ii) 9 of 2,4% is negatief omtrent die vak.

(iii) 30 of 8,0% het die vraag nie beantwoord nie.

Opsomming

Dit blyk uit antwoorde van standerd 9 leerlinge dat die grootste persentasie leerlinge positief ingestel is teenoor die vak.

Standerd 10

(i) 341 of 88,8% is positief ingestel ten opsigte van die vak.

(ii) 10 of 2,6% is negatief ingestel ten opsigte van die vak.

(iii) 33 of 8,6% het die vraag nie beantwoord nie.

Die gevolgtrekking waartoe ten opsigte van die standerd 10 leerlin=ge geraak is, is dat ook hier die grootste persentasie positief in=gestel is ten opsigte van die vak.

Daar kan nou 'n vergelyking tussen die standerds getref word wat in tabel J uiteengesit word.

Verduideliking van tabel J

a - die totale % leerlinge per standerd wat positief ingestel is.

b - die totale % leerlinge per standerd wat negatief ingestel is.

c - die totale % leerlinge wat nie die vraag beantwoord het nie.

d - leerlinge wat graag sou wou sien dat Godsdiensonderrig 'n verpligte eksamenvak aan die skole moet wees.

e - hier word die gemiddelde persentasie aangegee van leerlinge wat van die vak hou, wat nie van die vak hou nie en wat die vak as 'n verpligte eksamenvak sou wou sien.

Tabel J

| | a | b | c | d |
|---|---|---|---|---|
| standerd 6 | 98,6% | 0,7% | 0,7% | 1,3% |
| 7 | 94,7% | 0,5% | 4,8% | 1,3% |
| 8 | 92,0% | 1,8% | 6,2% | 0,8% |
| 9 | 89,6% | 2,4% | 8,0% | 7,4% |
| 10 | 88,8% | 2,6% | 8,6% | 2,6% |
| e | 92,7% | 1,6% | 5,7% | 2,7% |

Gevolgtrekking

(i) Die aantal leerlinge wat positief ingestel is teenoor die vak verminder geleidelik vanaf standerd 6 - standerd 10. Daar is byna 10% verskil tussen standers 6 tot 10, dit wil sê die kind staan nou meer krities teenoor die dinge wat aan hom vertel word en die teken is dat die kritiese houding toeneem namate die kind in die sekondêre skool vorder.

(ii) Die getal leerlinge wat negatief ingestel is teenoor die vak, styg ook vanaf standerd 6 en 8 tot 10; by standerd 7 is daar die verskynsel dat die persentasie laer is as by standerd 6.

(iii) Ook die getal leerlinge wat nie die vraag beantwoord het nie, het 'n stygende neiging vanaf standerd 6 tot by standerd 10.

(iv) Dit is verblydend om te sien dat sonder dat die vraag direk gevra is of Godsdiensonderrig 'n verpligte eksamenvak moet wees, daar leerlinge is wat dit as hul eie opinie uitgespreek het. Veral by standerd 9 was daar 7,4% wat hierdie mening toegedaan is.

Die getoetste leerlinge se sienswyses omtrent die vak Godsdiensonderrig kan nou soos volg saamgevat word. Gemiddelde van standerd 6 tot 10.

92,7% van die leerlinge hou van die vak.
1,6% van die leerlinge hou nie van die vak nie.
5,7% van die leerlinge het die vraag nie beantwoord nie.
2,7% van die leerlinge wil graag Godsdiensonderrig as verpligte eksamenvak sien. Daar is nie leerlinge wat hulle spesifiek daarteen uitgespreek het nie.

<u>Afdeling B</u> <u>Hierdie afdeling sal ook in tabelvorm uiteengesit word, dit wil sê vanaf standerd 6 tot 10.</u>

<u>Klas en klasmaats se houding jeens die vak:</u>

<u>Verduideliking van tabel K</u>

a - Wat is die houding van die meeste van die leerlinge se maats ten opsigte van Godsdiensonderrig ?

b - Probeer sommige van die leerlinge gekskeer in die Godsdiensonderrigperiode ?

c - Is daar leerlinge in die klas wat openlik teenoor ander kinders sê dat hulle nie van die vak hou nie ?

d - Is die klasmaats geneig om die Godsdiensonderrigperiode te gebruik om ander werk te doen ?

e - Sien die leerling se klasmaats oor die algemeen daarna uit om Godsdiensonderrig te ontvang ?

## Tabel K

| | (a) | | (b) | | | (c) | | | | (d) | | | (e) | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Standerd | Pos. | Neg. | Ja | Nee | Soms | Nee | Ja | Baie | Min | Ja | Nee | Soms | Ja | Nee | Soms |
| | % | % | % | % | % | % | % | % | % | % | % | % | % | % | % |
| 6 | 76,4 | 8,6 | 38,8 | 55,7 | 5,5 | 65,4 | 33,3 | 7,0 | 93,0 | 29,7 | 62,7 | 7,6 | 80,3 | 9,7 | 10,0 |
| 7 | 60,8 | 17,0 | 41,0 | 36,9 | | 55,0 | 45,0 | 11,3 | 88,7 | 42,0 | 42,0 | 13,7 | 63,1 | 11,7 | 21,6 |
| 8 | 53,3 | 41,0 | 45,4 | 40,2 | 14,4 | 45,9 | 48,5 | 3,7 | 96,3 | 37,4 | 40,7 | 19,6 | 58,0 | 18,8 | 17,3 |
| 9 | 51,9 | 43,3 | 56,4 | 29,8 | 12,2 | 53,0 | 39,9 | 3,4 | 96,6 | 49,5 | 31,1 | 17,8 | 55,3 | 30,1 | 9,0 |
| 10 | 52,4 | 41,1 | 41,9 | 44,8 | 10,2 | 48,2 | 45,0 | 5,8 | 94,2 | 57,0 | 30,2 | 9,7 | 55,5 | 28,9 | 8,1 |

Opmerking:

Waar die totale persentasie nie 100% is nie verteenwoordig die verskil, daardie persentasie leerlinge wat of geen antwoord verstrek het nie of kruisies by ‚ja' en ‚nee' gemaak het.

Afleidings:

(i) Alhoewel die meerderheid leerlinge positief ingestel is teenoor die vak is daar 'n ontstellende groei van standerd 6 na standerd 10 in die persentasie leerlinge wat volgens hul maats negatief teenoor die vak ingestel is; die persentasie leerlinge in standerd 6 wat die vak nie goedgesind is nie, is 8,6% teenoor 41,1% in standerd 10.

(ii) By hierdie vraag of sommige leerlinge gekskeer in die Godsdiensonderrigperiode ? moet daar met kommer kennis geneem word van die persentasie leerlinge wat volgens hul maats se mening gekskeer in die Godsdiensonderrigperiode, dit is veral die standerd 9 wat hier 'n baie hoër persentasie as standerd 10 het. Tussen standerd 6, 7, 8 en 10 is daar net 3% verskil, terwyl daar tussen standerd 6 en 9 byna 16% verskil is, en tussen standerd 9 en 10 is daar ook 14,5% verskil.

(iii) By hierdie vraag: Of daar kinders in die klas is wat openlik teenoor ander kinders sê dat hulle nie van die vak hou nie, blyk dat die persentasie „ja's" baie hoog is, dit wissel van 33,3% in standerd 6 tot 45% in standerd 10. Hier moes die leerlinge dan ook wanneer hulle „ja" geantwoord het, ook sê of „baie" of „min" leerlinge hulle hieraan skuldig maak; uit die persentasiebewerking blyk dit dat min leerlinge teenoor hul maats sê dat hulle nie van die vak hou nie, ook die persentasieverskil tussen die verskillende standerds is gering.

(iv) 'n Groot persentasie leerlinge maak hulle volgens hul maats daaraan skuldig om ander huiswerk gedurende die Godsdiensonderrigperiode te doen; dit wissel van 29,7% in standerd 6 tot 57,0% in standerd 10.

(v) Uit tabel K is dit duidelik dat die grootste persentasie leerlinge uitsien na die Godsdiensonderrigperiode maar dat die persentasie skerp daal van 80,3% in standerd 6 tot 55,5% in standerd 10.

Gevolgtrekkings:

1. Die meeste leerlinge is positief ingestel teenoor die vak; die neiging is egter daar dat die persentasie leerlinge wat positief ingestel is teenoor die vak afneem namate die kind op skool vorder. Dit is duidelik dat hoe nader die kind nog aan die primêre skool is hoe meer geredelik aanvaar hy nog die dinge wat aan hom vertel word, hoe meer die leerling in ouderdom toeneem, hoe meer wil hy self ondersoek instel en hoe minder aanvaar hy sommer net wat aan hom vertel word. Die „ek" in die kind kom meer en meer op die voorgrond.

2. Die persentasie leerlinge wat die Godsdiensonderrigperiode gebruik om ander huiswerk te doen, wek kommer. Dit is 'n saak wat aandag verdien (vergelyk hoofstuk 5).

Afdeling C Hierdie afdeling handel oor Kerk en Bybel

Verduideliking van tabel L

Vraag I (a) hierdie vraag handel oor die kerkverband.

Tabel L

| standerd | N.G. Kerk | Geref. Kerk | Herv. Kerk | Lutherse Kerk | Met. Kerk | Roomse Kat. Kerk | Sektes | Geen |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 6 | 57,2 | 11,8 | 13,4 | 1,0 | 1,1 | 0,5 | 15,0 | |
| 7 | 61,0 | 7,4 | 20,1 | | 0,8 | 0,3 | 9,4 | 1,0 |
| 8 | 62,6 | 6,2 | 16,5 | 0,5 | 0,3 | | 12,1 | 1,8 |
| 9 | 63,3 | 9,5 | 14,4 | 0,8 | 1,9 | 0,3 | 9,8 | |
| 10 | 65,6 | 7,3 | 16,7 | | 2,1 | | 8,3 | |
| Gem.% | 61,9 | 8,5 | 16,2 | 0,5 | 1,2 | 0,2 | 10,9 | 0,6 |

Uit bogenoemde gegewens blyk dit dat die grootste gros aan een of ander van die drie Afrikaans-Reformatorise kerke behoort, naamlik 'n gemiddelde van 86,6%. 10,9% leerlinge in die verskillende standerds behoort aan sektes- 'n getal waarmee deeglik rekening gehou moet word. H.J.J. Bingle meld na 'n ondersoek in 1939 die volgende: „Die paar wat aan ander kerke behoort, of aan sektes, is so min dat hulle hoegenaamd geen effek op die resultate kan hê nie.[6] Daar moes dus 'n geweldige groei in die geledere van die sektes plaasgevind het sedert 1939.

Verduideliking van tabel M

Vraag (ii) a- Hoe dikwels besoek die leerlinge die kerk ?

vraag (iii) b- Leer die leerlinge volgens hul mening iets in die Godsdiensonderrigklas wat in botsing is met wat hul in hul kerk leer ?

6) Bingle, H.J.J. Enkele Godsdienstige opvattinge van die middelbare skoolleerling, p. 89.

Tabel M

| | (a) | | | | | | | (b) | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | (a) | (b) | (c) | (d) | (e) | (f) | (g) | (a) | (b) | (c) | (d) |
| | Elke Sondag twee maal | Elke Sondag een maal | Elke maand twee maal | Elke maand een maal | Een maal per kwartaal | nooit | Geen antwoord verstrek nie | Nee | Ja | Geen rede verstrek nie | Nie geantwoord nie |
| Standerd | % | % | % | % | % | % | % | % | % | % | % |
| 6 | 26,5 | 62,5 | 4,0 | 0,7 | | 0,8 | 5,5 | 90,3 | 9,7 | 59,3 | |
| 7 | 21,0 | 69,0 | 8,0 | 0,7 | 1,0 | 0,3 | | 93,4 | 6,4 | 88,0 | 0,2 |
| 8 | 31,4 | 63,7 | 4,1 | 0,5 | 0,3 | | | 94,3 | 3,6 | 42,9 | 2,1 |
| 9 | 30,5 | 60,4 | 7,2 | 1.1 | 0,3 | 0,5 | | 95,5 | 2,8 | 36,4 | 1,7 |
| 10 | 30,5 | 56,5 | 9,9 | 2,3 | 0,3 | 0,5 | | 93,5 | 6,0 | 26,2 | 0,5 |
| Gem% | 27,9 | 62,4 | 6,6 | 1,0 | 0,4 | 0,4 | 1,3 | 93,4 | 5,7 | 50,6 | 0,9 |

Afleidings:

Uit tabel M(a) blyk dit dat die grootste gros leerlinge die kerk gereeld besoek; dit wil sê hulle besoek die kerk elke Sondag een of tweemaal. Die persentasie kerkbywoning kan soos volg uiteengesit word. (hier word die gemiddelde vir standerd 6-10 geneem).

27,9% leerlinge gaan elke Sondag twee keer kerk-toe.
62,4% leerlinge gaan elke Sondag een keer kerk-toe.
6,6% leerlinge gaan elke maand twee keer kerk-toe.
1,0% leerlinge gaan elke maand een keer kerk-toe.
0,4% leerlinge gaan een maal per kwartaal kerk-toe.
0,4% leerlinge gaan nooit kerk-toe nie.
1,3% leerlinge het nie die vraag beantwoord nie.

Gevolgtrekking:

(i) Dit blyk dus dat 90,3% leerlinge die kerk elke Sondag besoek.

(ii) Die persentasie leerlinge wat die kerk nooit besoek nie baie laag is naamlik net 0,4%.

(iii) Die persentasieverskille tussen die verskillende standerds is uiters gering.

Vraag III, soos in tabel M(b) uiteengesit, het gehandel oor die vraag of die leerlinge volgens hulle mening iets in die Godsdiens=onderrigklas leer wat strydig is met dit wat hulle in hul eie kerk leer. Die afleidings hier kan soos volg saamgevat word:

Die gemiddelde persentasie leerlinge wat „nee" op hierdie vraag geantwoord het was 93,4%.

Die persentasie leerlinge wat sê dat hulle wel iets strydigs in die Godsdiensonderrigklas leer, was net 5,7%.

0,9% van die leerlinge het die vraag nie beantwoord nie.

Vraag iv het gelui:

Indien antwoord op vraag (iii) „Ja" is, noem voorbeelde van hier=die botsende sienswyses ?

5,7% leerlinge het „ja" op vraag (iii) geantwoord; hulle kan weer soos volg ingedeel word.

50,6% van hierdie leerlinge het nie gesê watter botsende idees daar in die Godsdiensonderrigklas doseer word nie.

28,2% sê dat hulle aan onderdompeling en grootdoop glo.

21,2% het veertien ander redes verstrek wat nie verdere bespreking hier regverdig nie.

Gevolgtrekking:

Daar kan met die grootste mate van sekerheid verklaar word dat daar byna geen botsende idees in die Godsdiensonderrigklas gedoseer word nie. Die 28,2% leerlinge wat oor die doop verskil, sê uitdruklik die volgende. „Ons glo aan onderdompeling en grootdoop." Hulle sê dus nie spesifiek dat wat in die Godsdiensonderrigklas gedoseer word, daarmee stry nie.

Vrae v tot vi

Verduideliking van tabel N.

a - Hier word gevra of daar huisgodsdiens in die leerlinge se huise gehou word.

b - Hier word gevra hoe dikwels die leerlinge hulle Bybels lees.

Tabel N

| | (a) | | | | | | (b) | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | (a) Elke dag | (b) Eenmaal per week | (c) Eenmaal per maand | (d) nooit | Bedorwe | Geen | (a) Elke dag | (b) Eenmaal per week | (c) Eenmaal per maand | (d) nooit | (e) Bedorwe | (f) geen |
| Standerd | % | % | % | % | % | % | % | % | % | % | % | % |
| 6 | 56,4 | 19,2 | 2,1 | 20,0 | 2,3 | | 84,2 | 12,1 | 1,6 | 0,8 | 1,3 | |
| 7 | 55,7 | 19,3 | 2,5 | 22,5 | | | 85,8 | 12,0 | 1,2 | 1,0 | | |
| 8 | 52,3 | 20,1 | 1,5 | 22,5 | | 3,6 | 87,1 | 9,8 | 1,0 | 1,8 | | 0,3 |
| 9 | 48,2 | 15,2 | 2,8 | 30,6 | 1,3 | 1,9 | 81,9 | 12,2 | 2,9 | 1,4 | | 1,6 |
| 10 | 45,3 | 12,7 | 3,3 | 34,8 | | 3,9 | 86,8 | 7,8 | 2,3 | 1,3 | | 1,8 |
| Gem.% | 51,6 | 17,3 | 2,4 | 26,1 | 0,7 | 1,9 | 85,2 | 10,8 | 1,8 | 1,2 | 0,3 | 0,7 |

(a) Die volgende afleidings kan nou gemaak word.

51,6% leerlinge kom uit huise waar huisgodsdiens gereeld dit wil sê elke dag gehou word.

17,3% leerlinge kom uit huise waar huisgodsdiens eenmaal per week gehou word.

2,4% leerlinge kom uit huise waar huisgodsdiens eenmaal per maand gehou word.

26,1% leerlinge kom uit huise waar daar nooit huisgodsdiens= gehou word nie.

0,7% van die leerlinge het meer antwoorde as een verstrek, daarom is hierdie antwoorde ongeldig.

1,9% van die leerlinge het nie die vraag beantwoord nie.

Gevolgtrekking:

Uit die gegewens blyk dit dat die oorgrote meerderheid leerlinge uit huise kom waar daar huisgodsdiens gehou word; daar is tog die nie onbelangrike persentasie waar daar geen huisgodsdiens gehou word nie.

(b) Die volgende afleidings kan nou gemaak word ten opsigte van Bybellees deur die leerlinge.

85,2% van die leerlinge lees elke dag hul Bybels.

10,8% van die leerlinge lees hul Bybels eenmaal per week.

1,8% van die leerlinge lees hul Bybels eenmaal per maand.

1,2% van die leerlinge lees nooit hul Bybels nie.

0,3% antwoorde was ongeldig.

0,7% van die leerlinge het geen antwoorde verstrek nie.

Gevolgtrekking:

Dit is werklik verblydend om te sien dat die sekondêre skoolleerling gereeld sy Bybel lees; die persentasie leerlinge wat nooit Bybel lees nie, is gelukkig baie gering.

Vraag (vii) wil weet wat die leerling as die hoofboodskap van die Bybel beskou.

Afleiding:

Die oorgrote meerderheid van standerd 6 tot 10 leerlinge het 'n redelike goeie begrip van die hoofboodskap van die Bybel. Vir 'n gemiddelde van 92% van die leerlinge het die Bybel die een of

ander besondere boodskap. 'n Gemiddelde van 8% van die leerlinge het die vraag nie beantwoord nie.

Gevolgtrekking:

Die oorgrote meerderheid van die leerlinge is positief ingestel ten opsigte van die Woord van God. Daar was veral twee antwoor= de wat deur al die standerds verstrek is, dit wil sê wat hulle as die hoofboodskap van die Bybel beskou naamlik,

(i) Die verlossing deur onse Here Jesus Christus en,

(ii) Die liefde vir God en ons naaste.

Vraelys 2(a) en 2(b)

Vraelys 2 a en 2 b bevat vrae wat handel oor die feitelike inhoud van die Bybel en oor die betekenis van hierdie feite onderskei= delik. Die standerds sal hier afsonderlik behandel word. „Ander antwoorde" beteken dat daardie antwoorde afwyk van die antwoorde wat verlang word; dit het dus nie naastenby betrek= king op die regte antwoord nie.

Inhoudsvrae standerd 6
3.4.3.1 Vraelys 2 (a)
Hierdie vrae gaan daarom om die kennis van die leerlinge ten op= sigte van die Bybel te toets.

Vraag i Wat is die eerste vier woorde waarmee Gen. begin ?

Resultaat

70,6% leerlinge het hierdie vraag reg, naamlik „In die begin het."

19,9% leerlinge het geen antwoord verstrek nie.

9,5% leerlinge het ander antwoorde verskaf.

Vraag (ii) Hoeveel boeke is daar in die Ou Testament ?

49,3% het 39 boeke genoem as antwoord.

11,1% leerlinge het geen antwoorde verstrek nie.

39,6% het ander antwoorde verskaf.

Vraag (iii) Noem 'n boek en hoofstuk waar die Tien Gebooie op= geteken staan.

62,4% van die leerlinge het Exodus 20 en Deuteronomium 5 as ant= woord.

19,5% van die leerlinge het geen antwoord verstrek nie.

18,1% van die leerlinge het ander antwoorde verstrek.

Vraag (iv) Watter land het God aan Abraham en sy nageslag be= loof ?

79,6% leerlinge het Kanaän genoem.

12,3% leerlinge het geen antwoord verstrek nie.

8,1% leerlinge het ander antwoorde verstrek.

Vraag (v) Op watter berg moes Abraham vir Izak gaan offer het ?

48,3% leerlinge het Moria as antwoord genoem.

27,3% leerlinge het geen antwoord verstrek nie.

24,4% leerlinge het ander antwoorde gegee.

Vraag vi Wie kies God om Sy volk uit Egipteland te lei ?

85,8% leerlinge het Moses as antwoord gehad.

8,4% leerlinge het nie die vraag beantwoord nie.

5,8% leerlinge het ander antwoorde verstrek.

Vraag vii Op watter berg ontvang Moses die Tien Gebooie ?

44,4% leerlinge het die berg Sinai as antwoord.

28,8% leerlinge het geen antwoord verstrek nie.

26,8% leerlinge het ander antwoorde verstrek.

Vraag viii Wie was Jesus se aardse vader ?

76,9% leerlinge het Josef as antwoord gegee.

13,4% leerlinge het geen antwoord verstrek nie.

9,7% leerlinge het ander antwoorde verstrek.

Vraag ix Wie was die goewerneur wat Jesus oorgelewer het om gekruisig te word ?

58,3% leerlinge het Pontius Pilatus as antwoord gegee.

32,8% leerlinge het geen antwoord verstrek nie.

8,9% leerlinge het ander antwoorde verskaf.

Vraag x In watter dorp is Jesus gebore ?

71,9% leerlinge het Betlehem as antwoord gegee.

5,8% leerlinge het geen antwoord verskaf nie.

22,3% leerlinge het ander antwoorde verskaf.

Verduideliking van tabel O

Van (i) -(x) is die verskillende vrae se persentasie bewerkings.

Onder (xi) verskyn die gemiddelde persentasies.

Tabel O

| | (i) | (ii) | (iii) | (iv) | (v) | (vi) | (vii) | (viii) | (ix) | (x) | (xi) |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| regte antw. | 70,6% | 49,3% | 62,4% | 79,6% | 48,3% | 85,8% | 44,4% | 76,9% | 58,3% | 71,9% | 64,8% |
| geen antw. | 19,9 | 11,1 | 19,5 | 12,3 | 27,3 | 8,4 | 28,8 | 13,4 | 32,8 | 5,8 | 17,9 |
| verkeerde antw. | 9,5 | 39,6 | 18,1 | 8,1 | 24,4 | 5,8 | 26,8 | 9,7 | 8,9 | 22,3 | 17,3 |

Gevolgtrekking:

Die leerlinge se kennis ten opsigte van die inhoud van die Bybel is heeltemal redelik, tog is die persentasie regte antwoorde ten opsigte van vrae (ii)(v), (vii) onder 50%. Nog 'n kenmerk by hierdie verwerking is dat so 'n groot persentasie leerlinge geen antwoorde op vrae verskaf het nie. (Sien tabel O).

Inhoudsvrae standerd 7

Vraag i Hoeveel boeke is daar in die Bybel ?

44,8% leerlinge het 66 boeke as antwoord gegee.

9,4% leerlinge het geen antwoord verstrek nie.

45,8% leerlinge het ander antwoorde verskaf.

Vraag ii Noem twee boeke in die Ou Testament waar ons die Tien Gebooie aantref ?

51,7% leerlinge het Exodus en Deuteronomium as antwoord gegee.

17,8% leerlinge het net Exodus as antwoord gehad.

5,3% leerlinge het geen antwoord verstrek nie.

25,2 leerlinge het ander antwoorde verskaf.

Vraag iii    Wat was Moses se ouers se name ?

36,6% leerlinge het Amram en Jogébed as antwoord verstrek.

1,0% leerlinge het net Amram.

1,8% leerlinge het net Jogébed.

45,8% leerlinge het geen antwoord verskaf.
14,8% leerlinge het ander antwoorde verskaf.

Vraag iv    Noem een spelonk in Palestina.

51,9% leerlinge het Magpela as antwoord gehad.

44,8% leerlinge het geen antwoord verstrek nie.

3,3% leerlinge was verkeerd in hul antwoorde.

Vraag v    Noem twee produkte waarmee in die vrugbare vlaktes van Filistéa geboer is.

27,2% leerlinge het koring en vee as antwoord gehad.

41,2% leerlinge het koring en gars as antwoord gehad.

5,9% leerlinge het koring en katoen as antwoord gehad.

25,7% leerlinge het nie die vraag beantwoord nie.

Vraag vi    In watter stad in Palestina is die tempel gebou ?

59,3% van die leerlinge het Jerusalem as antwoord gehad.

34,1% het geen antwoord verstrek nie.

6,6% het ander antwoorde verstrek.

<u>Vraag vii</u> Wie is ons Hoëpriester wat vir ons by God intree ?

71,2% het Jesus as antwoord gehad.

14,5% het geen antwoord verskaf nie.

14,3% het ander antwoorde gehad.

<u>Vraag viii</u> Tydens watter fees is die Heilige Gees uitgestort ?

17,3% het tydens die Pinksterfees as antwoord.

21,1% het geen antwoord verstrek nie.

61,6% het ander antwoorde verstrek.

<u>Vraag ix</u> Waarvan was Johannes die Doper se klere en watter soort voedsel het hy geëet ?

36,4% leerlinge het klere van kameelhaar en sprinkane en heu=ning as voedsel as antwoord gehad.

31,3% het geen antwoord verstrek nie.

32,3% het ander antwoorde verstrek.

<u>Vraag x</u> Watter man het op pad na Damaskus tot bekering gekom ?

71,5% het Paulus as antwoord gehad.

24,4% het geen antwoord verstrek nie.

4,1% het ander antwoorde verstrek.

<u>Vraag xi</u> Wat is die laaste boek in die Nuwe Testament se naam ?

79,4% het Openbaring as antwoord gehad.

14,0% het hierdie vraag nie beantwoord nie.

6,6% het ander antwoorde verskaf.

<u>Vraag xii</u> Noem die name van die drie aartsvaders.

57,2% het Abraham, Isak en Jakob as antwoord gehad.

23,0% het geen antwoord verstrek nie.

19,8% het ander antwoorde verskaf.

<u>Vraag xiii</u> Noem twee ander name vir die land Kanaän.

66,7% het Die Beloofde Land en Heilige Land as antwoord ver= strek.

13,7% het net Beloofde Land as antwoord gehad.

9,9% het hierdie vraag nie beantwoord nie.

9,7% het ander antwoorde verskaf.

<u>Vraag xiv</u> Watter neef van Abram trek saam met hom na Kanaän ?

53,4% het Lot as antwoord gehad.

34,9% het nie die vraag beantwoord nie.

11,7% het ander antwoorde verstrek.

<u>Vraag xv</u> Watter rivier se water stroom in die Dooie See ?

56,2% het die Jordaanrivier as antwoord gehad.

29,3% het nie die vraag beantwoord nie.

14,5% het ander antwoorde verskaf.

Samevattend kan hier nou in tabelvorm 'n oorsig oor standerd 7 se inhoudsvrae verkry word.

Verduideliking van tabel P

(i) tot (xv) verteenwoordig die vrae wat gevra is, met die totale persentasie regte, geen en verkeerde antwoorde soos deur die leerlinge verstrek is. Onder (xvi) sal die gemiddelde antwoorde verskyn.

## Tabel P

| | (i) | (ii) | (iii) | (iv) | (v) | (vi) | (vii) | (viii) | (ix) | (x) | (xi) | (xii) | (xiii) | (xiv) | (xv) | (xvi) |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | % | % | % | % | % | % | % | % | % | % | % | % | % | % | % | Gem % |
| regte antw. | 44,8 | 69,5 | 39,4 | 51,9 | 74,3 | 59,3 | 71,2 | 17,3 | 36,4 | 71,5 | 79,4 | 57,2 | 80,4 | 53,4 | 56,2 | 57,5 |
| geen antw. | 9,4 | 5,3 | 45,8 | 44,8 | 25,7 | 34,1 | 14,5 | 21,1 | 31,3 | 24,4 | 14,0 | 23,0 | 9,9 | 34,9 | 29,3 | 24,5 |
| verkeerde antw. | 45,8 | 25,2 | 14,8 | 3,3 | | 6,6 | 14,3 | 61,6 | 32,3 | 4,1 | 6,6 | 19,8 | 9,7 | 11,7 | 14,5 | 18,0 |

Gevolgtrekking:

Uit die voorafgaande is dit dus duidelik dat 'n gemiddelde van 57,5% leerlinge die inhoudsvrae geken het, wat heeltemal redelik is, dit wil sê die gemiddelde van vyftien vrae.

Die gemiddelde persentasie leerlinge wat geen antwoorde verskaf het nie is 24,5%, dit wil sê die gemiddelde van vyftien vrae.

Die gemiddelde persentasie leerlinge wat verkeerde antwoorde ver=skaf het is 18,0%.

Inhoudsvrae van standerd 8

Vraag i Met hoeveel man het Gideon die Midianiete verslaan ?

78,9% leerlinge het 300 man as antwoord verstrek.

6,9% van die leerlinge het geen antwoorde verstrek nie.

14,2% van die leerlinge het ander antwoorde verstrek.

Vraag ii Noem die naam van die vrouerigter.

56,2% van die leerlinge het Debora as antwoord verstrek.

18,0% van die leerlinge het geen antwoord verstrek nie.

25,8% van die leerlinge het ander antwoorde verstrek.

Vraag iii Watter rigter moes sy enigste dogter offer weens 'n onbesonne gelofte aan die Here ?

23,5% van die leerlinge het Jefta as antwoord verstrek.

58,5% van die leerlinge het die vraag nie beantwoord nie.

18,0% van die leerlinge het ander antwoorde verskaf.

Vraag iv Wie was die laaste rigter oor Israel net voor die koningskap begin het ?

37,4% van die leerlinge het Samuel as antwoord verstrek.

39,1% van die leerlinge het nie die vraag beantwoord nie.

23,5% van die leerlinge het ander antwoorde verstrek.

Vraag v Watter seun van Saul was Dawid se boesemvriend ?

76,3% van die leerlinge het Jonatan as antwoord verstrek.

18,0% van die leerlinge het nie die vraag beantwoord nie.

5,7% van die leerlinge het ander antwoorde verstrek.

Vraag vi Waarom kon Dawid nie die tempel bou nie ?

66,5% van die leerlinge se antwoorde was dat Dawid te veel oorlog gevoer het en te veel bloed aan sy hande gehad het.

28,9% van die leerlinge het nie die vraag beantwoord nie.

4,6% van die leerlinge het ander antwoorde verskaf.

Vraag vii Watter seun van Dawid volg hom as koning op ?

59,5% van die leerlinge het Salomo as antwoord gehad.

26,1% van die leerlinge het nie die vraag beantwoord nie.

14,4% van die leerlinge het ander antwoorde verskaf.

Vraag viii Wat was Salomo se sonde ?

73,7% van die leerlinge sê dat sy vroue hom tot afgodery verlei het.

23,7% van die leerlinge het nie die vraag beantwoord nie.

2,6% van die leerlinge het ander antwoorde verstrek.

<u>Vraag ix</u> Watter profeet in die tyd van Agab bring die boodskap dat daar vir drie jaar nie reën sou val nie ?

59,3% van die leerlinge het Elia as antwoord genoem.

36,1% van die leerlinge het nie die vraag beantwoord nie.

4,6% van die leerlinge het ander antwoorde verskaf.

<u>Vraag x</u> Wie het vir Elia as profeet opgevolg ?

73,5% van die leerlinge het Elisa as antwoord gehad.

17,5% van die leerlinge het nie die vraag beantwoord nie.

9% van die leerlinge het ander antwoorde verstrek.

<u>Vraag xi</u> Aan watter vroom koning van Israel voeg die Here nog vyftien lewensjare toe ?

24,0% van die leerlinge het koning Hiskia as antwoord gehad.

45,6% van die leerlinge het nie die vraag beantwoord nie.

30,4% van die leerlinge het ander antwoorde verstrek.

<u>Vraag xii</u> Wat was die name van Johannes die Doper se ouers ?

40,9% het Sagaria en Elizabeth as antwoord gehad.

40,0% het die vraag nie beantwoord nie.

19,1% het ander antwoorde verstrek.

<u>Vraag xiii</u> Hoe oud was Jesus toe Hy met die werk van Sy Vader be= gin het ?

68,3% leerlinge het 30 jaar as antwoord gehad.

9,8% leerlinge het geen antwoord verstrek nie.

21,9% van die leerlinge het ander antwoorde verstrek.

<u>Vraag xiv</u> Wat was die naam van Jesus se liefling dissipel ?

27,0% het Johannes as antwoord gehad.

15,5% van die leerlinge het nie die vraag beantwoord nie.

57,5% van die leerlinge het ander antwoorde verstrek.

<u>Vraag xv</u> Hoe vat Jesus die Tien Gebooie in Mattheus 22:37-39 saam ?

56,2% van die leerlinge het as antwoord, die liefde vir God en die naaste.

36,8% het die vraag nie beantwoord nie.

7,0% leerlinge het ander antwoorde vir die vraag verstrek.

Nou kan daar in tabelvorm 'n goeie oorsig gevind word van hoe stan= derd 8 met die inhoudsvrae gevaar het.

<u>Verduideliking van tabel Q</u>

(i) tot (xv) dui die vrae aan wat vir standerd 8 gevra is, met die totale persentasie vir regte, geen en verkeerde antwoorde soos deur die leerlinge verstrek is. Onder (xvi) verskyn die gemiddelde per= sentasies van die regte, geen en verkeerde antwoorde.

## Tabel Q

| | (i) | (ii) | (iii) | (iv) | (v) | (vi) | (vii) | (viii) | (ix) | (x) | (xi) | (xii) | (xiii) | (xiv) | (xv) | (xvi) |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | % | % | % | % | % | % | % | % | % | % | % | % | % | % | % | % |
| regte antw. | 78,9 | 56,2 | 23,5 | 37,4 | 76,3 | 66,5 | 59,5 | 73,7 | 59,3 | 73,5 | 24,0 | 40,9 | 68,3 | 27,0 | 56,2 | 54,7 |
| geen antw. | 6,9 | 18,0 | 58,5 | 39,1 | 18,0 | 28,9 | 26,1 | 23,7 | 36,1 | 17,5 | 45,6 | 40,0 | 9,8 | 15,5 | 36,8 | 28,0 |
| verkeerde antw. | 14,2 | 25,8 | 18,0 | 23,5 | 5,7 | 4,6 | 14,4 | 2,6 | 4,6 | 9,0 | 30,4 | 19,1 | 21,9 | 57,5 | 7,0 | 17,3 |

Gevolgtrekking:

Die meerderheid leerlinge besit 'n redelike kennis van die Bybel, maar ons vind ook hier dat gemiddeld 45,3% van die leerlinge of geen antwoorde verskaf het nie, of verkeerde antwoorde verskaf het.

Inhoudsvrae vir standerd 9

Vraag i    Wie was Johannes die Doper se ouers ?

64,6% van die leerlinge het Sagaria en Elizabeth as antwoord gehad.

25,0% van die leerlinge het nie die vraag beantwoord nie.

10,4% van die leerlinge het ander antwoorde verskaf.

Vraag ii    Hoeveel dae na die opstanding het Jesus nog op die aarde vertoef ?

57,2% van die leerlinge het 40 dae as antwoord gehad.

6,4% van die leerlinge het die vraag nie beantwoord nie.

36,4% van die leerlinge het ander antwoorde verskaf.

Vraag iii    Hoeveel dae na Jesus se opstanding is die Heilige Gees uitgestort ?

9,3% van die leerlinge het 50 dae as antwoord gehad.

24,7% van die leerlinge het nie die vraag beantwoord nie.

66,0% van die leerlinge het ander antwoorde verstrek.

Vraag iv    Hoeveel diakens is gekies om na die welsyn van die Grieksprekende weduwees en wese om te sien ?

50,5% van die leerlinge het 7 diakens as antwoord gehad.

22,3% van die leerlinge het nie die vraag beantwoord nie.

27,2% van die leerlinge het ander antwoorde verskaf.

Vraag v — Waar is die gelowiges vir die eerste keer Christene genoem ?

25,3% van die leerlinge het as antwoord Antiochië genoem.

40,1% van die leerlinge het nie die vraag beantwoord nie.

34,6% van die leerlinge het ander antwoorde verstrek.

Vraag vi — Hoeveel sendingreise het Paulus onderneem ?

68,4% van die leerlinge het 3 sendingreise as antwoord gegee.

7,7% van die leerlinge het nie die vraag beantwoord nie.

23,9% van die leerlinge het ander antwoorde verskaf.

Vraag vii — Waar is Paulus gebore ?

34,6% van die leerlinge het Tarsus as antwoord gegee.

40,1% van die leerlinge het geen antwoord verstrek nie.

25,3% van die leerlinge het ander antwoorde verstrek.

Vraag viii — Wie is die Hoof van die Christelike Kerk hier op aarde ?

81,1% van die leerlinge het Jesus Christus as antwoord gehad.

13,5% van die leerlinge het nie die vraag beantwoord nie.

5,4% van die leerlinge het ander antwoorde verstrek.

<u>Vraag ix</u> Noem die drie groepe waarin Paulus se briewe in= gedeel kan word.

24,5% van die leerlinge het die volgende antwoord verstrek, Pas= torale of herderlikebriewe, Gevangenskapsbriewe en sy Alge= mene Sendbriewe.

43,9% van die leerlinge het nie die vraag beantwoord nie.

31,6% van die leerlinge het ander antwoorde verstrek.

<u>Vraag x</u> Wat word verstaan onder die term: Nuwe Testamentie= se Israel ?

20,7% van die leerlinge het as antwoord: Almal wat Jesus Christus as hul persoonlike Saligmaker en Verlosser aangeneem het.

63,6% van die leerlinge het geen antwoord verstrek nie.

15,7% van die leerlinge het ander antwoorde gegee.

<u>Vraag xi</u> Noem 3 digterlike boeke.

81,7% van die leerlinge het drie van die volgende boeke genoem: Job; Psalms, Spreuke, Prediker en Hooglied.

11,7% van die leerlinge het nie die vraag beantwoord nie.

6,6% van die leerlinge het ander antwoorde gegee.

<u>Vraag xii</u> Noem die name van drie groot profete.

55,6% van die leerlinge het Jesaja, Jeremia, Esegiël of Daniël as antwoord gegee.

7,4% van die leerlinge het nie die vraag beantwoord nie.

37,0% van die leerlinge het ander antwoorde verstrek.

Vraag xiii    Noem die drie grondtale waarin die Bybel geskryf was.

24,2% van die leerlinge het Hebreeus, Grieks en Aramees as antwoord gegee.

5,1% van die leerlinge het nie die vraag beantwoord nie.

70,7% van die leerlinge het ander antwoorde verstrek.

Vraag xiv    Watter groot Kerkhervormer het die Bybel in Duits vertaal ?

82,2% van die leerlinge het Martin Luther as antwoord gegee.

12,8% van die leerlinge het nie die vraag beantwoord nie.

5,0% van die leerlinge het ander antwoorde gegee.

Vraag xv    Wanneer het die eerste vertaling van die Bybel in Afrikaans verskyn ?

57,7% van die leerlinge het 1933 as antwoord gegee.

16,2% het nie die vraag beantwoord nie.

26,1% van die leerlinge het ander antwoorde gegee.

Wanneer die gegewens van vraag (i) tot (xv) nou in tabelvorm weer= gegee word, kan die resultate baie makliker vergelyk word.

Verduideliking van tabel R

(i) tot (xv) verteenwoordig die vrae wat as inhoudsvrae aan stan= derd 9 gestel is, met die totale persentasie vir regte, geen en verkeerde antwoorde soos deur die leerlinge verstrek is. Onder

(xvi) verskyn die gemiddelde persentasies van die regte, geen en verkeerde antwoorde.

Tabel R

| | (i) | (ii) | (iii) | (iv) | (v) | (vi) | (vii) | (viii) | (ix) | (x) | (xi) | (xii) | (xiii) | (xiv) | (xv) | (xvi) |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | % | % | % | % | % | % | % | % | % | % | % | % | % | % | % | % |
| regte antw. | 64,6 | 57,2 | 9,3 | 50,5 | 25,3 | 68,4 | 34,6 | 81,1 | 24,5 | 20,7 | 81,7 | 55,6 | 24,2 | 82,2 | 57,7 | 49,2 |
| geen antw. | 25,0 | 6,4 | 24,7 | 22,3 | 40,1 | 7,7 | 40,1 | 13,5 | 43,9 | 63,6 | 11,7 | 7,4 | 5,1 | 12,8 | 16,2 | 22,7 |
| verkeerde antw. | 10,4 | 36,4 | 66,0 | 27,2 | 34,6 | 23,9 | 25,3 | 5,4 | 31,6 | 15,7 | 6,6 | 37,0 | 70,7 | 5,0 | 26,1 | 28,1 |

Gevolgtrekking:

By standerd 9 leerlinge het 'n gemiddelde van 49,2% die vrae reg be= antwoord; ook hier vind ons 'n persentasie van 50,8% wat of die vrae nie beantwoord het nie of verkeerde antwoorde verskaf het.

Inhoudsvrae vir standerd 10

Vraag i  Noem die drie ampte wat ons in die Ou Testament aan= tref.

84,1% van die leerlinge het Priester, Profeet en Koning as antwoord gegee.

12,3% van die leerlinge het nie die vraag beantwoord nie.

3,6% van die leerlinge het ander antwoorde verstrek.

Vraag ii  Noem een benaming vir 'profeet' in die Ou Testament.

31,6% van die leerlinge het een van die volgende as antwoord ge= gee. Man van God, Boodskapper van die Here en Siener.

41,1% van die leerlinge het nie die vraag beantwoord nie.

27,3% van die leerlinge het ander antwoorde verstrek.

Vraag iii  Waarteen moes die profete die volk waarsku?

85,2% van die leerlinge het teen afdwalinge en die sonde as ant= woord gegee.

12,5% van die leerlinge het nie die vraag beantwoord nie.

2,3% van die leerlinge het ander antwoorde verskaf.

Vraag iv  Noem drie soorte Psalms.

82,3% van die leerlinge het Lofpsalms, Dankpsalms en Boetepsalms as antwoord gegee.

8,3% van die leerlinge het die vraag nie beantwoord nie.

9,4% van die leerlinge het ander antwoorde verstrek.

<u>Vraag v</u> Watter les leer ons by die mier in Spreuke 6:6 ?

87,5% van die leerlinge het as antwoord dat ons by die mier kan leer om te werk sonder om gedryf te word.

11,7% van die leerlinge het die vraag nie beantwoord nie.

0,8% van die leerlinge het ander antwoorde verstrek.

<u>Vraag (vi)</u> Wat is die grondslag van die boek Spreuke ?

43,8% van die leerlinge het,die wysheid' as antwoord gegee.

41,4% van die leerlinge het die vraag nie beantwoord nie.

14,8% van die leerlinge het ander antwoorde gegee.

<u>Vraag vii</u> Noem een funksie van die kerk hier op aarde.

90,6% van die leerlinge het die verkondiging van die Woord van God as antwoord gegee.

7,3% van die leerlinge het die vraag nie beantwoord nie.

2,1% van die leerlinge het ander antwoorde gegee.

<u>Vraag viii</u> Watter keiser het geloofsvryheid aan die Christene toegestaan ?

45,3% van die leerlinge het keiser Konstantyn die Grote as ant=woord gegee.

39,6% van die leerlinge het nie die vraag beantwoord nie.

15,1% van die leerlinge het ander antwoorde verstrek.

Vraag ix Noem die drie gewone ampte van die kerk.

61,0% van die leerlinge het leraar, ouderling en diaken as antwoord gegee.

26,0% van die leerlinge het nie die vraag beantwoord nie.

13,0% van die leerlinge het ander antwoorde verskaf.

Vraag x Noem die twee Skole waarin die Kerkvaders van die vierde en vyfde eeu ingedeel was.

14,3% van die leerlinge het die Oosterse en Westerse skole as antwoord gehad.

72,4% van die leerlinge het nie die vraag beantwoord nie.

13,3% van die leerlinge het ander antwoorde verskaf.

Vraag xi Wie was die stigter van die Mohammedaanse geloof ?

73,4% van die leerlinge het Mohammed as antwoord gegee.

25,3% van die leerlinge het nie die vraag beantwoord nie.

1,3% van die leerlinge het ander antwoorde gegee.

Vraag xii Wat word hulle Bybel genoem ?

58,3% van die leerlinge het 'die Koran' as antwoord gegee.

36,2% van die leerlinge het nie die vraag beantwoord nie.

5,5% van die leerlinge het ander antwoorde gegee.

Vraag xiii  Wie is die hoof van die Rooms-Katolieke kerk ?

88,5% van die leerlinge het die Pous as antwoord gegee.

7,1% van die leerlinge het nie die vraag beantwoord nie.

4,4% van die leerlinge het ander antwoorde gegee.

Vraag xiv  Met watter doel is die Kruistogte onderneem ?

45,8% van die leerlinge het gesê: dit was om Palestina of die Heilige Land van die Mohammedane te bevry.

41,2% van die leerlinge het nie die vraag beantwoord nie.

13,0% van die leerlinge het ander antwoorde verstrek.

Vraag xv  Hoeveel stellinge het Martin Luther teen die kerkdeur van Wittenbergkerk vasgespyker ?

64,6% van die leerlinge het 95 stellinge as antwoord gegee.

4,4% van die leerlinge het geen antwoord verstrek nie.

31,0% van die leerlinge het ander antwoorde gegee.

Die afleidings wat vir standerd 10 gemaak is word in tabelvorm uit=eengesit.

Verduideliking van tabel S

(i) tot (xv) verteenwoordig die vrae wat as inhoudsvrae aan standerd 10 gestel is, met die totale persentasie vir regte, geen en verkeer=de antwoorde soos deur die leerlinge verstrek is. Onder (xvi) ver=skyn die gemiddelde persentasies van die regte, geen en verkeerde antwoorde.

Tabel S

| | (i) | (ii) | (iii) | (iv) | (v) | (vi) | (vii) | (viii) | (ix) | (x) | (xi) | (xii) | (xiii) | (xiv) | (xv) | (xvi) |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | % | % | % | % | % | % | % | % | % | % | % | % | % | % | % | % |
| regte antw. | 84,1 | 31,6 | 85,2 | 82,3 | 87,5 | 43,8 | 90,6 | 45,3 | 61,0 | 14,3 | 73,4 | 58,3 | 88,5 | 45,8 | 64,6 | 63,8 |
| geen antw. | 12,3 | 41,1 | 12,5 | 8,3 | 11,7 | 41,4 | 7,3 | 39,6 | 26,0 | 72,4 | 25,3 | 36,2 | 7,1 | 41,2 | 4,4 | 25,8 |
| verkeerde antw. | 3,6 | 27,3 | 2,3 | 9,4 | 0,8 | 14,8 | 2,1 | 15,1 | 13,0 | 13,3 | 1,3 | 5,5 | 4,4 | 13,0 | 31,0 | 10,4 |

Gevolgtrekking:

Hier by standerd 10 vind ons 63,8% regte antwoorde wat baie goed is, net 36,2% van die leerlinge het of geen of verkeerde antwoorde verstrek.

Dit sal nou interessant wees om 'n vergelyking te tref oor die kinders se kennis ten opsigte van die inhoudsvrae vanaf standerd 6 tot 10.

Verduideliking van tabel T

Onder (i) tot (iii) vind ons:

(i) Die gemiddelde persentasie van regte antwoorde.

(ii) Die gemiddelde persentasie van geen antwoorde verskaf nie.

(iii) Die gemiddelde persentasie verkeerde antwoorde verskaf.

Onder (iv) word die gemiddelde van al die standerds gegee.

Tabel T

| | % (i) | % (ii) | % (iii) |
|---|---|---|---|
| Standerd 6 | 64,8 | 17,9 | 17,3 |
| standerd 7 | 57,5 | 24,5 | 18,0 |
| standerd 8 | 54,7 | 28,0 | 17,3 |
| standerd 9 | 49,2 | 22,7 | 28,1 |
| standerd 10 | 63,8 | 25,8 | 10,4 |
| (iv)Gem.% | 58,0 | 23,8 | 18,2 |

Gevolgtrekking:

Die persentasie regte antwoorde wat vanaf standerd 6 tot 9 gegee is, verminder reëlmatig van standerd 6 tot 9. By standerd 10 vind daar weer 'n styging in die persentasie regte antwoorde plaas wat byna net so hoog is soos in standerd 6;

Die rede vir die hoë persentasie inhoudskennis wat by die standerd 10 leerlinge aangetref word kan daaraan toegeskryf word dat die standerd 10 leerlinge twee jaar intensiewe katkisasie agter die rug het. Ondervinding het geleer dat die ouers hul kinders voor hul matriekjaar reeds klaar wil hê om sodoende al sy tyd aan standerd 10 se werk te kan wy. Daar is min verskil tussen die verskillende standerds in die persentasie geen antwoorde verskaf.

By die persentasie verkeerde antwoorde het standerd 10;10,4% dit wil sê die laagste persentasie, met standerd 9;28,1% wat die hoogste persentasie verkeerde antwoorde verteenwoordig.

Tussen standerd 6 tot 8 is daar 'n baie klein verskil in die persentasie verkeerde antwoorde. By standerd 9 is die persentasie verkeerde antwoorde die hoogste naamlik 28,1%. Dit blyk dus dat die standerd 8 werk waaroor die standerd 9 leerlinge getoets is, nie so groot inslag by hulle gevind het nie.

## Betekenisvrae

3.4.3.2 **Vraelys 2b (Kyk bylae B)**

Hierdie vraelys handel oor betekenisvrae. Die bedoeling is om die insig van die leerlinge te toets. Elke standerd se resultate sal eers afsonderlik uiteengesit word, dan sal die 10 vrae getabuleer word om dan die gemiddelde persentasie van regte, geen en verkeer= de antwoorde te kry. Nadat al die standerds se resultate op hier= die manier behandel is, sal 'n vergelykende tabel gemaak word. Daar word dus met standerd 6 se afleidings begin.

### Betekenisvrae standerd 6

Vraag i Wat beteken „Adam"?

25,5% leerlinge het „mens" of „aarde" as antwoord gehad.

62,2% van die leerlinge het nie die vraag beantwoord nie.

12,3% van die leerlinge het ander antwoorde verstrek.

Vraag ii Wat beteken die woord „Genesis"?

50,4% van die leerlinge het „begin" as antwoord gehad.

35,7% van die leerlinge het nie die vraag beantwoord nie.

13,9% van die leerlinge het ander antwoorde verstrek.

Vraag iii Wat beteken die woord „Exodus"?

37,0% van die leerlinge het „uittog" as antwoord gehad.

49,0% van die leerlinge het geen antwoord verstrek nie.

14.0% van die leerlinge het ander antwoorde verstrek.

Vraag iv Wat beteken die naam „Jakob"?

23,9% van die leerlinge het „bedrieër" as antwoord gehad.

58,3% van die leerlinge het nie die vraag beantwoord nie.

17,8% van die leerlinge het ander antwoorde verstrek.

Vraag v Wat is die betekenis van die ‚manna' wat die Here aan Israel gegee het.

52,0% van die leerlinge het „dit wys heen na Christus, die Lam van God wat die Brood van die lewe is" as hulle antwoord gegee.

45,6% van die leerlinge het geen antwoord verstrek nie.

2,4% van die leerlinge het ander antwoorde gegee.

Vraag vi Wat is die betekenis van die slag van die Paaslam deur Israel in Egipteland.

30,0% van die leerlinge het as antwoord: Soos die bloed van die lam die Israeliete in Egipteland gered het, so red Jesus se bloed, wat Hy vir ons aan die kruis gestort het, ons van ons sonde.

46,7% van die leerlinge het die vraag nie beantwoord nie.

23,3% van die leerlinge het ander antwoorde verstrek.

Vraag vii Wat simboliseer die koperslang wat Moses op 'n paal moes sit ?

41,7% van die leerlinge het die volgende as antwoord gegee: Dat Christus eenmaal vir ons sondes aan die kruishout sou sterf en elkeen wat Hom aanneem, gered sal word.

51,5% van die leerlinge het nie die vraag beantwoord nie.

6,8% van die leerlinge het ander antwoorde verstrek.

<u>Vraag viii</u> Wat beteken die Naam „Jesus"?

51,4% van die leerlinge het „Redder" of „Verlosser" as antwoord gegee.

38,6% van die leerlinge het die vraag nie beantwoord nie.

10,0% van die leerlinge het ander antwoorde verstrek.

<u>Vraag ix</u> Wat is die betekenis daarvan dat Jesus uit die dood uit opgestaan het ?

23,9% van die leerlinge sê dat Jesus daarmee die dood en dus Satan oorwin het en vir ons die ewige lewe bewerkstellig het.

45,4% van die leerlinge het die vraag nie beantwoord nie.

30,7% van die leerlinge het ander antwoorde verstrek.

<u>Vraag x</u> Wat beteken die naam „Petrus"?

15,2% van die leerlinge het „Rots" as antwoord gegee.

74,3% van die leerlinge het die vraag nie beantwoord nie.

10,5% van die leerlinge het ander antwoorde gegee.

Samevattend bied ons nou hier in tabelvorm die resultate oor die be=tekenisvrae in standerd 6 aan.

<u>Verduideliking van tabel U</u>

(i) tot (x) dui die vrae aan, met die totale persentasies vir regte, geen en verkeerde antwoorde soos deur die leerlinge verstrek is.

Onder (xi) verskyn die gemiddelde persentasie van die regte, geen en verkeerde antwoorde.

Tabel U

| | (i) | (ii) | (iii) | (iv) | (v) | (vi) | (vii) | (viii) | (ix) | (x) | (xi) |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | % | % | % | % | % | % | % | % | % | % | % |
| regte antw. | 25,5 | 50,4 | 37,0 | 23,9 | 52,0 | 30,0 | 41,7 | 51,4 | 23,9 | 15,2 | 35,1 |
| geen antw. | 62,2 | 35,7 | 49,0 | 58,3 | 45,6 | 46,7 | 51,5 | 38,6 | 45,4 | 74,3 | 50,7 |
| verkeerde antw. | 12,3 | 13,9 | 14,0 | 17,8 | 2,4 | 23,3 | 6,8 | 10,0 | 30,7 | 10,5 | 14,2 |

Gevolgtrekking:

Wat die betekenisvrae betref, het die standerd 6-leerlinge glad nie goed gevaar nie. In hierdie afdeling het nie minder as 50,7% geen antwoord verstrek nie; 14,2% het verkeerde antwoorde verstrek. 'n Totale persentasie van 64,9% het of nie die vraag beantwoord nie of verkeerde antwoorde gegee. Die gevolgtrekking waartoe hier geraak kan word is dat die openbaringsgeskiedenis in die standerd 6 klas nie tot sy reg kom nie.

Betekenisvrae: standerd 7

Vraag i Wat beteken die naam „Abraham"?

40,7% van die leerlinge het „Vader van 'n menigte nasies" as antwoord gehad.

4,1% van die leerlinge het „vader van die gelowiges" as antwoord gegee.

46,8% van die leerlinge het die vraag nie beantwoord nie.

8,4% van die leerlinge het ander antwoorde verskaf.

Vraag ii Wat beteken „Exodus"?

39,2% van die leerlinge het „uittog" as antwoord gehad.

44,3% van die leerlinge het die vraag onbeantwoord gelaat.

16,5% van die leerlinge het ander antwoorde gegee.

<u>Vraag iii</u> Wat beteken die naam „Josua"?

19,6% van die leerlinge gee „die Here bied redding" as antwoord.

63,9% van die leerlinge het die vraag nie beantwoord nie.

16,5% van die leerlinge het ander antwoorde verskaf.

<u>Vraag iv</u> Wat is die betekenis van die bloed van die lam wat die Israeliete aan die deurposte moes smeer ?

43,0% van die leerlinge sê dat dit heenwys na die reinigende bloed van ons Here Jesus Christus.

22,9% van die leerlinge het die vraag nie beantwoord nie.

34,1% van die leerlinge het ander antwoorde verstrek.

<u>Vraag v</u> Waarvan was die tabernakel die simbool ?

36,6% van die leerlinge sê dat dit die simbool is van God se in= woning onder Sy volk.

52,2% van die leerlinge het die vraag nie beantwoord nie.

11,2% van die leerlinge het ander antwoorde verstrek.

<u>Vraag vi</u> Waarvan was die bloed van die offerdiere 'n teken ?

56,2% van die leerlinge sê dat dit 'n heenwysing is na die reini= gende bloed van Christus wat Hy vir ons aan die kruishout gestort het.

40,2% van die leerlinge het geen antwoord verstrek nie.

3,6% van die leerlinge het ander antwoorde verstrek.

Vraag vii Waarvan was die besnydenis die teken?

11,5% van die leerlinge sê dat dit die teken was van die verbond wat God met Abraham opgerig het.

59,3% van die leerlinge het die vraag nie beantwoord nie.

29,2% van die leerlinge het ander antwoorde verstrek.

Vraag viii Wat is die betekenis van die rooi tou wat Ragab by haar venster moes laat uithang?

72,8% van die leerlinge sê dit wys heen na die redding deur die bloed van Christus.

23,4% van die leerlinge het die vraag nie beantwoord nie.

3,8% van die leerlinge het ander antwoorde verstrek.

Vraag ix Wat beteken die Naam Jesus ?

64,9% van die leerlinge het „Redder" of „Verlosser" as antwoord gehad.

28,2% van die leerlinge het die vraag nie beantwoord nie.

6,9% van die leerlinge het ander antwoorde verstrek.

Vraag x Wat beteken die Naam „Immanuel?

33,3% van die leerlinge het „God met ons" as antwoord gegee.

58,6% van die leerlinge het die vraag nie beantwoord nie.

8,1% van die leerlinge het ander antwoorde verstrek.

In tabel V word die resultate van standerd 7 se betekenisvrae saamgevat.

Verduideliking van tabel V

(i) tot (x) dui die vrae aan, met die totale persentasies vir regte, geen en verkeerde antwoorde soos deur die leerlinge verstrek is. Onder (xi) verskyn die gemiddelde persentasies van die regte, geen en verkeerde antwoorde.

Tabel V.

| | (i) | (ii) | (iii) | (iv) | (v) | (vi) | (vii) | (viii) | (ix) | (x) | (xi) |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | % | % | % | % | % | % | % | % | % | % | % |
| regte antw. | 44,8 | 39,2 | 19,6 | 43,0 | 36,6 | 56,2 | 11,5 | 72,8 | 64,9 | 33,3 | 42,2 |
| geen antw. | 46,8 | 44,3 | 63,9 | 22,9 | 52,2 | 40,2 | 59,3 | 23,4 | 28,2 | 58,6 | 44,0 |
| verkeerde antw. | 8,4 | 16,5 | 16,5 | 34,1 | 11,2 | 3,6 | 29,2 | 3,8 | 6,9 | 8,1 | 13,8 |

Gevolgtrekking:

Soos uit bogenoemde tabel duidelik blyk, is die regte antwoorde wat vir die standerd 7 verkry is ook baie laag, naamlik 42,2%; nie minder as 44,0% het geen antwoorde verstrek nie terwyl 13,8% verkeerde antwoorde verteenwoordig; ook hier blyk dit baie duidelik dat die diepere betekenis van die Woord van God nie reg geïnterpreteer word nie, of nie die aandag van die Godsdiensonderrigonderwyser geniet soos wat dit behoort nie.

Betekenisvrae: standerd 8

Vraag i     Wat beteken die naam „Bet-el"?

25,8% van die leerlinge het „huis van God" as antwoord gegee.

58,2% van die leerlinge het die vraag nie beantwoord nie.

16,0% van die leerlinge het ander antwoorde gegee.

Vraag ii    Wat beteken „Pniël"?

9,8% van die leerlinge het „met God geworstel" as antwoord gegee.

87,1% van die leerlinge het die vraag nie beantwoord nie.

3,1% van die leerlinge het ander antwoorde gegee.

Vraag iii    Wat beteken „tipe van Christus"?

32,5% van die leerlinge het: „dat dit iemand is wat in sy lewe hier op aarde Jesus afgebeeld het," as antwoord gegee.

52,0% van die leerlinge het die vraag nie beantwoord nie.

15,5% van die leerlinge het ander antwoorde verstrek.

Vraag iv    Wat is die betekenis van die profete in die Ou Testament?

43,3% van die leerlinge het gesê dat hulle die draers van die heilsboodskap was.

8,0% van die leerlinge het gesê dat hulle die volk teen sonde en afdwaling moes waarsku.

44,8% van die leerlinge het die vraag nie beantwoord nie.

3,9% van die leerlinge het ander antwoorde verstrek.

Vraag v    Wat beteken Samuel?

44,4% van die leerlinge sê Samuel beteken: „van die Here gebid" of „van die Here gevra."

45,6% van die leerlinge het die vraag nie beantwoord nie.

10,0% van die leerlinge het ander antwoorde verstrek.

Vraag vi — Wat beteken dit as ons sê: „Simson was 'n Nasireër van God"?

46,9% van die leerlinge sê dit beteken dat hy aan die diens van die Here afgesonder was.

32,7% van die leerlinge het die vraag nie beantwoord nie.

20,4% van die leerlinge het ander antwoorde verskaf.

Vraag vii — Wat beteken die woord „losser" in die Ou Testa=mentiese tydperk ?

52,8% van die leerlinge sê 'losser' beteken iemand wat in iemand anders se plek instaan, soos Christus ook vir ons inge=staan het.

46,7% van die leerlinge het die vraag nie beantwoord nie.

0,5% van die leerlinge het ander antwoorde verskaf.

Vraag viii — Wat is die betekenis van die wonderwerke wat Jesus verrig het ?

47,9% van die leerlinge het as antwoord 'die verheerliking van Sy Vader.'

32,7% van die leerlinge het nie die vraag beantwoord nie.

19,4% van die leerlinge het ander antwoorde gegee.

Vraag ix — Wat is die betekenis van die hoogste vorm van God se openbaring aan die mens ?

14,1% van die leerlinge sê die betekenis is dat God Hom aan die mens getoon het deur die menswording van Sy Seun Jesus Christus.

70,1% van die leerlinge het nie die vraag beantwoord nie.

15,8% van die leerlinge het ander antwoorde verstrek.

<u>Vraag x</u> Wat beteken dit as ons sê: „Jesus het in die vol=heid van die tyd gekom"?

49,7% van die leerlinge sê: dat die tyd ryp was vir Sy koms.

35,6% van die leerlinge het die vraag nie beantwoord nie.

14,7% van die leerlinge het ander antwoorde verstrek.

In tabel W word die resultate van standerd 8 se betekenisvrae saam=gevat.

<u>Verduideliking van tabel W</u>

(i) tot (x) dui die vrae aan, met die totale persentasies vir reg=te, geen en verkeerde antwoorde soos deur die leerlinge verstrek is. Onder (xi) verskyn die gemiddelde persentasies van die regte, geen en verkeerde antwoorde.

<u>Tabel W</u>

| | (i) | (ii) | (iii) | (iv) | (v) | (vi) | (vii) | (viii) | (ix) | (x) | (xi) |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | % | % | % | % | % | % | % | % | % | % | % |
| regte antw. | 25,8 | 9,8 | 32,5 | 51,3 | 44,4 | 46,9 | 52,8 | 47,9 | 14,1 | 49,7 | 37,5 |
| geen antw. | 58,2 | 87,1 | 52,0 | 44,8 | 45,6 | 32,7 | 46,7 | 32,7 | 70,1 | 35,6 | 50,5 |
| verkeerde antw. | 16,0 | 3,1 | 15,5 | 3,9 | 10,0 | 20,4 | 0,5 | 19,4 | 15,8 | 14,7 | 12,0 |

Gevolgtrekking:

Ook by standerd 8 is dieselfde verskynsel te bespeur naamlik dat die kennis van die betekenisvrae of te wel van die openbaringsge=skiedenis swak is wanneer ook hier daarop gelet word dat 62,5% of geen of verkeerde antwoorde verstrek het, 'n klein persentasie naam=lik 37,5% kon die regte antwoorde verstrek.

Betekenisvrae: standerd 9

Vraag i    Wat beteken „Levitikus"?

29,2% van die leerlinge sê; dit is die boek van die Leviete.

63,1% van die leerlinge het die vraag nie beantwoord nie.

7,7% van die leerlinge het ander antwoorde verskaf.

Vraag ii    Wat beteken „Numeri"?

33,0% van die leerlinge het „getalle" of „nommers" as antwoord gehad.

61,7% van die leerlinge het geen antwoord verstrek nie.

5,3% van die leerlinge het ander antwoorde verstrek.

Vraag iii    Wat beteken „Josua"?

9,8% van die leerlinge sê dit beteken „Redder."

83,0% van die leerlinge het nie die vraag beantwoord nie.

7,2% van die leerlinge het ander antwoorde verskaf.

Vraag iv    Waarheen wys die Paaslam ?

63,8% van die leerlinge sê die Paaslam wys heen na die soendood van Jesus Christus.

26,4% van die leerlinge het die vraag nie beantwoord nie.

9,8% van die leerlinge het ander antwoorde verstrek.

<u>Vraag v</u> Wat beteken die Naam „Christus"?

73,1% van die leerlinge het „die Gesalfde" as antwoord.

22,6% van die leerlinge het die vraag nie beantwoord nie.

4,3% van die leerlinge het ander antwoorde verstrek.

<u>Vraag vi(a)</u> Wat beteken dit as ons sê: „Die Twaalf Artikels is algemeen"?

41,2% van die leerlinge sê dat dit deur al die Christelike kerke aanvaar word.

49,0% van die leerlinge het die vraag nie beantwoord nie.

9,8% van die leerlinge het ander antwoorde verstrek.

<u>Vraag vi(b)</u> Wat beteken dit as ons sê: „Die Twaalf Artikels is Apostolies"?

23,1% van die leerlinge sê dit is wat die twaalf Apostels geglo en gepredik het.

70,8% van die leerlinge het die vraag nie beantwoord nie.

6,1% van die leerlinge het ander antwoorde gegee.

<u>Vraag vi(c)</u> Wat beteken dit as ons sê: „Die Twaalf Artikels is ongetwyfeld"?

41,5% van die leerlinge sê dat dit ongetwyfeld waar is.

56,9% van die leerlinge het die vraag nie beantwoord nie.

1,6% van die leerlinge het ander antwoorde verstrek.

<u>Vraag vii</u> Wat beteken die term „ware Godsdiens"?

60,9% van die leerlinge sê ‚dit is diens aan die ware God.'

32,7% van die leerlinge het geen antwoorde verstrek nie.

6,4% van die leerlinge het ander antwoorde verstrek.

<u>Vraag viii</u> Wat is die betekenis van „Gen. 3:15"?

35,9% van die leerlinge sê dit beteken dat Christus Satan sal oorwin.

35,4% van die leerlinge het die vraag nie beantwoord nie.

28,7% van die leerlinge het ander antwoorde verstrek.

<u>Vraag ix</u> Wat is die betekenis van „Pinksterdag"?

30,6% van die leerlinge sê dat dit die dag was waarop die Heilige Gees uitgestort is.

44,7% van die leerlinge het nie die vraag beantwoord nie.

24,7% van die leerlinge het verkeerde antwoorde gegee.

<u>Vraag x</u> Wat beteken dit as ons sê dat die Bybel deur God geïnspireer is?

74,7% van die leerlinge sê dat God deur Sy Gees die Bybelskrywers gelei en geïnspireer het om Sy Woord neer te skryf.

22,4% van die leerlinge het die vraag nie beantwoord nie.

2,9% van die leerlinge het ander antwoorde verstrek.

In tabel X word die resultate van standerd 9 se betekenisvrae saam=gevat.

Verduideliking van tabel X

(i) tot (x) dui die vrae aan met die totale persentasies vir regte, geen en verkeerde antwoorde deur die leerlinge verstrek.

Onder (xi) verskyn die gemiddelde persentasies van die regte, geen en verkeerde antwoorde soos deur die leerlinge verstrek.

Tabel X

| | (i) | (ii) | (iii) | (iv) | (v) | (vi) | (vii) | (viii) | (ix) | (x) | (xi) |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | % | % | % | % | % | % | % | % | % | % | % |
| regte antw. | 29,2 | 33,0 | 9,8 | 63,8 | 73,1 | 35,3 | 60,9 | 35,9 | 30,6 | 74,7 | 44,6 |
| geen antw. | 63,1 | 61,7 | 83,0 | 26,4 | 22,6 | 58,9 | 32,7 | 35,4 | 44,7 | 22,4 | 45,1 |
| verkeerde antw. | 7,7 | 5,3 | 7,2 | 9,8 | 4,3 | 5,8 | 6,4 | 28,7 | 24,7 | 2,9 | 10,3 |

Gevolgtrekking:

By standerd 9 kon net 44,6% van die leerlinge die betekenisvrae be=antwoord terwyl 55,4% van die leerlinge of geen vrae beantwoord het nie of verkeerde antwoorde verstrek het. Die diepere insig ontbreek dus ook hier by die oorgrote meerderheid van die leerlinge.

Betekenisvrae by standerd 10-leerlinge

Vraag i Wat is die betekenis van die voetwassing van die dis=sipels deur Jesus ?

38,1% van die leerlinge sê dat Christus ons wou wys wat naastediens is.

28,6% van die leerlinge sê dat Jesus daardeur wou toon dat ons ne=derig teenoor mekaar moet wees.

Vir die doel van hierdie ondersoek kan beide bogemelde antwoorde as korrek beskou word.

28,4% van die leerlinge het die vraag nie beantwoord nie.

4,9% van die leerlinge het ander antwoorde verskaf.

Vraag ii Wat is die betekenis van die „brood en die wyn" wat ons aan die nagmaaltafel gebruik ?

88,8% van die leerlinge sê dit is sinnebeeldig van die liggaam en bloed van Jesus.

4,7% van die leerlinge het die vraag nie beantwoord nie.

6,5% van die leerlinge het ander antwoorde verstrek.

Vraag iii Wat is die betekenis van die koms van Jesus Chris= tus na die aarde ?

71,1% van die leerlinge sê dat Hy gekom het om Sy lewe vir ons af te lê en ons so van ons sonde verlos.

16,7% van die leerlinge het nie die vraag beantwoord nie.

12,2% van die leerlinge het ander antwoorde verstrek.

Vraag iv Wat beteken die woord „Satan"?

8,1% van die leerlinge sê Satan beteken „teenstander."

9,1% van die leerlinge sê Satan beteken „listige."

12,5% van die leerlinge sê Satan beteken uitgeworpene.

37,7% van die leerlinge het die vraag nie beantwoord nie.

32,6% van die leerlinge het ander antwoorde verskaf.

Vraag v Wat beteken die woord „apokriewe"?

43,0% van die leerlinge sê dit beteken „nie-geïnspireerde of nie gesaghebbende boeke."

45,8% van die leerlinge het nie die vraag beantwoord nie.

11,2% van die leerlinge het ander antwoorde verskaf.

Vraag vi Wat beteken dit as ons sê: „die Bybel is 'n Kanonieke Boek"?

49,0% van die leerlinge sê dit is gesaghebbende boeke geïnspireer deur die Heilige Gees.

40,6% van die leerlinge het die vraag nie beantwoord nie.

10,4% van die leerlinge het ander antwoorde verstrek.

Vraag vii Wat beteken dit as ons sê: „Die profetiese boeke bevat 'n heilsboodskap"?

51,3% van die leerlinge sê dit voorspel die koms van Jesus Christus as Verlosser na hierdie aarde.

46,6% van die leerlinge het nie die vraag beantwoord nie.

2,1% van die leerlinge het ander antwoorde verskaf.

Vraag viii Wat is die betekenis van Pinksterdag?

39,1% van die leerlinge sê dit is die dag waarop die Heilige Gees uitgestort is.

30,9% van die leerlinge het nie die vraag beantwoord nie.

30,0% van die leerlinge het ander antwoorde verstrek.

Vraag ix Wat is die betekenis van Augustinus vir die latere Kerkvaders?

16,1% van die leerlinge sê hy het die leer oor die sonde, uitver= kiesing en genade duidelik geformuleer.

74,5% van die leerlinge het die vraag nie beantwoord nie.

9,4% van die leerlinge het ander antwoorde verstrek.

<u>Vraag x</u> Wat beteken dit as ons sê: „Die Kerk is in die bloed van die martelare gedoop"?

55,2% van die leerlinge sê dat hulle (dit wil sê die martelare) op die wreedste wyse vervolg is en dat duisende van hulle op die brandstapels of in leeukuile hul lewens verloor het ter= wille van die geloof.

42,5% van die leerlinge het nie die vraag beantwoord nie.

2,3% van die leerlinge het ander antwoorde verstrek.

In tabel Y word die resultate van standerd 10 se betekenisvrae saamgevat.

<u>Verduideliking van tabel Y</u>

(i) tot (x) dui die vrae aan met die totale persentasies vir regte, geen en verkeerde antwoorde deur die leerlinge verstrek. Onder (xi) verskyn die gemiddelde persentasies van die regte, geen en verkeerde antwoorde soos deur die leerlinge verstrek is.

Tabel Y

| | (i) | (ii) | (iii) | (iv) | (v) | (vi) | (vii) | (viii) | (ix) | (x) | (xi) |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | % | % | % | % | % | % | % | % | % | % | % |
| regte antw. | 66,7 | 88,8 | 71,1 | 29,7 | 43,0 | 49,0 | 51,3 | 39,1 | 16,1 | 55,2 | 51,0 |
| geen antw. | 28,4 | 4,7 | 16,7 | 37,7 | 45,8 | 40,6 | 46,6 | 30,9 | 74,5 | 42,5 | 36,8 |
| verkeerde antw. | 4,9 | 6,5 | 12,2 | 32,6 | 11,2 | 10,4 | 2,1 | 30,0 | 9,4 | 2,3 | 12,2 |

Gevolgtrekking:

By standerd 10 is ook wat die betekenisvrae betref 'n verrassende en verblydende resultaat gekry; hoewel dit ook nog nie is wat dit behoort te wees nie, vind ons hier 51,0% van die leerlinge wat die regte antwoorde verstrek het. Die persentasie geen antwoorde is hier baie hoog naamlik 36,8% wat weer 'n verdere bewys is dat die standerd 10-leerling eerder geen antwoord verstrek nie as om 'n risiko te loop om verkeerd te antwoord. Die gevolgtrekking waartoe die skrywer van hierdie verhandeling dus geraak, is dat die standerd 10-leerling die lewe en daarmee dan ook sy insig in die Woord van God ernstiger opneem.

Dit sal ook nou interessant wees om 'n vergelyking tussen die verskillende standerds te verkry deur middel van tabel Z en dan ook sommer 'n gemiddelde van standerd 6-10 saam.

Verduideliking van tabel Z

(i) - hier verskyn die gemiddelde persentasie van leerlinge wat regte antwoorde verskaf het.

(ii) - hier verskyn die gemiddelde persentasie leerlinge wat geen antwoorde verskaf het nie.

(iii)- hier vind ons die persentasie leerlinge wat verkeerde antwoorde verskaf het.

(iv) - hier word die gemiddelde persentasie leerlinge van al die standerds gegee.

Tabel Z

| | (i) | (ii) | (iii) |
|---|---|---|---|
| | % | % | % |
| Standerd 6 | 35,1 | 50,7 | 14,2 |
| standerd 7 | 42,2 | 44,0 | 13,8 |
| standerd 8 | 37,5 | 50,5 | 12,0 |
| standerd 9 | 44,6 | 45,1 | 10,3 |
| standerd 10 | 51,0 | 36,8 | 12,2 |
| (iv)Gem.% | 42,1 | 45,4 | 12,5 |

Gevolgtrekking:

Daar kan nou die volgende gevolgtrekking gemaak word; daar is min verskil tussen standerd 6 tot standerd 9 wat die kennis van betekenisvrae betref, die resultate is in alle geval teleurstellend en bewys net een ding en dit is dat daar nie genoeg aandag bestee word aan die Openbaringsgeskiedenis in die Bybel nie. Hier word ook dieselfde verskynsel by die standerd 10 betekenisvrae aangetref soos by die resultate van die inhoudsvrae. By standerd 10 is die persentasie leerlinge wat die regte antwoorde verstrek het, 51,0% dit is ook die enigste standerd wat oor 50% is.

Net 12,2% van die standerd 10-leerlinge het verkeerde antwoorde verstrek wat die laagste persentasie in alle standerds is, hiervan kan daar afgelei word dat hierdie leerlinge nie sommer net 'n antwoord verskaf nie, indien hulle nie die vraag kan beantwoord nie, dat hulle die vraag onbeantwoord laat. Die standerd 10-leerling het 'n ryper leerling geword.

# HOOFSTUK 4

## Evaluering van die huidige stand van Godsdiensonderrig aan die hand van gestelde kriteria

In hoofstuk 2 is kriteria vasgestel waaraan die Godsdiensonderrig behoort te beantwoord.

Hoofstuk 3 gee 'n analise van die huidige stand van die Godsdiens= onderrig aan die Transvaalse Afrikaanse sekondêre skole.

In hierdie hoofstuk moet daar nou vasgestel word of die Godsdiens= onderrig aan die gestelde kriteria beantwoord; met ander woorde hier sal nou 'n evaluering van die toetsresultate gegee word aan die hand van die kriteria soos in hoofstuk 3 gestel.

### 4. Getoets aan die Skrifkriterium

4.1 Blykens die antwoorde wat terugontvang is, vind redelik deeglike inskerping van Bybelkennis plaas, maar daar is beslis nog probleme met betrekking tot begrip van die Godsopenbaring. (vergelyk p. 165).

4.2 Dit het verder aan die lig gekom dat die Woord van God suiwer in die Godsdiensonderrig aan die leerlinge gebring word want feitlik 100% ouers is tevrede met die geloof= standpunte wat daar in die Godsdiensonderrigperiodes in= geneem word. (vergelyk p. 99)

4.3 Dit blyk verder uit die verwerking van die vraelyste dat Godsdiensonderrig die kind help om die probleme van die tyd waarin hy leef beter te begryp en hom dus beter toe= rus vir sy taak. Die oorgrote meerderheid van die leer= linge is dit eens dat die vak hulle ten opsigte van hulle lewensuitkyk verryk.(vergelyk p. 107).

4.4 Daar is geen rede tot kommer ten opsigte van die gesind= heid van die leerlinge met betrekking tot die vak Gods=

diensonderrig nie. Die oorgrote meerderheid is positief ingestel. (vergelyk p. 111). Daar is selfs daardie leerlinge wat graag die vak as verpligte eksamenvak sou wou sien. Hierdie vraag is nie direk aan die leerlinge gevra nie.

4.2 Getoets aan die vereistes van Wet 39 van 1967

4.2.1 Een van die eise van Wet 39 van 1967 is dat daar in die Godsdiensonderrig met die geloofstandpunte van die ouers rekening gehou moet word. Dié ondersoek het aan die liggebring dat die aantal onderwysers wat probleme ondervind met die feit dat die leerlinge aan 'n verskeidenheid gelowe behoort minimaal is (0,035%). Met ander woorde die oorgrote meerderheid ouers (feitlik 100%) neem genoeë met die standpunte wat in die Godsdiensonderrig ingeneem word. Godsdiensonderrig word dus oor die algemeen in ooreenstemming met die eis van die wet gedoseer, deurdat dit ooreenstem met die standpunte van die ouers. (vergelyk p. 99).

4.3 Getoets aan die eise wat die ouers mag stel aan die Godsdiensonderrig

4.3.1 86,6% van die leerlinge wat Godsdiensonderrig aan die Transvaalse Afrikaanse sekondêre skole ontvang behoort, aan die drie Afrikaans-Reformatoriese kerke, daarom is dit niks minder as reg dat die gees en rigting van hul godsdienstige opvoeding Calvinisties moet wees. 10,9% van die leerlinge behoort aan sektes. Daar was 0,9% van die leerlinge wat hierdie vraag nie beantwoord het nie. 93,4% van die leerlinge sê dat niks teenstrydigs met hul eie geloofstandpunt in die Godsdiensonderrig gedoseer word nie. (vergelyk p. 117). Daar kan dus net tot een gevolgtrekking geraak word en dit is dat die Godsdiensonderrig in ons skole die Calvinistiese gees adem.

4.3.2 Christenouers het verder ook die reg om te eis dat slegs Christelike onderwysers aangestel word, dit wil sê onder=

wysers wie se lewenswandel en geloofsoortuiging ooreen=stem met die van die Christenouer. Uit die verwerking van die vraelyste het dit aan die lig gekom dat Gods=diensonderrig op ons skole werklik in die hande is van gelowige Christenonderwysers vir wie dit 'n voorreg en genot is om die vak aan te bied. (vergelyk p. 97).

4.4 <u>Getoets aan die eise wat die kerk geregtig is om te stel ten opsigte van die Godsdiensonderrig aan die skool</u>

4.4.1 Blykens die antwoorde wat terugontvang is blyk dit dat meer as 93% leerlinge van mening is dat hul geloofstand=punte geëerbiedig word. Vir die huidige is differen=siasie in die Godsdiensonderrig nie 'n onmiddellike nood=saaklikheid nie, (vergelyk p. 117) maar dit is tog 'n belangrike aspek van die Godsdiensonderrig wat altyd die strewe van die verteenwoordigende kerke ten op=sigte van hul toekomstige belydende lidmate moet wees. Dit is verblydend om te sien dat meer as 96% van die leerlinge hul Bybels nog gereeld lees (vergelyk p. 119), asook 96,9% leerlinge wat die kerk nog gereeld besoek. (vergelyk p. 117). Uit die voorafgaande is dit dus on=teenseglik duidelik dat die Afrikanerkind nog kerkvas is en besieling put uit die gereelde lees van Gods Woord, want vir meer as 92% leerlinge het die Woord van God nog 'n besondere hoofboodskap. (vergelyk pp.120,121).

4.5. <u>Getoets aan die eise wat die staat geregtig is om te stel ten opsigte van die Godsdiensonderrig</u>

4.5.1 Die staat het 'n eis om te stel wanneer dit by die opvoe=ding van sy toekomstige burgers kom. Wat die gees en rigting in die Transvaalse Afrikaanse sekondêre skole betref, behoort die staat gerus te voel dat dit met die jeug van die volk goed gaan. Daar word mildelik voor=siening gemaak vir die godsdienstige opvoeding op skool. Godsdiensonderrig word gedoseer deur onderwysers wat die

die vak baie goedgesind is. (vergelyk p. 97).

4.5.2 Blykens die gegewens wat ingewin is, kom daar geen staat=skadende, staatsgevaarlike en sede-ondermynende elemen=te in die Godsdiensonderrig voor nie deurdat die Gods=diensonderrigsillabus vir die skool geheel gebaseer is op die Woord van God en die onderwysers dit as sodanig uitvoer. Die oorgrote meerderheid van die onderwysers wat die vraelyste voltooi het, verklaar dat die silla=busse by die verskillende standerds pas. (vergelyk p. 89).

4.5.3 Die staat eis verder dat daar met die geloofsoortuigings van die minderheidsgroepe rekening gehou moet word. Dat daar oor die algemeen aan hierdie vereiste voldoen word, blyk uit die resultate van die verwerkte gegewens. 5,7% leerlinge sê dat daar standpunte in stryd met hulle eie in die Godsdiensonderrigklas gedoseer word, maar van hierdie 5,7% leerlinge het 50,6% geen spesifieke teenstrydighede vermeld nie. Daar kan dus aangeneem word dat hulle die vraag nie reg geïnterpreteer het nie. Hul=le kan dus ook onder die „nee's" ingedeel word. 28,2% van die 5,7% leerlinge noem as teenstrydigheid, die stand=punt met betrekking tot die doop. (vergelyk p. 118).

Daar kan dus gekonstateer word dat onderwysers hulle nie aan kwetsing van andersdenkendes skuldig maak nie.

## 4.6. Getoets aan die eise van die Transvaalse Onderwysdepartement soos blyk uit sekere omsendbriewe

4.6.1 Die Departementele Omsendbriewe, asook die sillabus be=paal dat daar twee formele lesperiodes vir standerd 6- tot standerd 10-leerlinge in die Godsdiensonderrig per week moet wees. Hoewel die oorgrote meerderheid van die getoetste skole naamlik 98,4% hulle by die vereiste twee formele lesperiodes in Godsdiensonderrig hou, is

daar tog 1,6% skole wat net 1 formele lesperiode vir standerd 8-10 op hul rooster het. Dit is strydig met die Departementele vereistes. (vergelyk p. 91). Vir verdere kommentaar kyk hoofstuk 5. (vergelyk p. 179).

4.6.2 'n Verdere vereiste deur die Departement gestel, is dat daar so ver moontlik vakonderwys ten opsigte van Godsdiensonderrig moet wees. Volgens verwerkte gegewens is vakonderwys in Godsdiendsonderrig by alle Transvaalse Afrikaanse sekondêre skole ingestel. 71,2% van die Godsdiensonderrigonderwysers laat die leerlinge toetse afneem in Godsdiensonderrig deur die loop van die jaar (eksamen uitgesluit). (vergelyk p. 87).

4.6.3 'n Verdere versoek deur die Departement aan skoolhoofde is dat Godsdiensonderrig sover moontlik deur 'n beperkte getal onderwysers gedoseer moet word. Uit die verwerkte gegewens het aan die lig gekom dat:

4.6.3.1 Die oorgrote meerderheid van skole gebruik 2, 3, 4 en 5 Godsdiensonderrigonderwysers om die vak te doseer. By een skool is selfs een enkele onderwyser verantwoordelik vir die dosering van die vak.

4.6.3.2 Daar is egter gevind dat daar skole is waar daar van 8 en 11 onderwysers gebruik gemaak word om die vak te doseer.

Dit hang natuurlik nou daarvan af wat met „'n beperkte getal onderwysers verantwoordelik vir die vak" bedoel word. As daar aanvaar word dat daarmee vyf of minder bedoel word, blyk dit dat 85% van die getoetste skole hulle hou binne die raamwerk van hierdie getal, terwyl 15% van die getoetste skole tot soveel as 11 onderwysers gebruik om die vak te doseer. (vergelyk p. 81).
Dit is beslis 'n ongesonde toedrag van sake. Die senioronderwyser verantwoordelik vir die vak het 'n magdom van

werk en sal sekerlik met al die verpligtinge aan sy eie werk verbonde, nie die tyd kan afstaan met klasinspeksie om toe te sien dat die vak tot sy reg kom nie.

4.7. Getoets aan die eise van die Transvaalse Onderwysdepartement soos blyk uit die Handboek van Instruksies aan Skoolhoofde

4.7.1 Die Departement maak dit erns met die vak wanneer hy skool=hoofde versoek om toe te sien dat personeellede wat goed ge=kwalifiseerd is, sodat die vak beter en doeltreffender gedo=seer sal word, by hulle skole aangestel word. Uit die verwerk=te gegewens blyk dit dat 51,1% van die onderwysers wat die vak Godsdiensonderrig doseer, geen Universiteitsopleiding in By=belkunde het nie, (vergelyk pp. 81, 82), en verder dat 28,3% van die Godsdiensonderrigonderwysers geen besondere Godsdiens=onderrigopleiding aan Onderwyskolleges gehad het nie. (ver=gelyk p. 82). Die vraag wat nou met erns gevra moet word, is dit: Is daar so 'n tekort aan gekwalifiseerde onderwysers in die vak, of word die poste nie deur die betrokke skoolhoofde geadverteer nie ? Hier is iets waaraan die Departement be=slis aandag behoort te gee. (Kyk hoofstuk 5).

4.8. Getoets aan die eise wat Ordonnansie 29 van 1953 ten opsigte van Godsdiensonderrig stel

4.8.1 Subartikel 3 van Ordonnansie 29 van 1953 bied aan ouers die reg om te kan kies dat hul kinders van Godsdienson=derrig vrygestel word. Volgens die verwerkte gegewens is daar byna geen ouers wat van hierdie keuse gebruik maak nie, dit wil sê die ouers is tevrede met die Gods=diensonderrig soos dit in die skole gedoseer word. (vergelyk p. 99).

4.8.2 Verder word bepaal dat geen dogma wat onderskeidend is van 'n spesifieke gesindte of sekte in die skool gedoseer mag word. Uit die gegewens wat uit die vraelyste verkry is, is ouers en kinders skynbaar tevrede dat die Godsdiens=onderrig in ooreenstemming met hulle eie geloofsoortuiging

is. Dit kan een van drie dinge beteken: óf die Gods=diensonderrig word taamlik kleurloos aangebied, óf on=derwysers is baie versigtig, óf andersdenkendes gee nie om dat die Godsdiensonderrig van hulle eie oortuigings verskil nie. Eersgenoemde skyn onaanvaarbaar te wees om redes reeds voorheen genoem. Een of albei van laas=genoemde skyn dan geldig te wees.

## 4.9. Getoets aan die psigologies-pedagogiese eise ten opsigte van die Godsdiensonderrig

4.9.1 Die ondersoek het aan die lig gebring dat die sekon=dêre skoolkind vinnig in die rigting beweeg om dinge krities te ondersoek en dinge wat aan hom vertel word nie net eenvoudig te aanvaar nie. Standerd 6 wat net van die primêre skool na die sekondêre skool oorgegaan het en dus nog op die drumpel van sy sekondêre skool=loopbaan staan, is minder krities as die standerd 7-leerling, die standerd 7-leerling is weer minder krities as die standerd 8-leerling, ens. (vergelyk pp. 107-109).

4.9.2 Dit is verder verblydend dat die sekondêre skoolkind byna 93% positief ingestel is ten opsigte van die vak Godsdiensonderrig. Ook hier is daar 'n geleideli=ke daling vanaf standerd 6 tot standerd 10, (verge=lyk p. 111) terwyl die wat negatief ingestel is 'n geringe styging toon van standerd 6 tot standerd 10. (vergelyk p. 111).

4.9.3 Daar is in hierdie ondersoek daarop gewys dat die voorbeeld wat deur die Godsdiensonderrigonderwyser gestel word, navolgenswaardig moet wees, want dit is veral na hom waarna die leerlinge opsien vir hulp en leiding. Uit die ondersoek blyk dit dat die Godsdiensonderrigonderwyser aan hierdie ver=eistes voldoen, want die oorgrote meerderheid van die leerlinge sien uit na die Godsdiensonderrig=

periode. (vergelyk pp. 113-115). Verder het dit in hierdie ondersoek aan die lig gekom dat die leerlinge van mening is dat die vak hul lewensuitkyk verryk. (vergelyk pp. 107, 108). Die Godsdiensonderrigonderwyser slaag daarin om sy lewensuitkyk op sy leerlinge oor te dra.

4.9.4 Dit het verder in hierdie ondersoek aan die lig gekom dat die vak Godsdiensonderrig die kind onteenseglik help om die hedendaagse wêreldgebeure beter te begryp. (vergelyk pp. 107, 108). Opmerklik is die tanende waarde van die vak van standerd 6 tot standerd 10.

4.9.5 Een van die oogmerke van Godsdiensonderrig is om die kind te help om die baie probleme waarmee hy te kampe het op te los. Die meerderheid van die leerlinge voel dan ook dat die vak hulle help om hul probleme op te los. (vergelyk pp. 107, 108).

4.10. <u>Getoets aan die eise wat die moderne kind aan die Godsdiensonderrig stel</u>

4.10.1 Een van die belangrikste eise waaraan die Godsdiensonderrig juis vir die kind van vandag moet beantwoord, is om die kind van vandag te laat besef dat daar sin in die lewe is. Die kind moet deur die Godsdiensonderrig daartoe gelei word dat hy sal en moet besef dat daar vir hom 'n bepaalde roeping in hierdie lewe is en dat ook hy 'n taak het om te verrig. Blykens die antwoorde wat terugontvang is, blyk dit dat die Woord van God vir die oorgrote meerderheid leerlinge singewend met betrekking tot die lewe is. Die vak dien verder om die kind vir sy lewensroeping voor te berei. (vergelyk pp. 107-109, 111).

4.10.2 'n Verdere eis wat die moderne kind vandag aan die Godsdiensonderrig stel is, dat die vak so aangebied moet word dat God deur sy Woord in die Godsdiensonderrigklas tot die kind so spreek dat hy daaruit

riglyne vir die hedendaagse lewensituasie met sy baie probleme kry.

Uit die antwoorde wat terugontvang is, blyk dit dat die Godsdiensonderrig aan hierdie vereiste beantwoord. (vergelyk p. 111).

4.11. <u>Die opvoeder getoets aan die eise wat al bogenoemde aan hom stel</u>

4.11.1 Uit die verwerkte gegewens blyk dit dat die Godsdiensonderrigonderwyser hom goed kwyt van die groot taak wat op hom gelê is, daarom sien die leerlinge uit na die Godsdiensonderrigperiode. (vergelyk p. 115).

4.11.2 Die inspirasie wat van die Godsdiensonderrigonderwysers uitgaan, werk aansteeklik op die leerlinge. Hy sal wel ook 'n groot aandeel daarin hê dat die oorgrote meerderheid van leerlinge die kerk getrou besoek en ook gereeld hulle Bybels lees. (vergelyk pp. 117,119).

4.11.3 Uit die verwerkte gegewens is dit duidelik dat die Godsdiensonderrigonderwysers byna 100% met hart en siel toegewyd is. (vergelyk p. 97). Hulle verstaan die hedendaagse probleme waarmee die sekondêre skoolkind te kampe het en daarom wil die oorgrote meerderheid graag sien dat Godsdiensonderrig 'n verpligte eksamenvak moet wees. (vergelyk pp. 93, 94).

4.11.4 Ook net daardie onderwysers wie se kwalifikasies van hoë standaard is, behoort toegelaat te word om Godsdiensonderrig te gee. Die verwerkte gegewens het aan die lig gebring dat daar nog 'n te groot getal onderwysers is wat ten opsigte van kwalifikasies nie die vereiste standaard besit nie. (vergelyk pp. 81, 82). Dit moet egter nie net om kwalifikasies gaan

nie, maar ook om sy gesindheid teenoor sy vak. Die verworwe gegewens het aan die lig gebring dat die grootste getal onderwysers se gesindheid reg is ten opsigte van die vak. (vergelyk p. 97).

# HOOFSTUK 5

## 5. Aanbevelings ter verbetering van die Godsdiensonderrig in Transvaalse Afrikaanse sekondêre skole

Hierdie ondersoek het sekere leemtes ten opsigte van die Godsdiensonderrig in Transvaalse sekondêre skole aan die lig gebring. Voordat nou aanbevelings gemaak kan word ten opsigte van verbetering van die situasie, is dit nodig om kortliks die leemtes opsommenderwys aan te stip, waarna dan bepaalde aanbevelings gemaak sal word om die gebreke die hoof te bied.

### 5.1 Leemtes

5.1.1 Die getal onderwysers wat verantwoordelik vir die vak Godsdiensonderrig is, is te groot by sommige van die getoetste skole.

5.1.2 Die kwalifikasies van die onderwysers wat vir die vak verantwoordelik is, laat veel te wense oor. 51,1% van die onderwysers het geen Universiteitsopleiding in Bybelkunde nie.

5.1.3 76,1% van die Godsdiensonderrigonderwysers het geen Universiteitsopleiding in Kerkgeskiedenis nie.

5.1.4 97,8% van die Godsdiensonderrigonderwysers besit geen na-graadse kwalifikasies in Bybelkunde nie.

5.1.5 Dit het uit die ondersoek geblyk dat gewyde sang baie afgeskeep word by die aanbieding van die Godsdiensonderrigles. 88,2% van die Godsdiensonderrigonderwysers beoefen geen gewyde sang met hulle leerlinge tydens die Godsdiensonderrigles nie.

5.1.6 Daar bestaan die wanindruk by onderwyser(esse) dat aangesien daar net twee formele lesperiodes aan Godsdiensonderrig toegewys is, daar nie veel aandag aan die voorbereiding

van die vak bestee hoef te word nie.

5.1.7 Daar is bevind dat sommige van die getoetste skole net een formele lesperiode ten opsigte van standerd 8-10 op hulle rooster het, wat natuurlik strydig is met die Departementele regulasies.

5.1.8 Baie min skole het Bybelkunde al as eksamenvak by hulle skole ingestel.

5.1.9 'n Onrusbarende feit is dat 'n groot persentasie leerlinge hulle skuldig maak daaraan om in die Godsdiensonderrigpe= riode ander huiswerk te doen. Die leerlinge wat hulle volgens hul klasmaats hieraan skuldig maak wissel van 29,7% in standerd 6 tot 57.0% in standerd 10.

5.1.10 Dit het verder met hierdie ondersoek aan die lig gekom dat 'n groot persentasie leerlinge hulle volgens hul klasmaats aan gekskeerdery skuldig maak in die Godsdiensonderrig= periode.

5.1.11 Daar is 'n groot persentasie leerlinge wat volgens hul klasmaats openlik sê dat hulle nie van Godsdiensonder= rig as vak hou nie.

5.1.12 Die kennis van die Openbaringsgeskiedenis is blykens die ondersoek uiters teleurstellend. (vergelyk p. 165).

## 5.2. Aanbevelings

### 5.2.1 Getal onderwysers verantwoordelik vir die vak

Dit word aanbeveel dat die Direkteur van Onderwys onder= soek laat instel na die getal onderwysers wat by die se= kondêre skole vir Godsdiensonderrig verantwoordelik is en verder die hoofde van skole weer opdrag gee dat hier= die groot taak beslis nie aan meer as vyf personeellede

opgedra moet word nie. Dit mag miskien baie goed wees om die getal onderwysers wat vir Godsdiensonderrig verantwoordelik moet wees, vas te pen. Hier kan die leerlingtal van die skool as maatstaf geneem word.

5.2.2 Kwalifikasies van onderwysers verantwoordelik vir die vak

5.2.2.1 Dit word aanbeveel dat daar deur die Departement ondersoek ingestel word na die kwalifikasies van personeellede aan skole om te sien of daar gekwalifiseerde persone by daardie skole is maar wat vir dosering van ander vakke gebruik word. Hier word „met dosering van ander vakke" daardie vakke bedoel wat nie deur die onderwyser as hoofvak geneem is nie. Die Departement behoort toe te sien dat daardie onderwysers wat die vereiste kwalifikasies besit, die vak Godsdiensonderrig op skole doseer.

5.2.2.2 Dit word verder aanbeveel dat die Departement dit werklik as sy doel moet stel om onderwysers aan te moedig om hulle kwalifikasies ten opsigte van die vak Godsdiensonderrig te verbeter.

5.2.3 Die sillabus vir standerd 9 behels vir 'n groot deel Kerkgeskiedenis. Ook hier behoort die Departement sy besondere aandag te gee en versoeke tot universiteite wat die vak nie aanbied nie, te rig om hulle Bybelkunde opleiding in heroorweging te neem.

5.2.4 Dit word verder aanbeveel dat die Transvaalse Onderwysdepartement metodes van aanmoediging tot nagraadse studie in Bybelkunde daarstel, byvoorbeeld deur middel van groter studiebeurse. Daar word met dank kennis geneem van dit wat reeds in hierdie verband gedoen word.

5.2.5 Dit word aanbeveel dat daar deur die Departement 'n skrywe aan die skole gerig word waarin daar versoek word dat die skole moet toesien dat gewyde sang sy regmatige plek

in die sekondêre skole by die aanbieding van die Godsdiensonderrigles inneem. Groter leiding in hierdie verband is ook gewens.

5.2.6 Dit word sterk aanbeveel dat die sillabusse vir Godsdiensonderrig en Bybelkunde meer gereeld hersien word na die eise van omstandighede.

5.2.7 Onderwysers behoort, deur middel van departementele skrywes of deur middel van die betrokke inspekteurs, groter leiding te ontvang met betrekking tot die voorbereiding van Godsdiensonderriglesse.

5.2.8 Dit word aanbeveel dat die Transvaalse Onderwysdepartement deeglik ondersoek instel of skole die voorgeskrewe twee formele lesperiodes of net een formele lesperiode vir Godsdiensonderrig op hulle rooster het.

5.2.9 Die Onderwysdepartement behoort skole aan te moedig om Bybelkunde as vak in te stel.

5.2.10 Inspekteurs van onderwys behoort kennis te neem van die bewerings dat daar tydens Godsdiensonderrigperiodes gekgeskeer word en dat ander werk gedurende dié tyd gedoen word. Indien onderwysers goed vir die vak geskool is en dit toegewyd onderrig, behoort hierdie probleme te verdwyn.

5.2.11 Daar is aan die leerlinge gevra of daar van hulle maats is wat openlik sê dat hulle nie van Godsdiensonderrig as vak hou nie. Daar was 'n groot persentasie wat „ja" op hierdie vraag geantwoord het. Dit word aanbeveel dat daar na die grondoorsaak van hierdie negatiewe houding ondersoek ingestel word. Dit behoort lig te werp op sommige probleme wat daar in die Godsdiensonderrigklas heers en behoort by te dra tot die oplossing van daardie probleme.

5.2.12 Die feit dat die kennis van die Openbaringsgeskiedenis so swak is, mag moontlik aan die groot mate van ongekwalifi=

seerdheid van die onderwysers toegeskrywe word. Ook hier is aanmoediging tot verbetering van kwalifikasies hoogs gewens. Inspekteurs van Godsdiensonderrig het ook hier 'n besondere voorligtingstaak.

# HOOFSTUK 6

## SAMEVATTING

In hierdie studie is daar gepoog om vas te stel wat die huidige stand van Godsdiensonderrig in Transvaalse Afrikaanse sekondêre skole is.

In die wêreld van vandag met sy fenomenale ontwikkeling op elke denkbare gebied is dit van die grootste belang dat die kind die Woord van God as rigsnoer vir die lewe het. Die Woord van God is die enigste ware anker wat die wankelende mens van vandag staande kan hou.

Die vraag is nou of Godsdiensonderrig in ons skole daardie groot taak vervul, want dit is 'n opdrag van God dat ons ons kinders in die vrese van die Here moet opvoed. Vanaf die vroegste jare van die volksplanting het die jong groeiende volk op die vasteland van Afrika besef dat sy voortbestaan in die hand van die almagtige God is, en is daar in die skoolleerplan voorsiening gemaak vir Godsdiensonderrig op die skool.

In die Transvaalse sekondêre skole word daar deeglik voorsiening in die leerplan gemaak vir die onderrig van Godsdiensonderrig op skool. Dit lei geen twyfel dat die Transvaalse Onderwysdepartement dit werklik erns maak met die vak.

Daar is in hierdie studie sekere kriteria vasgestel waaraan die Godsdiensonderrig behoort te beantwoord. Die vereistes van die Skrif, Wet 39 van 1967, die ouers, die kerk, die staat, die Trans= vaalse Onderwysdepartement soos blyk uit sekere Omsendbriewe, die Transvaalse Onderwysdepartement soos blyk uit die Handboek van Instruksies aan skoolhoofde, Ordonnansie 29 van 1953, die psigolo= gies -pedagogiese, die moderne kind en die eise aan die moderne opvoeder is bespreek.

Daar is twee vraelyste uitgestuur ten einde die huidige stand van Godsdiensonderrig vas te stel. Vraelys I is gerig aan die Gods= diensonderwysers van twintig Transvaalse Afrikaanse sekondêre skole wat vir hierdie ondersoek uitgesoek is. Hierdie skole is verteenwoordigend van die plattelandse sowel as stedelike gebiede. Die vraelyste aan die Godsdiensonderrigonderwysers het 'n wye veld gedek. Hierin is onder andere navraag gedoen oor vakbekwaamheid van die Godsdiensonderrigonderwyser, sy metode van aanbieding, sy siening in die vak, en dissipline in die Godsdiensonderrigklas. Daar is ook ondersoek ingestel na die geloofstandpunte van die leerlinge asook na die hulpmiddels wat die Godsdiensonderrigon= derwyser in sy klas gebruik.

Uit die antwoorde op die vraelyste wat aan die Godsdiensonder= rigonderwysers gerig is, het geblyk dat daar werklik baie is om verheug oor te voel. Daar is egter ook leemtes aangedui wat op regstelling wag.

Vraelys 2 is aan dieselfde twintig sekondêre skole gestuur. Twin= tig leerlinge per standerd, dit wil sê vanaf standerd 6 tot stan= derd 10, is gevra om hierdie vraelys te voltooi. Die vrae aan die leerlinge het die volgende terreine gedek. Die leerlinge se eie opinie omtrent die vak, hul klasmaats se houding jeens die vak, vrae oor kerkverband, Bybellees en huisgodsdiens. Leerlinge het openhartig en eerlik op hierdie vrae geantwoord. In hoofstuk 4 word die bevindinge van die ondersoek geëvalueer, in hoofstuk 5, word aanbevelings gemaak wat daarop gemik is om die gebreke wat in die vorige hoofstuk oopgevlek is, reg te stel.

Oor die algemeen kan tot die gevolgtrekking geraak word dat Gods= diensonderrig op skool die ernstige aandag geniet van almal wat daarmee gemoeid is en dat die leerlinge oor die algemeen positief ingestel is teenoor Bybelonderrig. Indien die aangeduide leemtes die genoemde aandag ontvang, behoort die Onderwysdepartement en die wetgewers, die ouers en kinders, die kerk en die volk gerus te voel oor die stand van die Godsdiensonderrig in Transvaalse Afrikaanse sekondêre skole.

# SYNOPSIS

A FUNDAMENTAL AND EMPIRICAL INVESTIGATION AFTER THE CUR= RENT POSITION OF RELIGIOUS INSTRUCTION IN THE SECONDARY SCHOOLS OF THE TRANSVAAL

In this study an effort has been made to establish the current position of religious instruction in the Afrikaans medium secon= dary schools of the Transvaal.

In the modern world with its phenomenal development in every imaginable field it is of the utmost importance that the pupil should have the Word of God as a directing principle. The Word of God is the only anchor to keep the faltering modern man steady.

The question arises whether religious training in our schools succeeds in accomplishing this great task, since it is God's command that we educate our children in the fear of God. Since the earliest days of its settlement, the young and growing nation on the African continent has realised that its survival is in the hand of God Almighty, and in the school curriculum, provision has been made for religious instruction at school.

In the Transvaal secondary school definite provision is made in the curriculum for religious instruction at school. The Trans= vaal Education Department is decidedly concerned that the sub= ject should have its due.

Certain criteria have been established in this study to which religious instruction has to conform. The demands of the Bible, Statute 39 of 1967, the parents, the church, the State, the Transvaal Education Department according to the Manual of In= structions to Principals, Ordinance 29 of 1953, the psychologi= cal-pedagogical aspects, the modern child and the demands made on the modern educator are discussed.

Two questionnaires were circulated to determine the current po= sition of religious instruction. Questionnaire I was directed

to the teachers of religious instruction in twenty Afrikaans me= dium secondary schools that were selected for this study. These schools represent both urban and country schools. The question= naires to these teachers covered a wide field. Among other things, inquiries were made after the religious instructor's qualifica= tions in the subject, his method of presentation, his views on the syllabuses, the nature of the subject, ways of testing and discipline in the class. The religious attitude of the pupils and also the teaching aids used in religious instruction clas= ses were investigated.

The response to the questionnaires submitted to the teachers of the subject, religious instruction, yielded much to gladden the heart. However, certain deficiencies that still have to be rectified were also revealed.

Questionnaire II was submitted to the pupils of the same twenty secondary schools. Twenty pupils per standerd, i.e., for stan= derd six to standerd ten, were asked to complete this question= naire. The questions to the pupils covered the following as= pects: pupil's opinions regarding the subject, the attitude of their fellow -pupils towards the subject, questions about re= ligious denomination, Bible reading and family devotions. Pupils answered these questions frankly and honestly. In Chapter 4 the findings of the investigation are evaluated. In Chapter 5 recommendations are made to rectify certain weaknesses exposed in the previous chapter.

On the whole, one can conclude that religious instruction at school enjoys the serious attention of all people concerned with it and that pupils in the main adopt a positive attitude towards Bible instruction. Should the various shortcomings receive the attention suggested, the Education Department and the legislators, the parents and the pupils, the church and the nation ought to feel at ease with regard to the position of religious instruction in the Afrikaans medium secondary schools of the Transvaal.

# GERAADPLEEGDE BRONNE

## A. BOEKE


